

# *Geveg met God*

*(Die boek Job)*

*Dr. J.H. Kroeze*

## **Woord Vooraf**

In hierdie eenvoudige verklaring van die boek Job gaan ek meesal en sover moontlik - maar nie altyd nie - uit van die Afrikaanse vertaling van 1953. Nie omdat dié vertaling nie anders en beter kon lui nie, maar omdat ek my voorstel dat my lesers belangstellende Bybellesers is wat ook hulle uitgangspunt neem oor die boek Job soos dit in ons Bybel voorkom.

Wie in vertalingskwessies belangstel, word verwys na my verklaring van Job in die "Commentaar op het Oude Testament", Kok, Kampen, 1961, en na my vertaling en verklaring van Job in die reeks "Korte verklaring der Heilige Schrift met nieuwe vertaling", Kok, Kampen, 1960.

Woord Vooraf.....	1
Die titel van hierdie boek.....	4
Die aanleiding tot die geveg .....	4
Job se eerste reaksie.....	6
Die toets swaarder gemaak .....	7
Die vrou van Job.....	8
Die vriende kom .....	8
'n Man deur God aan alle kante ingesluit .....	9
Eerste antwoord van Élifas aan Job.....	11
Antwoord van Job aan Élifas.....	14
Eerste antwoord van Bildad.....	17
Antwoord van Job aan Élifas en Bildad (hfst. 9 en 10).....	18
Eerste antwoord van Sofar (hfst. 11) .....	22
Antwoord van Job aan die drie vriende (hfst. 12,13,14) .....	24
Tweede antwoord van Élifas aan Job .....	28
Tweede antwoord van Job aan Élifas (hfst. 16, 17).....	30
Tweede antwoord van Bildad (hf st. 18) .....	33
Tweede antwoord van Job aan Bildad (hfst. 19) .....	34
Tweede antwoord van Sofar (hf st. 20) .....	36
Tweede antwoord van Job aan Sofar (hfst. 21) .....	37
Derde antwoord van Élifas aan Job (hfst. 22) .....	40
Derde antwoord van Job aan Élifas (hfst. 23,24) .....	42
Derde antwoord van Bildad (hfst. 25) .....	44
Derde antwoord van Job aan Bildad (hfst. 26) .....	45
Verdere spreuk van Job (1) (hfst 27) .....	47
God het die wysheid (hf st. 28).....	49
Verdere spreuk van Job (2), hfst. 29.....	52
Verdere spreuk van Job (3) hfst. 30.....	54
Job se reinigingsede (hfst. 31) .....	56
Die optrede van Elíhu (hfst. 32 en 33).....	63
Die optrede van Elíhu (vervolg) (hfst. 34) .....	65
Die optrede van Elíhu (vervolg) (hfst. 35) .....	67
Die optrede van Elíhu (vervolg) (hfst. 36) .....	68
Die optrede van Elíhu (slot) (hfst. 37) .....	70
Die HERE antwoord Job (I) (hfst 38 en 39) .....	72
Die eerste antwoord van Job (39:34-38).....	78
Die HERE antwoord Job (II) (hf st. 40,41).....	78
Die tweede antwoord van Job (42:1-6).....	80
Slot (42:7-17).....	81

## **Die titel van hierdie boek**

Die titel van hierdie boek "Geveg met God" klink hard. Maar die boek Job is hard. Dit is 'n boek van stryd tussen God en die Satan, maar ook tussen 'n vrome en sy God. Dit is 'n boek van geweldige dinge en groot teenstellings, van verpletterende rampe, van woordstryd en kwetsende beskuldigings, van vroomheid en versoeking, van vertwyfeling en verwagting.

As gevolg van die stryd tussen God en die Satan oor Job, 'n stryd wat in Job se lewe uitgeveg word, raak Job self ook in die war en begin hy met God oor sy lot veg. Dit is nou ons onderwerp van bespreking. Die titel van hierdie boek kan dus nader omskryf word as: Die geveg van 'n vrome met sy God.

Dat 'n vrome veg met sy God! Kan dit? Mag dit? Ons sal sien! Ons wil die verloop van die geveg volg en sien wat daarvan word.

Om die verloop van die geveg te volg, sal nie altyd maklik gaan nie. Die boek Job is 'n breed opgesette digterlike boek met baie, soms wydlopige, uitweidings. Ons moet oppas vir die gevaar om "deur die bome die bos nie meer te sien nie". Die lyn wat ons wil volg, is die voortgang van die geveg van Job met sy God. Dit is 'n lyn met baie sylyne. Op die digterlike sylyne kom allerlei interessante onderwerpe aan die orde, wat soms kort, soms breed uitgewerk word. Om die hooflyn te volg, sal ons moet let op die aanleiding tot die geveg van Job met sy God, op die verloop van die geveg en die afloop daarvan.

Wat laasgenoemde betref moet ons die gang van sake vooruitloop. Oor die afloop lees ons in die laaste hoofstuk van die boek Job, waar Job sê: "So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie. Daarom herroep ek en het berou in stof en as" (42:3, 6). Hiermee erken hy dat hy probeer veg het met 'n mag buite sy bereik. Hierdie erkenning stem ooreen met die in die begin van hierdie geskiedenis as hy sê: "Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd" (1:21). Wat Job hiermee erken is dat God *soewereïn* is, d.w.s. vrymagtig: Hy kan maak soos Hy wil. God antwoord nie op Job se aanklagte nie. Hy gaan nie op sy aanvalle in nie. Hy gee geen rekenskap of verklaring nie. Van sy geding met Satan sê Hy niks nie. Dit is God se soewereïteit. Hieronder verstaan ons dat God as Skepper en Regeerder van alle dinge oor alles die absolute seggenskap het. Daaraan is alle dinge onderworpe. En dit is die onderwerp in die boek Job; daaroor gaan dit hier. Dit is die prediking, die boodskap van die boek Job. Dit is die Ou-Testamentiese illustrasie van die woorde van Paulus in Rom. 9:20: "O mens, wie is jy wat teen God antwoord?"

Die strekking van die boek Job is dus dat God soewereïn is. Die boek Job is die boek van die soewereïteit van God. En die gang van sake waaruit die soewereïteit van God blyk, is die geveg van Job met sy God.

Die titel wat ons gekies het, het dus geen betrekking op die strekking van die boek Job nie, maar op *die gang van sake* waarin die soewereïteit van God so duidelik na vore tree.

## **Die aanleiding tot die geveg**

Ons verkeer as lesers van die boek Job in 'n besondere posisie nl. dat ons agter die skerms kan kyk en weet wat aangaan. Job self sit egter in die duister wat dit betref en begryp niks van die dinge wat oor hom gekom het nie.

Wat gaan aan?

Om agter die skerms te mag kyk, beteken in hierdie geval dat ons 'n blik in die hemel mag werp. Op 'n dag, so word aan ons vertel (1 :6), kom die seuns van God om hulle voor die

HERE te stel In 2:1 lees ons weer daarvan. Dit lyk dus asof sodanige samekomste gereeld gehou is. Die tafereel herinner aan I Kon. 22 waar die profeet Miga, die seun van Jimla, sê: "Ek het die HERE sien sit op sy troon terwyl al die hemelse leërskaare by Hom staan, aan sy regter- en aan sy linkerhand" (vs. 19). In die boek Job word afsonderlik vermeld dat die Satan ook onder hulle gekom het; onder hulle, d.w.s. onder die seuns van God. In sulke uitdrukkings soos "seuns van God", "seuns van die profete", "kinders van Israel", beteken die woordjie "seun" of "kind" *behorende tot*. Dit dui dan 'n groep aan wat dieselfde eienskappe het of onder dieselfde omstandighede verkeer. "Profeteseuns" dui dan eenvoudig hulle aan wat tot die gilde van die profete behoort: profete.

Met "seuns van God" word dus bedoel hulle wat van God is, wat aan God behoort. Dit kan op verskillende maniere die geval wees, byvoorbeeld dat hulle aan God getrou is in teenstelling met hulle wat van God afvallig is (soos in Gen. 6:2), of dat hulle aan die kant van God staan in teenstelling met die stoflike wêreld. Dit is hier die geval. Daar is dus 'n samekoms van hemelwesens of engele. In die visioen van Miga word hulle die hemelse leërskaare genoem.

Die Satan is ook onder hulle. Hy is ook 'n geestelike wese. Sy naam beteken *teëstander*. Sy optrede blyk baie duidelik in die vierde gesig in die boek Sagaria, waar hy aan die hoëpriester Josua se regterhand staan om hom aan te kla. So word hy ook beskryf in Openbaring 12. Hy word daar ook draak en duivel genoem en deur Migael en sy engele uit die hemel gewerp. (Jesus het dit voorsien, Luk. 10:18.) In die hemel klink dan die juigtoon: "Die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag."

In die geskiedenis van lob is hy nog nie uit die hemel gewerp nie, maar maak hy sy verskyning onder die seuns van God. Die bewoording van 1:6 skep die indruk dat hy uit eie beweging gekom het, maar in 2:1 word uitdruklik gesê dat hy gekom het om hom voor die HERE te stel, asof hy daartoe verplig was.

Die Satan tree daar weer net so op soos hierbo aangaande hom beskryf is: hy kla Job aan! Hy beskuldig hom van onopregtheid in sy vroomheid. Intussen is dit God self wat die saak te berde bring! God begin self oor Job praat.

In die begin van die boek is Job aan ons voorgestel as 'n man wat vroom en opreg was, godvresend en wat afgewyk het van die kwaad. Dit is 'n ondubbelsinnige beskrywing van sy deugsaamheid. Daarby was hy ryk en voorspoedig, ryker as al die kinders van die Ooste. Waarskynlik vergelyk die Bybelskrywer Job met sy eie landgenote. Dan behoort Job ook tot die kinders van die Ooste en is hy geen Israëliet nie. Die kinders van die Ooste is die bewoners van die Siries-Arabiese woestyn, 'n uitgestrekte gebied waartoe o.a. die familie van Nahor en Laban (kyk Gen. 29:1) en die "Keturane", die afstammelinge van Abraham en Ketúra (kyk Gen. 25:4), behoort het. Ook Edom kan daartoe gereken word. Die naam van Job se land, Us, kom in Genesis 36:28 voor in Edomitese stamverband en in 10:23 en 22:21 in Aramese stamverband.

In hierdie gebied het dus 'n vroom man gewoon.

Wanneer was dit?

Uit die name van die vriende van Job kan ons iets aflei. Élifas is 'n Temaniet en in Gen. 36:11 is Teman 'n seun van Élifas, die seun van Esau. Die vriend van Job kan dus 'n jongere Élifas uit daardie geslag gewees het. Bildad is 'n Suhiet. Hy kan so genoem word as hy 'n nakomeling is van Suag (=Suah), 'n seun van Abraham en Ketúra (Gen. 25:2). Hierdie name bring ons dus in die periode van die aartsvaders. In die ou tye was die kinders van die Ooste bekend deur hulle wysheid (1 Kon. 4:30). Veral Teman, die land van Élifas, was 'n land van wyse mense (Jer. 49:7). Volgens Bybelse begrippe sluit wysheid vroomheid in en ook met betrekking tot die vriende van Job kan nie ontken word dat hulle wyse en vrome mense was

nie, al loop hulle beskouings eensydig en skeef - soos verder in die boek Job blyk. Godvresendheid was in daardie tye nie so vreemd as wat Abraham vermoed het nie, soos hy erken in sy gesprek met die koning van Gerar (Gen. 20).

Meer kan ons oor die plek en die tyd en die lewenshouding van Job en sy tydgenote nie sê nie.

In die hemelse samekoms vra die HERE vir die Satan waar hy vandaan kom. Hy antwoord: "Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het." Dit klink taamlik onskuldig! Petrus weet dat dit nie so onskuldig is nie; hy sê: "julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind" (I Pet. 5:8). Die HERE vra hom dan of hy ook ag gegee het op sy kneg Job. Die HERE noem hom "sy kneg", 'n ere naam wat ook Abraham (Ps. 105:6), Moses (Num. 12:7) en Dawid (II Kon. 20:6) ontvang het. Met hierdie naam erken die HERE hulle diens aan hom! In die vraag van die HERE aan die Satan klink dan ook blydschap van die HERE oor Job. Die HERE gee dieselfde beskrywing van Job as wat die skrywer in 1:1 gedoen het en voeg daaraan toe, "daar is niemand op die aarde soos hy nie". Ons het dus te doen met 'n unieke geval!

Maar nou kom die aard van die Satan na vore! Hy sê dat die vroomheid van Job nie eg is nie, nie volkome aan God self toegewy is nie, maar slegs geskied vanweë die voordeel, om die profyt. God seën hom mos met groot rykdom! Die Satan weet dus wel hoe die ware diens van God moet wees! Dat hy Job van onopregtheid beskuldig, is 'n lelike insinuasie. Hy daag God uit om al sy rykdom van Job af te neem - dan, sê hy, sal Job God in sy aangesig seën, d.w.s. afskeid van Hom neem, sy rug op Hom draai. In sy aangesig: reguit en onomwonde.

Die HERE laat die Satan toe om sy bewering te bewys. Daarmee kom Job in die moeilikheid. Die geding tussen die Satan en God word afgespeel in sy lewe. God vertrou dat Job stand sal hou, maar dit kos hom stryd. En die Satan doen al wat hy kan om Job te beroof. Net na homself, het God gesê, mag hy sy hand nie uitsteek nie.

## ***Job se eerste reaksie***

Die HERE laat die Satan toe om sy bewering te bewys.

Nou kom die vraag by ons: Mog die HERE dit doen? Mog Hy ter wille van die insinuasie van die Satan alle besittings van Job laat wegneem?

Die antwoord is ja, dit mag God doen kragtens sy albeskikkingsreg oor alle dinge, kragtens sy soewereiniteit. Ert Hy hoef aan Job ook geen verklaring te gee van sy rampspoede nie.

Job erken dit.

Die Satan het blykbaar groot mag en maak daarvan gewelddadig gebruik. Hy gebruik Sabeërs en Chaldeërs, roofsugtige stamme; hy gebruik ook natuurkragte: die vuur van God. d.w.s. weerlig, en woestyn-storms. Job se beeste en kamele word geroof, sy kleinvee word deur die onweer doodgeslaan. Ook sy dienaars wat die vee oppas, kom om. Die ergste is dat 'n woestynwind die huis van die oudste van sy seuns inmekaar laat stort, terwyl al sy kinders daarin was by 'n feestelike maaltyd. Sy kinders word dus ook gereken tot sy aardse besittings. Al wat ontkom is die een wat telkens die berig van die ramp aan Job bring: vier "Jobsbodes" op een dag.

Toe het Job opgestaan en bedroef en ontstel oor soveel rampe sy mantel geskeur en sy hoof geskeer. Die hare is 'n sieraad wat nie by rou pas nie. Job is nou 'n arm man, maar hy het in aanbidding op die grond geval. Hy "seën", d.w.s. hy vloek God nie, draai nie sy rug op Hom nie, maar aanbid Hom in die erkenning van sy vrymag, sy soewereiniteit. Hy weet nie

waarom die ramp hom tref nie; hy vra ook nie daarna nie; hy erken God se vrymag: Hy het gegee -Hy mag ook neem! Naak, sê hy, d.w.s. sonder besittings, het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer.

Daarheen! Waarheen? Na die skoot van sy moeder? Maar dit kan mos nie - so het Nikodémus later nugter opgemerk. Maar lees nou Psalm 139:15. Daar sê die digter dat sy gebeente kunstig geweef is in die dieptes van die aarde. Dit behoort dus tot die digterlike wêreldbeskouing om die moederskoot en die skoot van die aarde waaruit alles voortkom, gelyk te stel. Die digterlike voorstelling vind ons ook hier in Job se woorde: hy keer terug in die skoot van die aarde!

In aanbidding sê Job, "die Naam van die HERE sy geloofd! "

In hierdie eerste uitspraak van Job word dus die soewereiniteit van God, soos gesê die hoofinhoud van hierdie Bybelboek, erken.

En deurdat Job dit erken, verloor die Satan teen God. Job is wat God gesê het: vroom en opreg. Immers: "By dit alles het Job nie gesondig en aan God niks ongerymds toegeskrywe nie." Hy het God nie "geseën" nie.

### ***Die toets swaarder gemaak***

By die volgende hemelse samekoms (2:1) is die Satan weer aanwesig. Op die vraag van die HERE waar hy vandaan kom, gee hy dieselfde antwoord as die eerste keer en oor Job sê hy niks nie. Hy het ook niks om te sê nie, want hy is die verloorder. Juis daarom begin die Here oor Job praat. Hy sê: "hy volhard nog in sy vroomheid, alhoewel jy My teen hom opgehits het om hom te vernietig sonder oorsaak", d.w.s. met 'n valse beskuldiging.

Die Satan wil nie toegee dat hy verloor het nie. Hy sê: "Huid vir huid." By hierdie origens onbekende uitdrukking sal ons moet dink aan die afgestroopte beesvel wat in die ou tye as betaalmiddel gedien het. Dan beteken die uitdrukking: gelyke waarde vir gelyke waarde, m.a.w. eerlik bly! Op bedekte wyse beskuldig die Satan die HERE daarvan dat Hy eintlik nie heeltemal eerlik was nie, deurdat Hy Hom te gou die oorwinning in die geskil oor Job se vroomheid toegeëien het. 'n Mens sal immers alles wat hy het, gee vir sy lewe en Job se lewe is nie bedreig nie. Die HERE het die Satan mos 'n beperking opgelê: "net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie". Die Satan het daarteen geen beswaar gehad nie. Sy bewering was mos dat Job ter wille van sy besittings godsdienstig was. Maar agterna maak hy tog beswaar. Hy sê: "Tas sy gebeente en sy vlees aan - waarlik, hy sal U in u aangesig seën!"

Die Satan stel nou 'n swaarder eis. Was dit wel heeltemal eerlik? Maar weer gee die HERE toe, so oortuig is Hy van die opregtheid van Job. Tog maak die HERE weer 'n beperking: "spaar net sy lewe". Job mag van wat die Satan hom aandoen, nie doodgaan nie. Dit is God se bewarende hand oor Job.

Die Satan het hierteen geen beswaar nie. Natuurlik nie, want as Job sterf, kan hy God nie meer vloek nie en dit is juis wat die Satan graag wil hoor. Trouens, om in sy vroomheid te volhard, moet Job ook in die lewe bly. Maar verder word Job oorgegee aan die planne van die Satan. Hardhandig pak hy Job aan. "Hy het Job met bese swere getref, van sy voetsool tot sy skedel." Ook dit was dus in die Satan se mag!

Met sy swere sit Job in die as of in die stof. Dit is 'n rougebruik. Sy swere is so erg dat hy 'n potskerf neem om hom daarmee te krap. Sal Job God nou "seën", sy rug op Hom draai?

Dit wag die Satan af.

Die toestand het 'n sekere tyd voortgeduur, sodat die houding van Job aan die lig kan kom.

Job het na veel stryd weer uitgekom by die erkenning van God se absolute soewereiniteit. Toe het God - nie die Satan nie, maar God - die lot van Job verander.

Intussen is dié tyd die eintlike proeftyd, die tyd waarin Job sy rampe en sy lyding geestelik moet verwerk.

### ***Die vrou van Job***

Terwyl Job in die stof sit, kom sy vrou by hom. Sy is nou ook arm en van kinders beroof. Hoe is haar reaksie? Dit blyk uit wat sy vir Job sê: "Volhard jy nog in jou vroomheid?" Sy kon dit nie begryp nie. Vir haar het vroomheid by so baie rampe geen sin en geen rede meer nie. Om in sulke omstandighede nog trou aan God te bly, is sekerlik 'n swaar geestelike inspanning. Sy self sien daarvoor blykbaar nie kans nie. Sy sê vir haar man: "Seën God, en sterf!" Dit sal makliker wees as om te volhard in vroomheid. Gee die stryd maar op! "Moenie eens die moeite doen nie." Sy sien nie in dat Job deur dit te doen, sy God ook sou verloor nie. Maar dit is vir Job die ergste wat hy kan bedink. Hy hou aan sy God vas in al sy rampspoed.

Die vrou raai haar man dus aan om juis dit te doen wat die Satan wens hy moet doen. Sy is sy verleidster, net soos die vrou in die tuin van Éden. Maar Job laat hom nie verlei nie! Hy antwoord haar: "Soos 'n dwaas praat, praat jy!" Ongeloofstaal is vir die gelowige soos dwaasheid. (En ook omgekeerd!) Hy sê: "Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?" Met hierdie woorde erken hy weer die soewereiniteit van God, sy beskikkingsreg oor sy gawes en die weerhouding daarvan. Sy tweede antwoord pas by die eerste, in Job 1:21.

Die skrywer sê aangaande Job: "By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie." Hierdie laaste woorde is opvallend. Daar kom geen verkeerde woord oor sy lippe nie! Maar hoe lyk dit in sy hart? Dit sal later blyk.

### ***Die vriende kom***

Nadat Job ook die tweede en swaarste toets deurstaan het, verwag ons 'n uitspraak waarin die uitslag van die saak ten gunste van God afgekondig word en ook dat die lyding van Job nou beëindig word. Dit dien mos geen doel meer nie!

Maar die voortsetting van die boek Job is anders!

Job se lyding duur voort. Die Satan, wat dit veroorsaak het omdat hy dit nodig gehad het vir sy proefneming, maak daar geen einde aan nie. Hy sou daartoe nooit oorgaan nie. Dit lê nie in sy aard om lyding te beëindig nie. Maar die HERE maak ook nie dadelik 'n einde daaraan nie. Hy gaan nou self verder om Job te toets. Hy wil ook sien hoe sy kneg hom verder gedra teenoor Hom, wat altyd sy God was. Die karakter van die boek Job word nou anders. Natuurlik bly die Satan luister of Job nie tog nog iets sal sê waaruit hy munt kan slaan nie. Maar dit het nie gebeur nie. Die eerste uitsprake van Job was beslissend. Dit gaan nou verder tussen God en Job.

Die vriende kom en hulle voer lang gesprekke met Job. In die gesprekke spreek Job oor homself en kom aan die lig wat in hom omgaan. Deur middel van sy vriende en hulle houding toets GóD nou vir Job.

Die vriende het gehoor van al die onheile wat Job getref het. Hulle bly in verskillende plekke, maar het een punt afgespreek waar hulle mekaar sou ontmoet. So kom hulle tegelyk by Job aan. Hierdie reëlins het tyd geneem en al die tyd verkeer Job in sy ellende.

As hulle naderkom, sien hulle Job sit, onherkenbaar vanweë sy armoede en siekte. Al



wenende kom hulle nader, skeur hul klere en gooi stof op sodat dit weer op hulle koppe val. So kom hulle by Job aan en gaan by hom op die grond sit, sewe dae en sewe nagte lank, sonder dat iemand 'n woord met hom gepraat het. Dit is 'n eg Oosterse wyse van medelye. Hulle sien dan ook dat die smart baie groot is.

### ***'n Man deur God aan alle kante ingesluit***

- 3:1 Daarna het Job sy mond oopgemaak en sy dag vervloek.  
3:2 En Job het begin en gesê:  
3:3 Mag die dag vergaan waarop ek gebore is, en die nag wat gesê het: 'n Seun is ontvang.  
3:4 Mag dié dag duisternis wees; mag God nie na hom vra daarbo nie en geen ligglans oor hom skyn nie.  
3:5 Mag duisternis en doodskaduwee hom opeis, 'n wolkgevaarte oor hom gaan lê, dagverduistering hom verskrik.  
3:6 Daardie nag — mag donkerheid hom wegruk, mag hy nie bly wees onder die dae van die jaar, in die getal van die maande nie kom nie.  
3:7 Ja, mag dié nag onvrugbaar wees, geen gejubel tot hom deurdring nie.  
3:8 Mag die dagvervloekers hom verwens, hulle wat die kuns verstaan om die Leviátan op te hits.  
3:9 Mag die sterre van sy môreskemering verduister word; mag hy wag op lig, maar tevergeefs, en die ooglede van die dageraad nie sien nie.  
3:10 Omdat hy vir my nie toegesluit het die deure van die moederskoot nie en moeite vir my oë nie verberg het nie.  
3:11 Waarom het ek nie gesterf by die geboorte, nie uitgegaan uit die moederskoot en die asem uitgeblaas nie?  
3:12 Waarom het knieë my teëgekom, en waarom borste, dat ek moes drink?  
3:13 Want dan sou ek daar gelê en stil gewees het; ek sou geslaap, ek sou dan rus gehad het,  
3:14 saam met konings en raadsmanne van die aarde, wat puinhoop weer opgebou het vir hulleself;  
3:15 of saam met vorste wat goud besit, wat hulle huise met silwer gevul het.  
3:16 Of ek sou, soos 'n weggestopte misgeboorte, nie bestaan het nie, soos kinders wat die lig nie gesien het nie.  
3:17 Daar hou die goddelose op met woel, en daar rus hulle wie se kragte uitgeput is.  
3:18 Die gevangenes is almal saam gerus; hulle hoor die stem van die drywer nie.  
3:19 Klein en groot is daar gelyk, en die slaaf is vry van sy heer.  
3:20 Waarom gee Hy lig aan die ellendige en lewe aan die wat verbitterd is van siel;  
3:21 wat wag op die dood, en hy kom nie; en meer na hom grawe as na verborge skatte;  
3:22 wat bly sou wees met gejuig, hulle sou verheug as hulle die graf kon vind?  
3:23 Waarom gee Hy lig aan 'n man wie se weg verborge is, 'n man wat deur God aan alle kante ingesluit is?

Job wag nie tot die vriende begin praat nie. As hulle sewe dae en sewe nagte swyend langs hom gesit het, kan hy dit nie langer uithou nie. Hy bars uit in 'n verwensing: "Mag die dag vergaan waarop ek gebore is." Hy vervloek sy dag, d.w.s. sy geboortedag en daarmee die feit dat hy gebore is. Om nie te bestaan nie sou beter gewees het as die bestaan wat hy nou voer. Die vervloeking van sy dag word op digterlike wyse breed uitgewerk. Ons vra ons af of Job self so digterlik gepraat het terwyl hy in die stof sit, en of die skrywer van die boek die breë digterlike uitwerking aan sy woorde gegee het. Hierdie vraag keer telkens terug by die lees van die boek Job en die lang redevoeringe van die verskillende sprekers. Ek is geneig om die digterlike uitweidings op rekening van die Bybel-outeur te plaas. Jeremia het ook sy dag

vervloek (Jer. 20:14-18). Hy gebruik ook felle woorde, maar neem nie so 'n hoë digterlike vlug nie.<sup>1</sup>

Sy geboortedag, sê Job - en dan verpersoonlik hy die dag - het die deure van die moederskoot vir hom nie toegesluit nie. As die dag dit wel sou gedoen het, sou hy moeite vir sy oë verberg het. Dit is wat Job nou wens! Hy aanvaar dus nie meer gewillig die slegte wat God stuur nie. Op dié vlak het hy nog gestaan toe sy vrou met hom gepraat het. Nou staan hy nie meer daar nie. Wat hy nou wil, is nie-gebore-wees-nie; dan sou hy nie hoef te ondervind, wat hy nou moet ondervind nie.

'n Ander uitkoms sou gewees het om by sy geboorte te gesterf het. Dan sou hy nie op aarde wees nie, maar by die dooies. Ook dan sou hy die ellende waarin hy nou is, misgeloop het. Die vertoef by die dooies beskryf hy in vs. 13-15. Dit is weer 'n uitweiding, nou oor die doderyk soos die ou Oosterling hom dit voorstel. In vs. 17 gaan hy daarmee voort nadat hy ook die moontlikheid geopper het dat hy soos 'n misgeboorte weggestop kon wees. Dit sou bestaanloosheid beteken.

Hierdie gemoedsgesteldheid van Job is die teenstelling van lewensaanvaarding. As die lewens anders is as ellende nie, dan kan Job dit nie langer aanvaar nie. Ons wat - al is dit soms ook onder die moeilikste omstandighede van armoede en ellende - almal tog iets in die lewe oorgehou het, kan Job maklik veroordeel. Maar dit pas ons nie. Dis natuurlik waar dat Job diep weggesink het in hopeloosheid. Ons geloofsbesinning sê in ons hart dat 'n mens altyd tot God moet vlug. Maar bedink wat die vriende gesien het: dat die smart baie groot was! Dan huiwer ons om kritiek op Job se houding uit te spreek - hoe tereg die kritiek teoreties ook al sou wees!

Maar is dit wel so dat Job nie tot God vlug nie?

As hy sy verwensings uitgespreek het, kom tog iets anders in hom na vore! Hy gaan voort met die vraag na die WAAROM? Waarom God so maak? Want dat dit God is wat dit hom aandoen, weet ons; maar dit weet hy self ook. Maar waarom moet hy afgedruk word tot 'n dieptevlak van geestelike toestand wat erger is as om beroof te wees van alles en in siekte te sukkel?

Eers stel Job die vraag in die algemeen: "Waarom gee Hy lig aan die ellendige?" (vs. 20-23). Maar dan spits hy die vraag *toe op* homself en noem homself 'n man wie se weg verborge is, 'n man wat deur God aan alle kante ingesluit is. So sien hy sy toestand. Sy weg is verborge. Hy sien geen toekoms nie. En dit is God, so sê hy uitdruklik (vs. 23), wat dit doen.

In sy goeie dae is van Job gesê God beskut hom aan alle kante (1:10); maar nou sluit God hom aan alle kante in. In albei gevalle word dieselfde bewoording gebruik, maar die een keer in gunstige, die ander keer in ongunstige sin.

Wat dit beteken dat God iemand insluit, het Jeremia, wat ook sy dag vervloek het, breër omskryf:

Hy het my omsingel met 'n bouwerk van gif en moeite Hy het my toegemuur, sodat ek nie kan uitkom nie. Hy het my toegemuur met gekapte klip (Klaagl. 3 :5-9).

En waarom doen God dit nou? Dié vraag het Job nog nie eerder gestel nie. Natuurlik is daar kritiek in die vraag opgesluit. En die kritiek is onbetaamlik teenoor God. Dit is so. Maar daar is ook 'n ander kant van die saak. Ten eerste blyk daaruit dat Job besef hy het met God te

---

<sup>1</sup> Ons gaan nie verder op die verklaring van die digterlike uitsprake in nie, omdat ons die hooflyn van die boek Job wil volg en hierdie geskrif beknop wil hou. Vir nadere verklaring verwys ek na my Job-verklaring in die reeks COMMENTAAR OP HET OUDE TESTAMENT, Kok, Kampen, 1961 of in: Korte Verklaring met nuwe Vertaling, Kok, Kampen, 1960. Dit geld ook vir ander gedeeltes wat in hierdie geskrif minder aandag kry.

doen en voorts dat hy verbaas is oor die groot verandering in sy lot. Juis omdat hy nie sy rug op God draai nie, wil hy weet wat nou aangaan tussen hom en sy God. Dit sou vir hom onverskillig wees as hy God sou "seën". Wie God loslaat, het geen behoefte aan "waaroms" nie! So iemand verwerp alles. Maar Job wil helderheid in sy duistere lewe hê. Daarom kan ons sê met die vraag "Waarom" begin die "geveg van Job met God".

Job kry op sy vraag geen antwoord nie.

Ons weet die antwoord: dit gaan om die oorwinning van God teen die aantygings van die Satan! Maar dit kan God nie vir Job sê nie. Nie in die begin of later het God dit gedoen nie al dink ons dat God dit toe wel kon doen.

Daar is dus 'n antwoord op Job se vraag "Waarom". Maar God hoef die antwoord nie te gee nie, omdat Hy soewerein is. Daarom sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, ons ook! Nie by Job nie, omdat ons hier agter die skerms kon kyk; maar wel wat betref ons eie lewensgang en die gang van die geskiedenis. Ons moet berus in die gedagte dat God sy motiewe het.

Job tas in die duister. Hoe kan hy daaruit ooit weer opklim tot die lig van blydschap in God? Hy eindig sy eerste uitspraak met 'n versugting:

3:24 Want soos my brood kom my gesug, en my gebrul word uitgestort soos water.

3:25 As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe.

3:26 Ek het geen kalmte en geen stilte en geen rus nie, of daar kom die onrus!

### ***Eerste antwoord van Élifas aan Job.***

4:1 Toe antwoord Élifas, die Temaniet, en sê:

4:2 As 'n mens dit met 'n woord by jou waag, sal jy ontstemd wees? Maar woorde inhou — wie kan dit?

4:3 Kyk, jy het baie mense tereggewys en slap hande versterk.

4:4 Jou woorde het opgerig die wat struikel, en jy het knikkende knieë versterk.

4:5 Maar nou dat dit jōú oorkom, is jy moedverlore; nou dat dit jōú tref, is jy verslae!

4:6 Is jou Godsvrees nie jou hoop, jou vrome wandel nie jou verwagting nie?

4:7 Bedink tog, wie het ooit onskuldig omgekom, en waar is opregtes verdelg?

4:8 Volgens ek gesien het: Die wat onreg ploeg en moeite saai, dié maai dit.

4:9 Deur die asem van God kom hulle om, en deur die geblaas van sy toorn word hulle vernietig.

4:10 Die gebrul van die leeu en die stem van die bruller — ja, die tande van die jong leeus word uitgebreek.

4:11 Die leeu kom om by gebrek aan prooi, en die kleintjies van die leeuin word verstrooi.

4:12 Verder is 'n woord op geheimsinnige wyse na my gebring, en my oor het 'n gefluister daarvan opgevang,

4:13 by die gedagtespel, uit naggesigte gebore, wanneer diepe slaap op die mense val.

4:14 Skrik het oor my gekom en siddering en het my hele gebeente laat bewe.

4:15 Toe skuif daar 'n gees voor my verby; die hare van my vlees het opgerys.

4:16 Hy bly staan, maar ek kon sy gedaante nie herken nie — 'n verskyning voor my oë! Ek hoor die gefluister van 'n stem wat sê:

4:17 Sou 'n sterfling regverdig wees voor God? Of 'n man rein wees voor sy Maker?

4:18 Kyk, in sy dienaars stel Hy geen vertrouwe nie, en by sy engele ontdek Hy dwaling.

4:19 Hoeveel meer by hulle wat kleihuise bewoon, van wie die grondslag in die stof is, wat fyngedruk word soos 'n mot.

4:20 Tussen môre en aand word hulle verpletter; hulle kom vir ewig om sonder dat iemand daar ag op gee.

4:21 Word hulle tentlyn nie losgeruk in hulle nie? Hulle sterwe, en dit sonder wysheid.

Nou begin die vriende praat. Élifas is die eerste. Hy besef dat dit moeilik sal wees om met Job te praat, maar hy kan nie stilbly nie (4:2). Hy het dus wel iets op die hart!

Nie baie taktvol nie, begin hy met 'n verwyd. Job self het mense in teëspoed dikwels bemoedig en vertroos, maar nou dat dit homself tref, is hy moederloos en verslae (4:5). Origenes is Élifas tog versigtig en hy sê nie reguit wat hy dink nie; in wye draaie beweeg hy daaromheen. Wat hy dink, is dat Job se rampe straf is op sy sonde of op 'n sonde van hom. Die ander vriende dink dit ook. In die voortgang van die gesprekke word die gedagte al duideliker uitgespreek. Élifas begin egter deur te herinner aan Job se godsvrug en vrome wandel en vra of dit nie sy hoop en verwagting is nie. Onskuldiges kom nie om nie en opregtes word nie verdolg nie. Hy vergelyk die goddelose met 'n leeu (dieselfde beeld in Nah. 2:11) en sê dat dit uitgeroei word (vs. 9-11). Hierdie gedagte oor die verband tussen jou lewensgedrag en jou lewenslot is op sigself nie onjuis nie. Met die regverdigte sal dit goed gaan, maar wees die goddelose! Met hom gaan dit sleg (Jes. 3:10 en 11). Psalm 37 is vol van dié gedagte. In die gedagtegang van die vriende is die stelling, "met die goddelose gaan die sleg", ook in omgekeerde vorm toegepas: As dit met iemand sleg gaan, dan is hy goddeloos! Hoe diep die gedagte gewortel was, blyk as Jesus dit nog by sy dissipels moet weerlê (Joh. 9:1-3). Die antwoord van Jesus dat daar agter die blindheid van die blindgeborene geen bepaalde sonde steek nie, maar dat die werke van God in hom geopenbaar moet word, is vir ons ook 'n leidraad in die geval van Job!

Die vriende dink ook dat Job gesondig het. Baie versigtig benader Élifas die saak nou van die gunstige kant: jy kan tog hoop omdat jy vroom is! Maar dit kan Job nie troos nie. Hy is oortuig van sy onskuld.

Sy moeilikheid is juis dat God met hom van die reël afwyk. Of hou God met hom juis terdeë rekening met hierdie reël? Bedoel Élifas dit? Dan krenk sy woorde vir Job; dan bevat hulle 'n bedekte aanklag. Job se probleem was nie: "is ek wel vroom en godvrugtig?" nie, maar "waarom handel God so met 'n vroom en godvrugtige man?"

Job het die vraag na die "waarom" gestel (3:23). Maar nou kry hy 'n antwoord waarmee hy beslis nie kan saamstem nie.

In vers 12 e.v. roer Élifas die kwessie van vroomheid van 'n ander kant aan as hy sê dat hy 'n openbaring ontvang het, waarin onder huiweringwekkende omstandighede in sy oor gefluister is: Sou 'n sterfing regverdig wees voor God? Of 'n man rein wees voor sy Maker? Die openbaring kom dus in die vorm van 'n retoriese vraag. Die antwoord is ontkennend! Dit is ook in ooreenstemming met die geheel van die openbaring. "Daar is geen mens wat nie sondig nie", I Kon. 46a; kyk verder Ps. 143:2b; Rom. 3:23; Gal. 2:16. Omdat Élifas in die woorde van Job alle skulderkennis gemis het, (hfst. 3) dink hy - en tereg - dat Job homself onskuldig verklaar. Dan slaan hy met sy openbaring die grond onder Job se voete uit!

Die openbaringswoorde het Job inderdaad diep geskok, soos later blyk.

Opmerklik is die manier waarop Élifas die gedagte verder uitwerk. Hy verklaar die openbaringswoorde nie deur op die sondigheid van die mense te wys nie, maar op hulle nietigheid. Hulle bewoon kleihuise, d.i. stoflike liggame, en word soos motte platgedruk. In hierdie geval is die toepassing van Élifas op sy openbaring nie in ooreenstemming met die geheel van die openbaring nie. Die mens is wel nietig, maar nie dáárom verwerplik nie! Hy is wel magteloos. Dat Élifas daarop wys, was ontmoedigend vir Job in sy "geveg met God".

- 5:1 Roep maar — is daar iemand wat jou antwoord gee? En na wie van die heiliges sal jy gaan?
- 5:2 Want verbitterdheid vermoor die dwaas, en naywer maak die domme dood.
- 5:3 Ek self het gesien hoe 'n dwaas wortel skiet; maar skielik het ek sy woning vervloek.
- 5:4 Ver is sy kinders van geluk; en hulle word verbrysel in die poort sonder dat iemand red.
- 5:5 Wat hy geoes het, eet die hongerige op, en dié haal dit selfs uit die doringheining uit; en die ondergang hyg na hulle rykdom.
- 5:6 Want onheil kom nie voort uit die stof, en moeite spruit nie uit die grond nie.
- 5:7 Maar die mens word vir moeite gebore soos die vonke boontoe vlieg.
- 5:8 Maar wat my aangaan, ek sou na God vra en my saak aan die Godheid voorlê,
- 5:9 aan Hom wat groot dinge doen en ondeurgrondelike, wonders sonder getal;
- 5:10 wat reën gee oor die aarde en waters uitstuur oor die velde;
- 5:11 om nederiges op 'n hoogte te stel daarbo; en die wat in die rou is, verkry die hoogste geluk.
- 5:12 Hy wat die planne van listige mense verydel, sodat hulle hande niks kan uitrig wat standhou nie;
- 5:13 wat die wyse manne vang in hulle listigheid, en die raad van die slinkse mense misluk van haastigheid.
- 5:14 Oordag stuit hulle op duisternis, en soos in die nag tas hulle rond op die middag.
- 5:15 So verlos Hy dan van die swaard wat kom uit hulle mond, en die behoeftige uit die hand van die sterk man.
- 5:16 So is daar dan verwagting vir die arme; en ongeregtigheid hou die mond toe.

Vir Job wat ook 'n mens is soos 'n mot, sê Élifas twee dinge; eers "Roep maar", ens. (vs. 1 van hfst. 5) en dan: "Ek sou na God gaan" (vs. 8 e.v.). Hierdie twee raadgewings vul mekaar aan. Met "roep maar" bedoel hy: dit help jou tog niks, want niemand luister na jou nie. Hy sê dit met die oog op wat Job in hfst. 3 gesê het. Élifas vind dit dwaas om so verbitterd te wees (vs. 2) - 'n mens gaan daardeur te gronde. Onheil en moeite is ten slotte onvermydelik; hulle is nie soos plante rondom jou nie maar behoort tot jou bestemming en spat op uit jou bestaan soos vonke uit die vuur (vs. 6 en 7).

Job moet iets anders doen: na God gaan en Hom vra. Élifas bedoel hy moet 'n ander toon aanslaan teenoor God. Van God kan jy iets verwag omdat Hy groot is. So is daar dan verwagting vir die arme. Tot Élifas se beskrywing van die grootheid van God behoort ook die vermelding van sy wysheid. Hy sê (o.a.), "wat die wyse mense vang in hulle listigheid". Ons wys hierop omdat hierdie woorde deur Paulus aangehaal word, in I Kor. 3 :19, ". . . want daar is geskrywe (Job 5:13a): Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang". (Dit is die enigste sitaat uit die boek Job in die Nuwe Testament!)

Dat Paulus hier vir Élifas aanhaal, beteken dat hierdie uitspraak van hom heeltemal juis is. Paulus bewys hiermee dat die wysheid van hierdie wêreld dwaasheid is by God. Dat Élifas die nadruk lê op die wysheid van God, kan ook weer bedoel wees om Job 'n steek te gee. Job vra immers na die "waarom" van God se optrede jeens hom (3:23).

Intussen stel hierdie aanhaling ons voor 'n gewigtige vraag, nl. is die woorde van Élifas (en van sy vriende) betroubaar soos woorde van God self? Hierdie aanhaling in I Korinthiërs sou ons dit amper laat glo! Maar God het self gesê (42:7) dat die vriende nie reg van Hom spreek het nie! Paulus het met sy aanhaling seker nie bedoel dat die vriende in hulle beoordeling van Job reg was nie. Maar die vriende het in hulle betoog wel dinge gesê wat "op sigself" volkome waar is, soos in hierdie geval die vermelding van die wysheid van God. En daartoe is die instemming van Paulus in sy aanhaling beperk.

- 5:17 Kyk, gelukkig is die man wat God kasty; verwerp daarom die tugtiging van die Almagtige nie.
- 5:18 Want Hy doen smart aan, maar verbind ook; Hy verbrysel, maar sy hande maak gesond.
- 5:19 In ses benoudhede sal Hy jou red, ja, in sewe sal geen onheil jou tref nie.
- 5:20 In hongersnood verlos Hy jou van die dood en in die oorlog uit die mag van die swaard.
- 5:21 As die tong gésel, word jy weggesteek; en jy hoef nie te vrees vir verwoesting as dit kom nie.
- 5:22 Oor verwoesting en broodsgebrek sal jy lag, en vir die wilde diere van die aarde hoef jy nie te vrees nie.
- 5:23 Want met die klippe van die veld is jou verbond, en die wilde diere van die veld is met jou bevriend.
- 5:24 En jy sal uitvind dat jou tent in vrede is; en as jy op jou woonplek rondkyk, sal jy niks vermis nie.
- 5:25 Ook sal jy uitvind dat jou kroos talryk is en jou nakomelinge soos die plante van die aarde.
- 5:26 Op rype leeftyd sal jy na die graf gaan, soos 'n koringgerf ingebring word op sy tyd.
- 5:27 Kyk, dit het ons nagespeur, so is dit; hoor dit, en neem jy dit ter harte.

Élifas sluit sy eerste antwoord aan Job af met 'n uitspraak oor kastyding of tugtiging (vs. 17-26). Kastyding is iets anders as straf. God straf in toorn, maar die HERE kasty hom wat Hy liefhet (Spr. 3:11). Élifas begin met 'n algemene uitspraak: "gelukkig is die man wat God kasty"; daarna rig hy hom tot Job persoonlik met die vermaning: "verwerp daarom die tugtiging van die Almagtige nie". Hy beskou dus Job se rampe as 'n tugtiging. Tog volg kastyding en tugtiging ook op sonde en oortreding. Maar Job meen dat daar by hom geen rede vir tugtiging is nie. Daarom word hy nie deur die inderdaad pragtige uitspraak van Élifas vertroos nie!

### **Antwoord van Job aan Élifas**

- 6:1 Maar Job het geantwoord en gesê:
- 6:2 Ag, was my verdriet maar goed geweeg en my ongeluk meteens in 'n skaal opgehef!
- 6:3 Ja, dan sou dit swaarder wees as die sand van die see; daarom is my woorde onbedagsaam.
- 6:4 Want die pyle van die Almagtige is in my, waarvan my gees die gif indrink; die verskrikkinge van God stel hulle teen my op.
- 6:5 Balk die wilde-esel by die grasspruitjies? Of bulk 'n bees by sy voer?
- 6:6 Word iets wat laf is, sonder sout geëet? Of is daar smaak in die wit van 'n eier?
- 6:7 My siel weier om dit aan te raak; dit is net soos my walglike spys.
- 6:8 Ag, mag my bedde maar uitkom, en mag God my verwagting maar gee!
- 6:9 En mag dit God behaag om my te verpletter, sy hand uit te strek en my af te sny!
- 6:10 Dan sou ek nog troos hê; ja, ek sou van vreugde opspring in onbarmhartige smart; want die woorde van die Heilige het ek nie verloën nie.
- 6:11 Wat is my krag, dat ek sou kan wag; en wat my uiteinde, dat ek geduldig sou wees?
- 6:12 Is my krag 'n krag van klip of my vlees van koper?
- 6:13 Is ek dan nie hulpeloos in myself nie, en is redding nie vir my weggedrywe nie?

Job kla dat Élifas sy verdriet en ellende nie reg besef nie, maar deur *die grootte daarvan was sy woorde onbedagsaam*. Hy bedoel met "sy woorde" wat hy volgens hfst. 3 gesê het. Hy beskryf nou die ellende. Ten eerste sê hy dat God die bewerker daarvan is: sy rampe het hom getref soos pyle van die Almagtige. Verder sê hy dat die rampe vir hom nie net liggaamlike



en stoflike skade berokken het nie, maar dat hulle ook in geestelike opsig verderflik gewerk het: die pyle was giftig en sy gees het die gif ingedrink. Sy verhouding met God is nou bedorwe. Wat hy van God se kant ondervind, is verskrikkinge wat hulle teen hom opstel. Sy sielevrede is versteur omdat sy lewenslot weersinwekkend is (vs. 5-7). Die woorde wat hy volgens hfst. 3 gesê het en wat deur Élifas afgekeur is, neem hy nie terug nie. Hy herhaal sy wens, sy bede, om uit die lewe uit te wees. In dood-wees sou hy vreugde vind! Hoe kan hy dit sê? Omdat hy die woorde (= die gebooie) van die Heilige nie verloën het nie! In hierdie verband noem hy God "die Heilige". En teenoor die heilige God is hy, lob self, 'n bewaarder van sy gebooie, 'n regverdige! Job het "dood-wees" beskryf as 'n toestand van algehele nivellering (kyk 3:13-19). Tog beskou hy dit blykbaar nie as 'n onverskillige saak of 'n mens die dood as 'n regverdige of as 'n goddelose ingaan nie. In elk geval is hy 'n regverdige! Van sy onskuld is hy vas oortuig!

Dat Job die dood as uitkoms sien, is omdat sy lyding en verdriet onuithoudbaar is. Daarvoor het hy nie die krag nie. Van uithou kan hy trouens ook geen uitkoms verwag nie. Hy is hulpeloos oorgelewer. Regverdig en tog omring deur die verskrikkinge van God!

- 6:14 Vir die moedlose moet daar liefde wees van die kant van sy vriend, ook al laat hy die vrees vir die Almagtige vaar.
- 6:15 My broers het troueloos gehandel soos 'n spruit, soos die bedding van spruite wat wegloop,
- 6:16 wat troebel is vanweë die ys, waarin die sneeu hom verberg —
- 6:17 in die tyd van gloei-hitte verdwyn hulle; as dit warm word, droog hulle op uit hul plek.
- 6:18 Die paaie van hulle loop kronkelend weg en gaan heen in die wildernis en vergaan.
- 6:19 Die karavane van Tema het uitgekyk, die reisigers van Skeba het daarop gewag.
- 6:20 Hulle het beskaamd gestaan in hul vertroue; hulle het daarby gekom en was teleurgesteld.
- 6:21 So het julle dan vir my niks geword nie: julle sien verskrikking, en julle het gevrees.
- 6:22 Het ek dan gesê: Gee my iets? Of: Bring vir my 'n omkoopgeskenk uit julle vermoë?
- 6:23 Of: Red my uit die hand van die teëstander? Of: Verlos my uit die hand van tiranne?
- 6:24 Onderrig my, en ek sal swyg; en maak my duidelik waarin ek my misgaan het.
- 6:25 Hoe kragtig is opregte woorde, maar wat rig 'n bestraffing uit, van julle afkomstig?
- 6:26 Dink julle om woorde te bestraf? Maar die woorde van 'n wanhopige is vir die wind!
- 6:27 Ja, julle sou 'n wees uitloot en julle vriend verhandel.
- 6:28 Maar nou, kyk my asseblief aan: ek sal julle waarlik nie in jul gesig belieg nie.
- 6:29 Keer tog terug — laat daar geen onreg wees nie! Ja, keer terug — nóg is my geregtigheid daar.
- 6:30 Is daar onreg op my tong? Of kan my verhemelte nie die onheile onderskei nie?

Job is teleurgestel oor die houding van sy vriende, want soos Élifas gepraat het, dink hulle natuurlik aldie (6:14 e.v.) Hy noem hulle sy broers - maar hulle is onbetroubaar soos 'n spruit. Hier volg weer so 'n breë digterlike beskrywing, nl. van 'n winterbeek wat in die somer droog word en aan die woestynreisigers geen les van hul dors kan bied nie. So laat die vriende hom nou in die steek. Tog het Job nie iets moeiliks of swaars van hulle verwag nie (22, 23), net maar begrip! Maar hulle is bang! Hulle waag dit nie om iemand wat klaarblyklik deur God getuig word, te probeer verdedig nie en hulle vind dit veiliger om hulle maar aan God se kant te skaar.

Maar dan flikker daar in Job 'n vlagie geesteskrag op. "Onderrig my" so roep hy uit (vs. 24). As hulle hom vir skuldig hou, dan moet hulle ook sê waarin hy hom misgaan het. Maar sarkasties voeg hy aan sy woorde toe, dat wat die vriende sê tog niks beteken nie, want deur

hulle gebrek aan trou sal hulle selfs hul vriende verkoop. Nou maak die vriende seker aanstalt om maar weg te gaan. Job roep altans: "Keer terug! Keer terug! " Hy sê: "Laat daar geen onreg wees nie! " Om v/eg te loop sou onreg wees; dan ontnem hulle Job sy kans om van sy onskuld te getuig, want sy geregtigheid bestaan nog steeds. Dat hy onskuldig is, staan vir Job vas. Op hierdie punt is hy te midde van al sy ellende ontoegeeflik!

- 7:1 Het die mens nie 'n stryd op die aarde nie? En is sy dae nie soos die dae van 'n dagloner nie?
- 7:2 Soos 'n slaaf wat hyg na die skaduwee, en soos 'n dagloner wat wag op sy werkloon,
- 7:3 so het ek erfgenaam geword van maande van teleurstelling en is nagte van moeite vir my bestem.
- 7:4 As ek gaan lê, dink ek: Wanneer sal ek opstaan? Maar die aand is lank, en ek word sat van al die omdraai tot die môreskemering toe.
- 7:5 My vlees is bekleed met wurms en stofklonte; my vel trek opmekaar en etter dan weer.
- 7:6 My dae is vinniger as 'n wewerspoel en verdwyn sonder verwagting.
- 7:7 Bedink tog dat my lewe wind is; my oog sal die voorspoed nie weer sien nie.
- 7:8 Die oog van hom wat my sien, sal my nie meer aanskou nie. U oë is op my — en ek is daar nie!
- 7:9 Die wolk verdwyn en gaan heen — so kom hy nie weer op wat na die doderyk neerdaal nie.
- 7:10 Hy sal nie meer teruggaan na sy huis nie, en sy plek sal hom nie meer ken nie.

Na hierdie kort opflikkering sink hy weer in moedeloosheid terug (7:1). Hy kla dat hy sal ondergaan en dan wend hy hom tot God, "*U oë is op my — en ek is daar nie!*" Sy lewe is 'n wind, 'n sug. God sal wel weer kyk hoe dit met Job gaan, maar dan is hy nie meer daar nie. Dan het hy reeds na die doderyk afgedaal en daaruit kom 'n mens nie weer op nie. Die doderyk is die plek wat hy in sy eerste klag beskryf het (3:13-19). So verwyf hy God dan dat Hy geen vinger uitsteek om hom uit te help nie, maar hom onder sy oë laat omkom.

- 7:11 So wil dan ook ek my mond nie hou nie, ek wil spreek in die benoudheid van my gees, ek wil klae in die bitterheid van my siel.
- 7:12 Is ek 'n see, of 'n groot seedier, dat U 'n wag teen my opstel?
- 7:13 As ek sê: My bed sal my troos, my slaapplek sal my klagte help dra,
- 7:14 dan verskrik U my deur drome en ontstel my deur gesigte,
- 7:15 sodat ek die verwurging verkies, die dood meer as hierdie geraamte van my.
- 7:16 Ek verfoei my lewe. Nie vir altyd sal ek lewe nie: laat my met rus, want my dae is nietigheid.
- 7:17 Wat is die mens, dat U hom so hoog stel en dat U op hom ag gee?
- 7:18 En dat U hom elke môre soek, elke oomblik hom op die proef stel?
- 7:19 Hoe lank sal U nie van my af wegkyk nie, my nie laat staan nie, totdat ek my speeksel insluk?
- 7:20 As ek gesondig het, wat doen ek U aan, o Mensebewaker? Waarom het U my as mikpunt vir U opgestel, sodat ek myself tot 'n las is?
- 7:21 En waarom vergeef U nie my oortreding en neem my ongeregtigheid nie weg nie? Want weldra sal ek in die stof lê; dan sal U my soek, maar ek sal daar nie wees nie.

Moet hy hom dit alles maar laat welgeval? dink Job. Nee, sê hy. "Ek (wil) my mond nie hou nie, ek wil spreek in die benoudheid van my gees, ek wil klae in die bitterheid van my siel." En dan spreek hy tot God (7:11-21). Job wil nou veg!!



Hy verwyт God dat Hy 'n wag teen hom opstel. So het hy reeds vroeër gekla: hy is “'n man wat deur God aan alle kante ingesluit is” (3:23). Maar waarvoor is dit nodig, vra hy. Is hy dan so gevaarlik soos 'n seemonster? Intendeel, sê hy, “my dae is nietigheid”. Maar God skenk daaraan veels te veel aandag, want Hy kom elke môre weer met nuwe beproewing. Hy kla nou oor sy psigiese leed; in sy vorige klag oor liggaamlike lyding (“my vlees is bekleed met wurms en stofklonte; my vel trek opmekaar en etter dan weer”, vs. 5). Sy geestelike lyding is verskriklike drome en ontstellende naggesigte - alles verskynsels van sy siekte! “Laat my met rus”, sê hy aan God. Maar God gaan aan. Job is sy mikpunt! Hy kan nooit asem skep nie (sy speeksel nie insluk nie). Smalend noem hy God 'n Mensebewaker, wat hom altyd dophou! Vind Hy dan tog sonde in hom? Sou Élifas tog gelyk hê met sy beskuldiging? Maar selfs al sou hy gesondig het, sê Job, wat maak dit dan nog saak? Wat doen hy God daarmee aan? Sonde van mense doen God tog nie skade aan nie? (vgl. Jer. 7:19). As daar werklik sonde in sy lewe is, waarom vergeef God nie sy oortreding en neem dit weg nie? Waarom nie? Want weldra is hy dood en lê hy in die stof. Dis nie die moeite werd om so baie aandag aan hom te skenk nie.

As Job so praat, kan nie langer van hom gesê word dat hy met sy lippe nie gesondig het nie. Dan is hy 'n berisper van die Almagtige, wat God wil tereg wys (39:35). Sal hy beoordeel wat God skade aandoen of wat nie? Sal hy beoordeel of God sommer kan vergewe? As hy God te groot ag en homself te min vir al die aandag aan sy kortstondige bestaan, dan is dit geen eerbiedige erkenning van God se grootheid nie, maar veeleer 'n verwyтende aanklag teen oordrewe bemoeienis.

Hopeloos besluit hy: “Weldra sal ek in die stof lê; dan sal U my soek.” Dit sal God dus tog een keer doen, dink Job, hom in vriendelikheid weer opsoek. Hoe sien Job daarna uit! Maar dan is dit te laat! (vs. 2, kyk ook vs. 8).

Op hierdie verwyт loop die geveg van Job met God uit. Tog skuil daarin ook die bede: o God, kom tog nie te laat nie!

## ***Eerste antwoord van Bildad***

- 8:1 Toe het Bildad, die Suhiet, geantwoord en gesê:
- 8:2 Hoe lank sal jy hierdie dinge spreek en die woorde van jou mond ‘n geweldige wind wees?
- 8:3 Sou God die reg verdraai, of die Almagtige die geregtigheid krenk?
- 8:4 As jou kinders teen Hom gesondig het, het Hy hulle aan hul oortreding oorgegee.
- 8:5 As jy na God soek en die Almagtige om genade smeek,
- 8:6 as jy rein en opreg is, ja, dan sal Hy oor jou opwaak en jou woning herstel ooreenkomstig jou geregtigheid;
- 8:7 dan sal jou begin gering wees, maar jou einde baie groot.

In hfst. 8 neem Bildad die woord. Hy dink net soos Élifas, maar is harder as hy. Hy sê eintlik dat Job 'n windbui is wat moet ophou om so te praat. Want God verdraai die reg nie. Dit is natuurlik waar, maar op die moeilikheid van Job gaan hy nie in nie: dat 'n onskuldige man deur so baie rampe getref word. Vir Bildad is die saak duidelik: as God geen onreg doen nie, dan moes Job gesondig het. So dink hy ook oor die kinders van Job. Hy sê dit egter by wyse van veronderstelling: “As jou kinders teen Hom gesondig het, het Hy hulle aan hul oortreding oorgegee”, d.w.s. dan het hulle hul verdiende straf gekry. Dit was hard vir Job om dit te moet aanhoor.

- 8:8 Want doen tog navraag by die vorige geslag, en gee ag op wat hulle vaders nagespeur het;
- 8:9 (want ons is van gister en weet niks nie, omdat ons dae 'n skaduwee op die aarde is;)
- 8:10 sal hulle jou nie leer, jou dit nie sê en woorde uit hul hart voortbring nie?
- 8:11 Skiet die biesie op waar geen moeras is nie? Groei die riet sonder water?
- 8:12 Nog is dit in sy volle groei — sonder dat dit afgepluk word — dan verdor dit voor al die ander gras.
- 8:13 So gaan dit met almal wat God vergeet, en so vergaan die verwagting van die goddelose;
- 8:14 sy hoop is afgesny en die voorwerp van sy vertrouwe is 'n spinnerak.
- 8:15 Hy steun op sy huis, maar dit bly nie staan nie; hy klem hom daaraan vas, maar dit hou geen stand nie.
- 8:16 Vol sap staan hy in die son, en sy ranke sprei uit oor sy tuin.
- 8:17 Sy wortels is gevleg oor 'n hoop klippe heen, 'n kliphuis deurboor hy.
- 8:18 As Hy hom vernietig uit sy plek, sal dit hom verloën en sê: Ek het jou nie gesien nie.
- 8:19 Kyk, dit is die vreugde van sy lewensweg, en uit die stof spruit daar ander uit!
- 8:20 Kyk, God verwerp die vrome nie, en Hy vat die kwaaddoeners nie aan die hand nie.
- 8:21 Terwyl Hy jou mond met gelag vervul en jou lippe met gejuig,
- 8:22 sal jou haters met skaamte bekleed word, en die tent van die goddelose — weg is dit!

Maar Bildad het ook nog goeie raad vir Job: soek na God! Dit het Élifas ook al gesê (5:8). Maar dit doen Job mos! Dit is maar net dat hy in sy ellendige omstandighede niks van sy God kan vind nie. En Bildad sê ook nog: smee die Almagtige om genade. Maar Job vra na die "waarom"; dit is iets anders as om vir genade te smee.

Behalwe goeie raad het Bildad ook nog goeie hoop vir Job, nl. dat God sy woning sal herstel, op voorwaarde dat Job rein en opreg is! Maar is ek dit dan nie? moet Job by die aanhoor van daardie woorde wel by homself dink. Met 'n breë beskrywing van die lot van die goddelose staaf Bildad sy woorde. Sy beskouing is die vrug van 'n geslagtelange ervaring en dus betroubaar. Die huis van die goddelose hou geen stand nie; daarmee is sy lewensvreugde tot niet (vs. 19). Moet Job nie hierin die beeld van sy eie lewensgang sien nie? En dan sê Bildad boonop: "Kyk, God verwerp die vrome nie." Welwillend veronderstel hy dus dat Job so 'n vrome is en sê: "Terwyl Hy jou mond met gelag vervul en jou lippe met gejuig, sal jou haters met skaamte bekleed word, en die tent van die goddelose - weg is dit! " Wat Bildad sê, is wel waar, maar hoe ver lyk dit van Job af! En Bildad werk konsekwent met hierdie waarhede. In sy gedagtegang is daar geen ruimte vir Job se moeilikheid nie: onskuldig en tog deur rampe getref. Die redenasie van sy vriende druk Job al dieper in die onbegryplikheid en magteloosheid van sy lot. Dit blyk as hy weer praat.

### ***Antwoord van Job aan Élifas en Bildad (hfst. 9 en 10)***

- 9:1 Maar Job het geantwoord en gesê:
- 9:2 Waarlik, ek weet dat dit so is; en hoe kan 'n mens regverdig wees by God?
- 9:3 As hy sou begeer om met Hom te twis, nie een uit duisend sal hy Hom kan antwoord nie.
- 9:4 Hy is wys van hart en sterk van krag; wie was hardnekkig teen Hom en het ongestraf gebly?
- 9:5 Hy wat berge versit sonder dat hulle dit merk; wat hulle omkeer in sy toorn;
- 9:6 wat die aarde laat sidder uit sy plek, sodat sy pilare dril;
- 9:7 wat bevel gee aan die son, en hy gaan nie op nie, en die sterre agter 'n seël wegsluit;
- 9:8 wat alleen die hemel uitspan en stap op die golwe van die see;

- 9:9 wat die Beer gemaak het, die Oríon en die Sewe-ster en die Kamers van die Suide;  
 9:10 wat groot, ondeurgrondelike dinge doen en wonders sonder getal.  
 9:11 Gaan Hy by my langs, dan sien ek Hom nie, en Hy skuif verby sonder dat ek Hom bemerk.  
 9:12 Sleep Hy weg — wie sal Hom teëhou? Wie vir Hom sê: Wat maak U?  
 9:13 God wend sy toorn nie af nie; onder Hom moet die helpers van Rahab kruip.

As Job weer praat, klink sy woorde baie mismoedig. Bildad het 'n beskrywing gegee van die lewensloop van die goddelose en daarin kon Job sy eie lewensloop herken. Hy kan niks daarteen inbring nie en erken: "Waarlik, ek weet dat dit so is." Tegelykertyd dink hy ook aan wat Élifas gesê het: „Sou 'n sterfling regverdig wees voor God? Of 'n man rein wees voor sy Maker?" Dit kan mos nie! Maar Job hou vol dat hy onskuldig is. Maar hoe kan hy dit nou bewys? Hoe -is sy versugting - "hoe kan 'n mens regverdig wees by God?" Volgens Bildad getuig Job se rampe teen hom. Maar dit is nog nie die ergste nie, erger is dat jy met God nie gewoon kan praat nie, dat jy met Hom nie 'n regsgeeding kan begin nie. Dit bedoel Job met *twis* as hy sê: "As hy sou begeer om met Hom te *twis*, nie een uit duisend sal hy Hom kan antwoord nie." En Job begeer om met Hom te "twis", omdat hy onskuldig met rampe oorlaai is. Dit is sy "geveg met God"! Job gee dan 'n beskrywing van die krag van God: "Hy is wys van hart en sterk van krag." Wie so hardnekkig is om hom teen God te verset, kom nie heelhuids daarvan af nie. Élifas het ook al daarop gesinspeel (5:2). God se optrede is 'n optrede in toorn, d.w.s. met woede en verskriklikheid en Hy betoon sy mag op die aarde, op die see en in die hemel. Hy doen dit alles met goddelike verhewenheid: voordat hulle dit merk, is die berge klaar omgekeer; Hy gaan onsigbaar en onmerkbaar by Job verby. Niemand kan vir Hom sê, "Wat maak U?" nie. Hy wend sy toorn, sy woede nie af nie. Onder Hom moet die helpers van Rahab - 'n vyand wat deur God verpletter word, 26:12, kyk ook Jes. 51:9 en Ps. 89:11 - kruip.

- 9:14 Hoeveel minder sal ék Hom kan antwoord, sal ek my woorde kan kies teenoor Hom;  
 9:15 Hom wat ek nie kan antwoord nie, al was ek regverdig: ek kan my regter net om genade smeek!  
 9:16 As ek dagvaar en Hy my antwoord, glo ek nie dat Hy na my stem sal luister nie.  
 9:17 Hy wat my deur 'n stormwind sou vernietig en my wonde sonder oorsaak sou vermeerder;  
 9:18 my nie sou toelaat om asem te skep nie, maar my sou versadig met bitterhede.  
 9:19 Kom dit aan op die krag van die sterkste — hier is Ek! En kom dit op reg aan — wie kan My dagvaar?  
 9:20 Al was ek regverdig, my eie mond sou my veroordeel; al was ek onskuldig, Hy sou my as 'n verkeerde reken.  
 9:21 Vroom is ek! Ek gee niks om myself nie: ek verfoei my lewe!  
 9:22 Dit is net eenders — daarom sê ek: Die vrome en die goddelose vernietig Hy.

Hoe sal Job teen so 'n God 'n hofsaak maak? Teenoor Hom sal hy geen woorde kan kies nie. Hy sal Hom nie kan antwoord nie, al is hy ook regverdig. Gaan dit oor krag - dan sê God: "Hier is Ek! " En gaan dit oor reg - dan sê Hy: "Wie kan my dagvaar?" Hy laat Hom nie dagvaar nie!

So sien Job God as die Sterke en dit belet hom om reg by God te verkry!

Maar - so vra ons - mag krag dan die reg verkrag? Mag in die teenstelling reg en krag, krag oorheers, sodat die reg verdwyn?

Ons vra dit omdat die reg tog bo alles gaan!

Dit is seker so in menslike verhoudings, maar nie tussen God en mens nie! God en mens is nie mekaar se gelykes nie. Hy het regsnorme ingestel vir die menslike samelewing, maar bo Homself staan geen reg waaraan Hy gebind sou wees nie.

Ook ons mense, Christene van vandag, kan nie sommer tot God nader sonder 'n middelaar nie! Daarom bid ons in die Naam van onse Here Jesus Christus. Dit mag geen leë formule word nie! Die tussenkoms van ons Heiland en die noodsaaklikheid daarvan moet steeds diep besef word! Die vestiging van die koninkryk van die hemele het 'n radikale verandering meegebring en daarom moet ons dankbaar wees en God welbehaaglik dien met eerbied en vrees, want - dit bly so - "onse God is 'n verterende vuur" (Hebr. 12:29). Wat Job 9:2-20 sê, is 'n bewys van sy suiwere godskennis, 'n beskrywing van die soewereiniteit van God. En as ons sing "Die Heer is reg in al sy weg en werk", dan sing ons dit nie omdat ons dit verstaan of begryp nie, maar omdat ons dit aanvaar en glo.

Wanneer God so groot en magtig is, is 'n regsgeding teen Hom 'n onmoontlike saak. Job kan maar een ding doen: om genade smee! Dit het Bildad hom ook al aangeraai (8:5). God sal nie eens na hom luister nie, maar hom vernietig deur 'n stormwind en die enigste resultaat van sy poging om met God te "twis" sal vermeerdering van sy wonde en van sy bittere ervarings wees. Hy kan nie teen God praat nie, want sy eie woorde sou sy veroordeling insluit en daardeur sou God hom, al was hy onskuldig, as 'n verkeerde reken.

Hoe groot is die afstand, die kloof tussen God en Job!

Tog kan Job nie daarin berus nie. Plotseling verhef hy hom om kort en kragtig uit te roep: "Vroom is ek! " Al kan hy dit nou nie bewys nie, al is daar geen opening om tot God deur te dring nie, wat waar is, is waar: hy is onskuldig. Maar is dit nie "hardnekkig" (vs. 4) om dit te sê nie? Sal God hom nie vernietig nie (vs. 17)? So het hy self gesê! Maar laat dit dan maar gebeur. Hy verfoei sy lewe. Wat hét hy trouens aan sy huidige lewe? Maar aan sy geregtigheid hou hy vas: daar is geen bepaalde sonde waarop sy rampe straf kan wees nie. Al is daar geen uitweg om dit by God te bewys nie, gee hy nie in nie. God vernietig tog die vrome net soos die goddelose. So ondervind Job dit self en is dit nie ook die geval in oorloë en natuurrampe nie?

9:23 As die gésel skielik doodmaak, spot Hy met die vertwyfeling van die onskuldiges.

9:24 Die aarde is aan die mag van die goddelose oorgelewer, die gesig van die regters bind Hy toe. Is dit nie Hy nie, wie dan anders?

9:25 Ja my dae was gouer as 'n hardloper; hulle het weggevlug sonder om voorspoed te sien.

9:26 Hulle het verbygegely soos skepe van biesies, soos 'n arend wat neerskiet op sy prooi.

9:27 As ek sê: Ek wil my geklaag vergeet, my droewige gesig laat vaar en vrolik word,

9:28 dan is ek al bang vir al my smarte: ek weet dat U my nie sal vryspreek nie.

9:29 Ek sal tog skuldig wees — waarom sal ek my dan tevergeefs afmat?

9:30 Al was ek my met sneeu en reinig ek my hande met loog,

9:31 dan sou U my in 'n poel indompel, sodat my klere van my 'n afsku kry.

9:32 Want Hy is nie 'n man soos ek, dat ek Hom sou kan antwoord, dat ons saam na die gereg sou kan gaan nie.

9:33 Daar is geen skeidsregter tussen ons wat sy hand op ons twee kan lê nie.

9:34 Laat Hy sy roede van my wegneem, en laat sy verskrikking my nie beangstig nie;

9:35 dan wil ek spreek sonder dat ek vir Hom bevrees is; want só is dit met my nie gesteld nie.

10:1 Ek walg van my lewe; ek wil my geklaag die vrye loop gee; ek wil spreek in die bitterheid van my siel.

10:2 Ek sê tot God: Veroordeel my nie; laat my weet waarom U met my twis.  
 10:3 Is dit voordeel vir U dat U verdruk; dat U die arbeid van u hande verwerp, terwyl U oor die planne van die goddelose lig laat skyn?  
 10:4 Het U vleeslike oë? Of sien U soos 'n mens sien?  
 10:5 Is u dae soos die dae van 'n mens, of u jare soos die dae van 'n man?  
 10:6 dat U soek na my ongeregtigheid en vra na my sonde,  
 10:7 ofskoon U weet dat ek nie skuldig is nie en dat daar niemand is wat uit u hand kan red nie?  
 10:8 U hande het my geformeer en my gemaak, heeltemal rondom; en U vernietig my!  
 10:9 Bedink tog dat U my soos klei gevorm het, en wil U my tot stof laat terugkeer?  
 10:10 Het U my nie soos melk uitgegiet en my soos kaas laat dik word nie?  
 10:11 Met vel en vlees het U my bekleed, en met beendere en senings het U my deurvleg.  
 10:12 Die lewe, ja, guns het U aan my bewys, en u sorg het my gees bewaak.

Skerp is die aanval wat Job nou teen God rig. As die gësel - van natuurrampe byvoorbeeld - skielik baie mense laat omkom, dan spot God met die wanhoop van die onskuldiges wat ook omkom. Job se "godsbeeld", sy voorstelling van God, is nou heeltemal verwronge! Nou skryf hy aan God tog iets ongerymds toe (1:22). Hy sien nou nêrens meer iets goeds nie. "Die aarde is aan die mag van die goddelose oorgelewer." Daar is geen reg meer nie. Sy eie gelukkige dae het verbygesnel. En wat die hede betref - sy pogings om sy onskuld te bewys, is vrugteloos. God aanvaar dit nie. Hy vergelyk sy eie onskuldverklarings met 'n liggaamlike reiniging. As hy homself dan skoon gewas het, sou God hom in 'n poel indompel en dan is hy weer so vuil, dat sy klere 'n afsku van hom kry. Sy klere word hier gepersonifiseer. Die skoon klere sou gru vir sy bemodderde liggaam. Moedeloos sê Job: "Ek sal tog skuldig wees - waarom sal ek my dan tevergeefs afmat?"

Sy onskuldbetuigings is vir God nie geldig nie. Job spreek dit ook uit in God se aangesig as hy sê, "U (sal) my nie vrysprek nie."

Maar waarom is dit so?

Omdat daar die afstand, die kloof tussen God en mens is. God laat hom nie dagvaar nie (vs. 19). God "is nie 'n man soos ek, dat ek Hom sou kan antwoord, dat ons saam na die gereg sou kan gaan nie." In die besef van die kloof voel Job 'n gemis: "Daar is geen skeidsregter tussen ons wat sy hand op ons twee kan lê nie."

Job spreek hier van die *middelaarsbehoefte*. Daar moet iemand tussen hom en God kom. Op hierdie moment sê Job dat daar nie so iemand is nie. Maar die gedagte aan 'n tussenpersoon het in sy siel ontwaak en die gedagte sal in hom groei (kyk 16:19; 17:3). Sy middelaarsbehoefte vloei voort uit God se verskriklike optrede, sy krag en toorn, sy vernietigende stormwind. Maar nou dat daar geen middelaar is nie, vra Job dat God al die verskrikkings inhou, sodat hy "gewoon" met Hom kan praat; gewoon, d.w.s. sonder vrees vir sy grootheid. Job bly dus volhou dat hy iets het om aan God te sê: sy onskuld! Daarom sê hy: "Veroordeel my nie" (10:2). God weet tog dat hy nie skuldig is nie, maar sien Hy dit dan nie? Hy spreek God aan en sê: "Het U vleeslike oë? Of sien U soos 'n mens sien?" Wat baat dit God om hom eers sorgvuldig te maak (vs. 10, 11; vgl. Ps. 139:15 e.v.) en hom dan te verdruk en te vernietig? Maar Job weet dat dit sy bedoeling was! God sou hom waarneem en (skuldig of nie) Hy sou hom tog veroordeel, nuwe getuienis teen hom inbring en altyd grimmiger teen hom optree, hom jaag soos 'n leeu.

"Jaag soos 'n leeu", sê Job. Dit doen God inderdaad; Hy sê self dat Hy Efraim en Juda sal verskeur; Hy sê dit nog baie sterker as wat Job dit hier sê: Soos 'n leeu, soos 'n luiperd, soos



'n beer val Ek hulle aan en skeur Ek hulle borskas oop (Hos. 5:14; 13:7, 8). So 'n toornuitbarsting ondervind hy, sê Job. Nuwe getuies is nuwe plaë, hulle is mos getuies van sy sonde - so sê die vriende.

'n Vroom man soos Job sien dus geen kans om sy geregtigheid voor God te bewys nie. Laat hierdie gedagte goed tot ons deurdring!

Ons, lesers van die boek Job, is geneig om dit onredelik, onbillik van God te vind. Tog is dit 'n boodskap van die boek Job! Ons vind dit vreemd omdat ons te veel van onself en te gering van God se heiligheid dink. Ons wat Christus ken, moet nie vergeet dat ons sonder Christus niks kan doen nie. Ons leef uit en deur die Middelaar. Job het die middelaarsbehoef te gevoel en soek hom nog (9:33).

10:13 Maar daarby het U dít verberg in u hart, ek weet dat dít u toeleë was:

10:14 As ek gesondig het, sou U my waarneem en my nie vrysprek van my ongeregtheid nie.

10:15 Was ek skuldig — wee my! En was ek regverdig, ek sou my hoof nie kon ophef nie, sat van skande en bewus van my ellende.

10:16 En as my hoof hom ophef, sou U my jaag soos 'n leeu en U opnuut wonderbaarlik teenoor my gedra.

10:17 U sou altyd nuwe getuies teen my bring en u grimmigheid teen my vermeerder — altyd nuwe leërafdelings teen my!

10:18 Waarom tog het U my uit die moederskoot laat uitgaan? Ek moes gesterf het sonder dat 'n oog my gesien het.

10:19 Ek moes gewees het of ek daar nie was nie; van die moederskoot af moes ek na die graf gedra gewees het.

10:20 Is my dae nie min nie? Laat Hy ophou, my laat staan, dat ek 'n bietjie vrolik kan wees,

10:21 voordat ek heengaan — en nie terugkom nie — na die land van duisternis en doodskaduwee,

10:22 'n land van donkerheid, soos middernag, van doodskaduwee en wanorde, en dit gee 'n skynsel — soos middernag!

Job se soeke stuit op die ongenaakbaarheid van God. Nou vervall hy in beskuldigings teen God. Maar dit doen hy om met God in die reine te kom. Hy laat God nie los nie. Hy vloek Hom nie. Daarop wag die Satan tevergeefs. As God eger bly swyg, kom Job met dieselfde klagte waarmee hy begin het (hfst. 3): hy moes nie in die lewe gekom het nie, maar gesterf het, van die moederskoot af na die graf gedra gewees het. Maar hy is nou eenmaal daar, laat God nou ophou, hom laat staan, met rus laat! Dan kan hy nog 'n bietjie vrolik wees voordat hy heengaan na die doderyk, waaruit geen terugkeer is nie (7:9), die doderyk (3:13 e.v.), die land van donkerheid en doodskaduwee en wanorde. In sy moedeloosheid is dit sy enigste uitsig.

### ***Eerste antwoord van Sofar (hfst. 11)***

11:1 Toe het Sofar, die Naämatiet, geantwoord en gesê:

11:2 Moet die menigte van woorde onbeantwoord bly? Of moet 'n loslippige man reg hê?

11:3 Sou jou gepraat manne laat swyg, sodat jy spot — sonder dat iemand jou beskaamd maak —

11:4 en sê: Suiwer is my leer, en rein is ek in u oë?

11:5 Maar, ag, as Góð maar wou spreek en sy lippe open teen jou!

11:6 En jou bekend wou maak dat die verborgenhede van die wysheid die insig verdubbel!  
Sodat jy kan weet dat God vir jou 'n deel van jou skuld deur die vingers sien.

Sofar meen dat die woordestroom van Job weerspreek moet word. *Hy vererg hom veral oor Job se onskuldbetuigings.* Die *ander vriende* kan dit ook nie aanvaar nie; hulle hou Job skuldig.

As God maar wou spreek, sê Sofar, en aan hom insig gee in die verborgenhede van die wysheid, dan sou Job bemerk dat God nog 'n deel van sy skuld deur die vingers sien! So hard het die ander vriende dit nog nie gesê nie.

11:7 Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy kan deurdring tot by die volmaaktheid van die Almagtige?

11:8 Hoogtes van die hemel is dit — wat kan jy doen? Dieper as die doderyk — wat kan jy weet?

11:9 Langer as die aarde is die maat daarvan en breër as die see.

11:10 As Hy verbyskuiwe en gevange neem en 'n regsvergadering oproep — wie sal Hom dan teëhou?

11:11 Want Hy ken die valse mense, en Hy sien die ongeregtigheid sonder dat Hy juis daarop ag gee.

11:12 So kan dan 'n domme verstand verkry en 'n jong wilde-esel as mens gebore word.

Job het bitter kritiek teen God uitgespreek, maar, sê Sofar (nie ten onregte nie) kan hy die dieptes van die volmaaktheid van God peil? Dan wei hy uit oor die hoogte en diepte en lengte en breedte daarvan. Dit laat ons dink aan die woorde van Paulus in Ef. 3:18. Ons het by Job 5:13 reeds opgemerk dat Paulus die boek Job geken het. Miskien is hierdie opsomming ook 'n bewys daarvan.

Job weet egter wel dat God groot en wys is; deur daaroor te praat, help Sofar hom nie verder nie.

Job het gesê dat God "verbyskuiw" (9:11). Sofar gaan verder daarop in en sê dat God dan gevange neem en 'n regsvergadering oproep, d.w.s. dat Hy die vonnis vel. As Hy rondgaan deur die skepping, sien Hy die sondaars sommerkanself. Sekerlik het dit met Job ook so gegaan; deur daarop te let, kan 'n mens tot insig kom, sodat 'n domme verstand verkry. Dit is sydelings op Job gemik; hy is die dom man! Die woorde, "dat 'n jong wilde-esel as mens gebore (herbore) word" (12b), is waarskynlik 'n spreekwoord.

11:13 As jy jou hart berei en jou hande uitbrei na Hom

11:14 — as daar ongeregtigheid in jou hand is, verwyder dit, en laat geen onreg in jou tente woon nie —

11:15 ja, dan sal jy jou aangesig kan ophef, vry van smet; en jy sal vasstaan sonder om te vrees.

11:16 Ja, jy sal die moeite vergeet; soos aan water wat verbygeloop het, sal jy daaraan dink.

11:17 En helderder as die middag sal die lewe oprys; is dit donker — dit sal wees soos die môre!

11:18 En jy sal vertrou, want daar is verwagting; en kyk jy rond — jy sal in veiligheid gaan slaap.

11:19 Ook sal jy lê sonder dat iemand jou skrikmaak; en baie sal jou guns soek.

11:20 Maar die oë van die goddelose sal versmag, en die toevlug is vir hulle verlore; en hulle verwagting is — uitblasing van die laaste asem.

Die raad wat Sofar aan Job gee, is dieselfde as wat Bildad (8:5) gegee het: hy moet rein wees, die hande uitbrei, d.i. bid, in oorgawe, sonder kritiek. Dan sal dit met Job goed gaan (vs. 15-19). Bildad het toe die vermaning beëindig met 'n tekening van voorspoed; Sofar doen net die omgekeerde; hy eindig met 'n beskrywing van die lot van die goddelose.

Die waarheid van Sofar se beskouing kan moeilik ontken word. Se, om een voorbeeld uit vele te noem, Psalm 92 dit nie ook nie? Job weet dit ook alles (12:3). Maar dit los nie sy probleem op nie. Die drie vriende het nou aldrie hul mening - dieselfde mening -gelug. Elkeen van hulle het 'n eie grond vir sy mening. Elifas beroep hom op 'n openbaring (4:12 e.v.); Bildad op die vorige geslagte (8:8-10); Sofar beweer dat hy wel weet wat God, indien Hy sou spreek, sou sê. Dit is enigsins aanmatigend, veral vir 'n man wat self praat oor die diepte van die wysheid van God. Dit is ook subjektief.

Ook vandag kan ons nie argumenteer deur te sê: "Jesus sou in hierdie geval gesê het . . ." nie, want Jesus het in die evangelies meestal iets anders gesê as wat ons sou gedink het!

### **Antwoord van Job aan die drie vriende (hfst. 12,13,14)**

12:2 Maar Job het geantwoord en gesê:

12:2 Waarlik, ja, julle is die regte mense, en saam met julle sterf die wysheid uit!

12:3 Ook ek het verstand soos julle; ek staan nie vir julle terug nie; en wie weet sulke dinge nie?

12:4 Ek moet 'n belagging wees vir my vriend, ek wat God aangeroep en verhooring gevind het — 'n belagging is die regverdige, die opregte!

12:5 Vir die ongeluk is daar veragting volgens die gedagte van hom wat lekker lewe; dit staan klaar vir hulle wie se voet wankel.

12:6 Rustig staan die tente van die verwoesters, en sekerheid is die deel van hulle wat God vertoorn, van hom wat sy god in sy hand dra.

Die vriende het nou aldrie gepraat. Job antwoord met die sarkastiese opmerking dat hulle sulke wyse manne is! Maar alles wat hulle sê, weet hy ook. Sofar beskou hom ten onregte as 'n dom man (11:12). Dit is 'n bespotting van hom, 'n regverdige, wat tog (vroëer) gemeenskap met God geken het. Maar so gaan dit gewoonlik, sê Job: as iemand in ongeluk verkeer, dan is dit sy eie skuld!

12:7 Maar vra tog vir die diere, dat hulle jou leer; en die voëls van die hemel, dat hulle jou te kenne gee;

12:8 of spreek die aarde aan, dat dit jou leer, en laat die visse van die see jou vertel.

12:9 Wie weet nie deur al hierdie dinge dat die hand van die HERE dit gemaak het nie?

12:10 In wie se hand die siel is van alles wat leef, en die gees van alle menslike vlees.

12:11 Moet die oor nie woorde toets soos die verhemelte spys proe nie?

12:12 By die grysaards is wysheid, en in lengte van dae is verstand.

So gaan dit ook in die dierewêreld (vs. 7-8). Job bedoel daar geld die reg van die sterkste. En dit is die HERE wat dit doen! Dit is God se grootheid in sonderlinge dinge waarvan hy straks nog meer voorbeelde opnoem (13-25).

Opmerklik is dit dat die godsnaam HERE hier (vs. 9) gebruik word. Dit is elders in hierdie boek ook die geval (1:6 en telkens), maar nêrens anders in die gesprekke nie. In die gesprekke word ander godsname gebruik soos God, die Allerhoogste of ook die Heilige (6:10). Vs. 9b is egter dieselfde as Jes. 41:20 en daar staan ook HERE. Moontlik het ons met



'n aanhaling te doen.

Maar, sê Job, die oor moet die woorde toets; 'n mens moet al horende beoordeel wat gesê word. So proe die verhemelte mos ook die spys. So sal Job toets wat die vriende gesê het! Die woorde wat hierop volg, "By die grysaards is wysheid . . .", kan ook as 'n vraag vertaal word, waarmee dan die sekerheid van hierdie reël in twyfel getrek word.

- 12:13 By Hóm is wysheid en mag; Hy het raad en verstand.  
12:14 Kyk, Hy breek af, en daar word nie opgebou nie; Hy sluit 'n man as gevangene op, en daar word nie oopgemaak nie.  
12:15 Kyk, Hy hou die waters terug, en hulle verdroog; ook laat Hy hulle los, en hulle keer die aarde om.  
12:16 By Hóm is krag en beleid; syne is die verdwaalde en hy wat laat dwaal.  
12:17 Hy voer raadsmanne uitgeplunder weg, en regters maak Hy tot dwase.  
12:18 Hy maak die band los waar konings mee bind, en bind 'n lyfdoek om hulle heupe.  
12:19 Hy voer priesters uitgeplunder weg en bring wie vasstaan, tot 'n val.  
12:20 Hy neem die spraak van die betroubare mense weg en beroof die ou mense van hul oordeel.  
12:21 Hy stort veragting uit oor die edeles en maak die gordel van die magtiges slap.  
12:22 Hy openbaar dieptes uit die duisternis uit, en doodskaduwee bring Hy uit in die lig.  
12:23 Hy maak nasies groot en laat hulle omkom; Hy brei nasies uit en voer hulle weg.  
12:24 Hy neem die verstand weg van die volkshoofde van die land en laat hulle ronddwaal in 'n wildernis, sonder pad.  
12:25 Hulle tas in die duisternis, sonder lig; en Hy laat hulle ronddwaal soos 'n dronk man.

Job sal nou die woorde van sy vriende van nader bekyk.

Dat die vriende die wysheid van God prys - daarmee kan Job instem. Hy doen dit self ook, in vs. 14-25. As voorbeelde van die wysheid en mag van God se raad en verstand noem hy egter skokkende dinge met 'n vernietigende uitwerking, wat die raad van God grillig laat lyk, bv. "Hy beroof die ou mense van hul oordeel" (vs. 20; vergelyk hiermee vs. 12!). Dat Job sulke voorbeelde kies, hang natuurlik saam met sy eie ondervinding van wat God doen. Hy word ook vreemd deur God behandel.

- 13:2 Kyk, alles het my oog gesien, my oor gehoor en opgemerk.  
13:2 Wat julle weet, weet ek ook: ek staan nie vir julle terug nie.  
13:3 Maar ék sal met die Almagtige spreek, en ek verlang om te pleit by God.  
13:4 Maar julle pleister met leuens, kwaksalwers is julle almal.  
13:5 Ag, as julle maar heeltemal sou swyg — dan sou dit vir julle wysheid wees!  
13:6 Hoor tog na my verantwoording, en luister na die aanvalle van my lippe.  
13:7 Wil julle, tot verdediging van God, onreg spreek en ten behoeve van Hom bedrog laat hoor?  
13:8 Wil julle vir Hom partydig wees? Of wil julle vir God pleit?  
13:9 Sal dit goed wees as Hy julle ondersoek? Of wil julle Hom bedrieg soos 'n mens bedrieg word?  
13:10 Hy sal julle sekerlik straf as julle in die geheim partydig is.  
13:11 Sal sy hoogheid julle nie verskrik nie, en die skrik vir Hom julle nie oorval nie?  
13:12 Julle kernspreuke is spreuke van as, julle skanse word skanse van klei.

Dit is my ervaring, sê Job (13 :1). Ek weet dit ewe goed as julle.

En tog, ondanks die angswekkende grootheid van God, wil hy met Hom spreek. Dit is 'n oplewing in sy geestesgesteldheid, vgl. 10:2. Hy verlang om te pleit by God. Hy gaan weer veg!

Voordat hy egter weer sy saak, sy geding met God aanpak, gee hy sy vriende 'n gedugte skrobbering. Hulle pleister met leuens en is kwaksalwers! Daarteenoor sal Job die waarheid stel. Dis waar wat hulle sê oor die grootheid van God. Daarmee stem Job saam. Maar hulle lei daaruit af dat Job skuldig is. Dit is 'n leuen! "Hoor tog", sê hy, "na my verantwoording en luister na die aanvalle van my lippe."

Wat die vriende eintlik doen, sê Job, is dat hulle ter verdediging van God onreg spreek. Hulle wil in God se goeie boekies kom! Wat God aan Job doen, praat hulle goed deur te beweer dat God reg is omdat Job gesondig het. Ten behoeve van God spreek hulle bedrog. Hulle is partydig ten gunste van God. Maar so laat God hom nie bedrieg nie!

Ons sal aan hierdie woorde van Job moet dink as ons uitgekom het by Job 42:7, waar God aan die vriende van Job sê dat hulle nie reg van Hom gespreek het nie.

Dis waar dat straf op sonde volg, maar daarom is die omgekeerde, dat rampe bewys is van sonde, nog nie waar nie. Dit is 'n verkeerde beoordeling van wat God doen (Joh. 9:3). Die stellings van die vriende is skanse van klei, as spreuke. God sal die vriende sekerlik straf (10).

13:13 Laat my met rus; dan wil ek spreek; laat dan oor my kom wat wil.

13:14 Waarom sou ek my vlees in my tande neem en my lewe neerlê in my hand?

13:15 Kyk, al wil Hy my ombring — ek hoop op Hom; ek sal tog my wandel voor sy aangesig bepleit.

13:16 Ook is dit my tot heil dat 'n goddelose voor sy aangesig nie sal kom nie.

13:17 Luister goed na my rede en gee gehoor aan my verklaring.

13:18 Kyk tog, ek dra die regsak voor; ek weet dat ek reg sal hê.

13:19 Wie durf my dan bestry? Ja, dan sou ek swyg en sterwe.

13:20 Moet my net twee dinge nie aandoen nie, dan sal ek my vir u aangesig nie verberg nie:

13:21 trek u hand weg van my af, en laat die skrik vir U my nie beangstig nie.

13:22 Klaag dan maar aan, en ek sal antwoord; of ek sal spreek, en gee U my antwoord.

13:23 Hoeveel is my ongeregthede en sondes; maak my my oortreding en sonde bekend.

13:24 Waarom verberg U u aangesig en hou my vir 'n vyand van U?

13:25 Wil U 'n verwaaide blaas skrik aanja en die droë stoppel agtervolg,

13:26 dat U bitter dinge oor my beskik en my die ongeregthede van my jeug laat erwe,

13:27 en dat U my voete in die blok sit en al my paaie bewaak? U trek vir U 'n streep om die sole van my voete;

13:28 en dít iemand wat verval soos hout wat weggevreet is, soos 'n kleed wat die mot verteer.

Na die bestraffing van sy vriende sal Job dan tot die aanval oorgaan. Maar eers het hy nog baie oorwegings, want hy begin 'n gevaarlike onderneming. Sal God hom nie vernietig nie (9:17)? Maar hy sal "sy vlees in sy tande neem", d.w.s. die uiterste waag. Hy wil nie alies gee vir sy lewe nie (kyk 2: 4b), maar sy lewe gee vir sy saak, sy regsak, nl. dat hy onskuldig is. Al sou God hom ombring, tog sê Job: "Ek hoop op Hom." Dit is verbasende woorde hierdie. Hulle bewys hoe styf Job aan God vashou, die God wat hom wonderbaarlik teen hom gedra (10:16). Maar hy sal sy regsak stel. 'n Goddelose sal dit nie waag nie! Maar Job wel. Is dit

nie alreeds 'n bewys in sy guns nie?

Job het nog 'n oorweging, dieselfde wat hy ook in 9:34 uitgespreek het. God moet twee dinge doen: sy hand van hom af wegtrek en hom nie met skrik vir Hom beangs maak nie, sodat hy onbevange kan praat en hulle, nl. God en Job, saam na die gereg kan gaan (9:32). Kla dan maar aan, sê Job. Hy sal antwoord. Of Job kan begin en dan moet God antwoord! So moet dit hier, want God swyg natuurlik. Job spreek sy aanklag uit: "Hoeveel is my ongeregthede en sondes? Maak my oortreding en sonde bekend." Dit is die "aanval van sy lippe" (13:6). Het God rede om sy aangesig vir Job te verberg? Dan gaan Job se aanklag oor in verwyte, nl. dat God bitter dinge oor hom beskik. Of is dit nog weens die sondes van sy jonkheid (Ps. 25:7)? Moet hy daaroor nog 'n man wees wat aan alle kante ingesluit is (3:23) met die voete in die blok? Is dit dan so erg met hom gesteld (9:35)? Hy is mos niks meer as 'n verwaaide blaar en 'n droë stoppel nie.

Op hierdie klag loop sy aanval uit!

- 14:1 Die mens uit 'n vrou gebore, is kort van dae en sat van onrus.  
14:2 Hy spruit uit soos 'n blom en verwelk; ook vlug hy soos 'n skaduwee en hou nie stand nie.  
14:3 En oor so een maak U die oë oop, en U bring my voor u gereg.  
14:4 Ag, kon maar 'n reine voortkom uit 'n onreine — nie een nie!  
14:5 As dan sy dae vasgestel is, die getal van sy maande by U is, U vir hom grense gestel het waar hy nie oor kan gaan nie,  
14:6 kyk dan weg van hom af, dat hy kan rus — totdat hy soos 'n dagloner hom tevrede voel met sy dag.  
14:7 Want vir 'n boom is daar verwagting: as dit afgekap word, loop dit weer uit en sy loot ontbreek nie.  
14:8 As sy wortel oud word in die aarde en sy stam sterf in die stof —  
14:9 van die reuk van die water spruit dit weer uit, en dit maak 'n tak soos 'n jong plantjie.  
14:10 Maar 'n man sterwe en is magteloos; ja, 'n mens blaas die asem uit en — waar is hy?  
14:11 Die waters verdwyn uit die groot waterplas, en die rivier droog uit en lê droog —  
14:12 so lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie.  
14:13 Ag, as U my maar in die doderyk wou wegsteek, my wou verberg totdat u toorn bedaar het, my 'n bepaalde tyd wou stel en dan aan my wou dink!  
14:14 As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom;  
14:15 U sou roep, en ek sou U antwoord, na die maaksel van u hande sou U verlang.  
14:16 Want nou tel U my voetstappe. Let U nie op my sonde nie?  
14:17 My oortreding is verseël in 'n bondeltjie, en U sluit my ongeregtheid weg.  
14:18 Maar soos 'n berg stukkend val as dit neerstort, en 'n rots versit word uit sy plek;  
14:19 die water klippe glad skuur; die stortvloede daarvan die grond van die aarde wegspoel; so is die verwagting van 'n mens — U maak dit tot niet.  
14:20 U oorweldig hom vir ewig, en hy gaan heen; U verander sy gelaat en stuur hom weg.  
14:21 Sy kinders kom in eer, maar hy word dit nie gewaar nie; en hulle word gering, maar hy let nie op hulle nie.  
14:22 Net sy vlees aan hom voel pyn, en sy siel in hom treur.

Oor die gedagte dat 'n mens te kortstondig is om so streng deur God beoordeel te word, brei Job nou verder uit (hfst. 14). 'n Mens is mos soos 'n blom wat verwelk en soos 'n vlugtige

skaduwee (vgl. 7:7). God moet hom rus gee, verademing skenk (10:20), want as die mens sterf, is alles verby (vs. 10). Dit is ook 'n rede waarom God hom *nou* verligting moet gee (10:20). Maar op hierdie punt ontstaan 'n nuwe vraag in Job se gedagtegang: as 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Hy dink aan 'n afgekapte boom. Dit spruit weer uit van die "reuk van die water" en maak 'n tak soos 'n jong plantjie! Die doderyk is egter die plek vanwaar niemand terugkeer nie (10:21): "Ag", sê hy, "as U my maar in die doderyk wou wegsteek en my verberg totdat u toorn bedaar het." As God maar "'n bepaalde tyd wou stel en dan aan my wou dink." Watter mooi vooruitsig sou dit wees! Dan sou Job hoop gedurende die dae van sy stryd totdat sy aflossing kom! God sou roep en Job sou antwoord. God sou toon dat Hy na die maaksel van sy hande verlang. Hy het Job gemaak (10:8-12); Hy kan hom tog nie laat ondergaan nie? 'n Oomblik verheug Job hom in dié gedagte, maar daarna sink hy weer terug in moedeloosheid.

Tog is dit 'n belangrike gedagte. Nes die gedagte aan 'n skeidsregter wat daar nie is nie (9:33), is die gedagte aan uitkoms uit die doderyk wat ongehoord sou wees, soos 'n kiem wat in sy gees werksaam is! Maar voorlopig verdwyn die gedagtes weer onder die druk van sy leed, want God tel sy voetstappe (13:27) en maak sy verwagting tot niet. In hierdie verband praat Job oor sy oortreding (kyk 7:21). Sy oortreding is verseël in 'n bondeltjie en God sluit sy ongeregtheid weg. Ons vind hierdie uitdrukkings ook in Deut. 32:34 en Hos. 13:12. Hulle beteken soos Paulus aldus omskryf: "(jy) vergader vir jou toorn as 'n skat in die dag van toorn en die dag van die openbaring van die regverdige oordeel van God" (Rom. 2:5).

Is Job dus tog 'n oortreder? Hy erken dit hier. (Kyk ook 7:21.) Die openbaring aan Élifas het wel indruk op hom gemaak (4:17). Maar Job het tog met klem verklaar dat hy onskuldig is en dat God dit ook heel goed weet (10:7)! Ja, maar 'n sondige mens kan in 'n bepaalde saak wel onskuldig wees! Dit is dan sy saaksgeregtheid! Maar op die oomblik is Job oorstelp deur sondigheidsgevoelens en sien hy geen uitkoms meer nie. So eindig sy antwoord aan die drie vriende.

In die laaste verse (21, 22) lees ons nog belangrike uitsprake oor die bestaan van die dooies: hulle het geen kennis van wat op die *aarde* gebeur nie - "*net sy vlees aan hom voel pyn en sy siel in hom treur.*"

Die dooies in die land van duisternis en doodskaduwee (10:21) word dus voorgestel asof hulle nog liggaam en siel besit!

Die drie vriende het nou gepraat en Job het drie keer geantwoord. Hiermee eindig die eerste ronde van die gesprekke.

## ***Tweede antwoord van Élifas aan Job***

- 15:1 Toe het Élifas, die Temaniet, geantwoord en gesê:
- 15:2 Sal 'n wyse man met winderige wetenskap antwoord gee en sy buik vul met oostewind —
- 15:3 deur te pleit met woorde wat nie baat en met beweringe waarmee hy niks uitrig nie?
- 15:4 Ja, jy breek die Godsvrees af en verstoort die stille oordenking voor die aangesig van God.
- 15:5 Want jou ongeregtheid gee onderrig aan jou mond, en jy kies die taal van die listiges.
- 15:6 Jou eie mond veroordeel jou, en nie ek nie; ja, jou eie lippe getuig teen jou.
- 15:7 Is jy die eerste as mens gebore en voor die heuwels in die wêreld gebring?
- 15:8 Het jy in die raad van God afgeluister en die wysheid na jou toe getrek?
- 15:9 Wat weet jy wat ons nie weet nie? Wat verstaan jy wat in ons nie is nie?

15:10 Ook is daar gryns hare, ook bejaardes onder ons, ryker in dae as jou vader.

15:11 Is die vertroosting van God vir jou te min, en 'n woord met sagtheid jou toegesprek?

Élifas neem weer die woord (hfst. 15) en daarmee begin die tweede ronde van die gesprekke. Nes Bildad (8:1), noem hy Job 'n windbuil, 'n grootprater, wie se grootpraterie niks beteken nie. Job kon sy vriende nie tot ander insigte bring nie; hulle bly op hul standpunt staan. Élifas beskuldig Job daarvan dat hy die godsvrees afbreek en die stille oordenking voor die aangesig van God versteur.

Dit wil ons goed glo! Job het die gevestigde opinie aangeval en hulle selfversekerde beskouings bestry.

Élifas sê dat Job slegs so kan praat, omdat hy hom laat lei deur sy eie ongeregtigheid. Uit wat hy sê, blyk sy sondigheid. Die beskuldiging van die kant van die vriende word nou regstreeks uitgesprek. Waar kry Job sy wysheid vandaan? Hoë ouderdom besit wysheid! Is Job dan die eerste van die mense? Het hy afgeluister in die raad van God? Dit is 'n spotvraag.

Élifas betwis Job se wysheid; die vriende is ouer as hy! Hulle het Job met sagtheid - so sê hy - toegesprek deur hom te wys op die voorspoed van die vrome en die rampspoed van die goddelose. Hy beskou dit as vertroosting van God! Maar Job het dit verag.

15:12 Waarom sleep jou hart jou weg? En waarom flikker jou oë so —

15:13 dat jy jou toorn rig teen God en sulke woorde uit jou mond laat uitgaan?

15:14 Wat is die mens, dat hy rein sou wees? En hy wat uit 'n vrou gebore is, dat hy regverdig sou wees?

15:15 Kyk, in sy heiliges stel Hy geen vertrouwe nie; ja, die hemele is nie rein in sy oë nie;

15:16 hoeveel minder die afskuwelike en ontaarde, die mens wat onreg drink soos water!

15:17 Ek wil jou inlig, luister na my; en wat ek gesien het, wil ek vertel;

15:18 wat die wyse manne verkondig sonder om iets te verberg, van hulle vaders af oorgelewer;

15:19 aan hulle alleen was die land gegee, en geen vreemdeling het nog onder hulle deurgetrek nie.

15:20 Al sy dae leef die goddelose in ang, ja, al die jare deur wat vir die tiran bepaal is.

15:21 Skrikgeluide is in sy ore; in volle vrede oorval die verwoester hom.

15:22 Hy glo nie dat hy uit die duisternis sal terugkeer nie; en hy is bestemd vir die swaard.

15:23 Hy dwaal rond en soek brood. Waar is dit? Hy weet dat gereed is, ophande, die dag van duisternis.

15:24 Benoudheid en ang verskrik hom; dit oorweldig hom soos 'n koning wat gereed staan vir die aanval,

15:25 omdat hy sy hand uitgesteek het teen God en die Almagtige getrotseer het

15:26 (hy het Hom stormgeloop met uitgerekte nek, met die dik bulte van sy skilde);

15:27 omdat hy sy gesig met sy vet oordek en 'n vetlaag op sy heupe gevorm het,

15:28 en verdelgde stede bewoon het, huise wat nie bewoon moes word nie, wat bestem was om puinhoop te bly.

Blykbaar het Job met vuur gepraat, met "verbitterdheid en naywer" (5:2). Daarom sê Élifas: "Waarom sleep jou hart jou weg? En waarom flikker jou oë so?" Hy vind dit 'n verkeerde opgewondenheid: Job rig sy toorn teen God. Dan kom Élifas weer terug op sy openbaring: "Wat is die mens dat hy rein sou wees?" (4:17) en maak weer die stelling dat selfs die engele nie rein is voor God nie. Dit is egter nie deurgaans die leer van die Heilige Skrif oor die

engele nie (Matt. 25:31; Openb. 14:10), tensy I Kon. 22:22 betekenis vir hierdie vraagstuk het.

Élifas sal nou vir Job die waarheid vertel, volgens oorlewering uit ou tye toe daar nog geen nieuligtery of vreemde invloede tot die land deurgedring het nie (vs. 18,19).

Die ou stelling van die ramspoed van die goddelose word nou inderdaad deur Élifas in nuwe kleure geteken. Hy beskryf dit nou van psigologiese kant: "Al sy dae leef die goddelose in angs . . . skrikgeluide is in sy ore . . ." (vs. 20 e.v.). As hy die goddelose gedrag beskryf, neem sy tekening trekke aan wat op Job toegepas kan word, bv. "hy het Hom stormgeloop met uitgerekte nek" (vs. 26). Dit het Job gedoen met sy aanvalle op God so dikwels as wat sy veglus weer in hom opgeflikker het! Met waarlik skone bewoording en treffende beelde teken Élifas die droewige lot van die goddelose (vs. 29-35).

- 15:29 Hy bly nie ryk en sy vermoë hou nie stand nie, en hulle besitting buig nie soos koringare na die aarde toe nie.
- 15:30 Hy ontvlug nie die duisternis nie, die vlam laat sy spruit verdroog, en hy vergaan deur die geblaas van die mond van God.
- 15:31 Laat hom nie vertrou op nietigheid nie — hy kom bedroë uit! — want nietigheid sal sy vergelding wees.
- 15:32 Voor sy tyd word dit vervul, en sy palmtak bly nie meer groen nie.
- 15:33 Hy skud sy onryp druiwe af soos 'n wingerdstok en gooi sy bloeisel af soos 'n olyfboom.
- 15:34 Want die bende van die goddelose is onvrugbaar, en vuur verteer die tente van omkopery.
- 15:35 Hulle is swanger van moeite en baar onheil; en hulle skoot bring bedrog voort.

## ***Tweede antwoord van Job aan Élifas (hfst. 16, 17)***

- 16:1 Maar Job het geantwoord en gesê:
- 16:2 Dergelike dinge het ek al baie gehoor: treurige vertroosters is julle almal.
- 16:3 Kom daar nou 'n einde aan winderige woorde? Of wat prikkel jou dat jy antwoord?
- 16:4 Ek sou ook kon spreek soos julle as julle siel in die plek van my siel was; ek sou woorde aanmekaar kon koppel teen julle en my hoof oor julle skud;
- 16:5 ek sou julle kon versterk met my mond, en die troos van my lippe sou versagting aanbring!
- 16:6 As ek sou spreek, my smart word nie versag nie; en as ek ophou — watter verligting bring dit my?
- 16:7 Maar nou het Hy my uitgeput; U het my hele huishouding verwoes.
- 16:8 En U het my gegryp — 'n getuie het dit teen my geword; en my siekte staan teen my op, dit getuig openlik teen my.
- 16:9 Sy toorn het verskeur en my as vyand behandel; Hy het teen my gekners met sy tande; as my teëstander kyk Hy my met skerp oë aan.
- 16:10 Hulle het hul mond teen my oopgespalk; smadelik het hulle my op die kakebeen geslaan; soos een man versamel hulle hul teen my.
- 16:11 God gee my oor aan slegte mense en werp my in die hande van die goddelose.
- 16:12 Ek het rustig gelewe; toe het Hy my verbrysel en my aan die nek gegryp en my verpletter; en Hy het my vir Hom as teiken opgestel.
- 16:13 Sy pyle gons om my heen; Hy splits my niere sonder verskoning; Hy werp my gal op die grond uit.



- 16:14 Bres op bres breek Hy in my; Hy loop my storm soos 'n held.  
 16:15 'n Roukleed het ek oor my vel vasgewerk en my horing in die stof gestee.  
 16:16 My gesig het rooi geword van geweën, en oor my ooglede is daar 'n doodskaduwee;  
 16:17 alhoewel daar geen gewelddaad in my hande is nie en my gebed rein is.

Job begin deur te sê dat Elifas niks nuuts na vore gebring het nie. Hy noem sy woorde ook "winderig", d.w.s. hol en grootpraterig. As die rolle omgekeerd was, sou Job ook maklik so kon praat. Maar die rolle is nie omgekeerd nie: Job is in lyding en hy gee 'n aangrypende beskrywing van sy lyding (vs. 7-16). Daarin sê hy weer duidelik dat dit God is wat hom dit aandoen. Dié erkenning is baie belangrik. Hy het met God te doen en wil nou ook alles tussen hom en God regmaak. 'n Goddelose sou sy rug op God draai (13:16). Maar Job sê: "U het my gegryp". Midde-in sy rustige lewe het God hom aan die nek gegryp en hom verbrysel (vs. 12). Maar sy klag loop uit op 'n hernieuwe onskuldbetuiging: God het dit gedoen "alhoewel daar geen gewelddaad in my hande is nie en my gebed rein is" (vs. 17).

- 16:18 o Aarde, moenie my bloed bedek nie, en laat daar geen rusplek vir my geroep wees nie.  
 16:19 Selfs nou, kyk, in die hemel is my Getuie; en Hy wat saam met my getuig, is in die hoogtes.  
 16:20 My vriende spot met my; uit my oog drup tranes tot God —  
 16:21 dat Hy kan pleit vir 'n man by God en as Menseseun vir sy naaste.  
 16:22 Want maar min jare kom — dan bewandel ek 'n pad waarlangs ek nie terugkeer nie.
- 17:1 My gees is verward, my dae is uitgeblus, die graf wag op my.  
 17:2 Waarlik, bespottings is my deel, en op hulle getwis moet my oog rus.  
 17:3 Gee tog 'n pand, staan borg vir my by U; wie anders sal vir my borgskap verleen?  
 17:4 Want U het hulle hart gesluit vir verstand; daarom sal U hulle nie laat triomfeer nie.  
 17:5 Hy wat vriende aanklaag vir 'n buitendeel — die oë van sy kinders sal versmag.  
 17:6 Maar Hy het my 'n spreekwoord vir die mense gemaak, en ek moet iemand wees wat hulle in die gesig spuug.  
 17:7 Daarom het my oog dof geword van verdriet, en al my lede is soos 'n skaduwee.  
 17:8 Die opregtes is daaroor ontsteld, en die onskuldige kom teen die goddelose in opstand.  
 17:9 Nogtans hou die regverdige vas aan sy weg, en die wat rein van hande is, neem toe in krag.  
 17:10 Maar, kom maar altyd weer aan, julle almal! 'n Wyse vind ek onder julle tog nie.  
 17:11 My dae is verby, my planne tot niet, die wense van my hart.  
 17:12 Van die nag maak hulle 'n dag; lig, sê hulle, is naby vanweë die duisternis.  
 17:13 As ek hoop op die doderyk as my huis; in die duisternis my bed uitsprei,  
 17:14 die grafkuil toeroep: My vader is jy; die wurms: My moeder en my suster,  
 17:15 waar is dan my verwagting? Ja, my verwagting, wie ontdek dit?  
 17:16 Na die grendels van die doderyk sal dit neerdaal, wanneer daar tegelykertyd rus is in die stof.

Job het al meermale sy onskuld betuig (6:20; 9:21; 10:7; 13:18), maar nou gaan hy verder as om net daarvan te praat. Hy wil nou ook dat aan hom in sy onskuld reg gedoen word, dat sy onskuld geregtelik erken word. Daar moet met sy verklarings rekening gehou word. Sy saak mag nie in die doofpot kom nie. Daarom roep hy uit: "o Aarde, moenie my bloed bedek nie" (16:18).

In die geskiedenis van Kain en Abel lees ons dat God vir Kain sê: "Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af" (Gen. 4:10). In Eség. 24 lees ons dat God die bloed van Jerusalem op 'n kaal rots neergesit het, Hy het dit nie op die grond uitgegooi om dit met stof te bedek nie. Hy sê: "Om wraak te neem het Ek sy bloed op 'n kaal rots neergesit, dat dit nie toegemaak sou word nie" (vs. 7, 8). Bloed spreek 'n skril taal; dit skreeu om wraak! Maar as dit met stof bedek word, word die stem gesmoor. As Job dus sê, "o Aarde, moenie my bloed bedek nie", bedoel hy dat die stem van sy bloed nie gesmoor moet word nie. Hy sê verder: "laat daar geen rusplek vir my geroep wees nie", d.w.s. sy geroep, die roepstem van sy bloed, moet nie êrens bly hang nie, maar reëlreg deurdring tot God. Die agtergrondsgedagte hier is dié van bloedwraak. Iemand wat vermoor is, moet gewreek word. So sê Job, dat sy dood (wat gou sal kom, vs. 22), wat hy as 'n moord beskou, gewreek moet word. Sy dood is 'n moord - God het hom mos aangegryp en hom verbrysel en verpletter. En onskuldig! As aan hom tydens sy lewe geen reg verskaf word nie, dan na sy dood.

Maar Job sê nog meer: "Selfs nou" (terwyl hy in sy lyding verkeer), "kyk, in die hemel is my Getuie." Daar in die hoogtes is Hy wat saam met hom getuig. Op die aarde is net spotters - sy vriende. Maar in die hemel is sy getuie, sy pleitbesorger. Hiermee bedoel hy sy God. God weet mos, so het hy reeds gesê (10:7), dat Job onskuldig is. Hy wend hom af van sy spottende vriende en wend hom tot God, met oë vol tranen! Sou God die tranen nie sien nie? (vgl. II Kon. 20:5.) En wat verwag hy dan van God? Dat Hy kan pleit, uitspraak doen, vir 'n man by God! "Vir 'n man!" Daarmee bedoel hy homself! God moet dus self by God pleit. Kan godsvertroue duideliker uitgespreek word as deur hierdie woorde? Job verwag van God wat hom pla, ook die uitkoms. Sy woorde laat ons dink aan dié van Petrus, "Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet." 'n Gelowige verloor alle grond in homself en val terug op God.

In die tweede gedeelte van vs. 21 staan: "en as Menseseun vir sy naaste." Deur die hoofletter word die woord "Menseseun" swaar gelaai met betekenis. Dit lei ons gedagtes na die hemelse figuur "Een soos die Seun van 'n mens" uit Dan. 7:13 en na die naam waarmee Jesus homself dikwels aangedui het. Ook vir die woordjie "as" (voor Menseseun) is daar geen grond in die oorspronklike teks nie. Die eenvoudigste vertaling hier is: "en (vir) 'n mensekind (= 'n man) jeens sy naaste"; dan kan ook vertaal word: "tussen 'n man en sy naaste". Vs. 21 beteken dan dat Job 'n regsuitspraak, 'n pleitbesorger nodig het in tweërlei opsig, by God en jeens die naaste, nl. sy vriende.

In 9:33 mis Job 'n skeidsregter. Hier in 16:21 verwag hy tog dat daar wel só iemand is. Die begrippe "skeidsregter" en "pleit" word in die oorspronklike teks deur dieselfde woordstam aangedui. Daar is dus 'n voortgang in Job se gedagtes en ook 'n wonderlike voortgang, want dieselfde God vir wie hy bang is omdat Hy hom soos 'n leeu aanval en bestorm, is nou die God van wie hy uitkoms verwag. Hierdie verandering vloei voort uit sy geloof, uit sy geloofsvertroue op die God wat hy in vroomheid en opregtheid gedien het en wie se soewereiniteit hy erken het (1:21; 2:10)! Dieselfde God het hom vreemd jeens Job gedra! En Job het van God af weggedwaal. Maar hy het Hom nooit losgelaat of "gevloek" nie. In die beweging van sy gemoed keer die vertroue op sy God terug! Dit is sy enigste steunpunt te midde van sy spottende vriende (17:1). Maar hy werk hom daaruit op en hy vlug tot God met die woorde: "Staan borg vir my by U; wie anders sal vir my borgskap verleen?" Die gedagte aan 'n skeidsregter of pleitbesorger word dus voortgesit in die vraag om 'n borg. Ons vind die vraag ook in die "geskrif van Hiskia" (Jes. 38 :9, ens.), waar hy bid dat God sy Borg moet wees (vs. 14; vgl. ook Ps. 119:122). Ook sluit Job se vraag om borgskap - altans volgens ons Afrikaanse vertaling - in, dat God self die borg moet wees. Wie anders sal dit ook wil wees? Om borg te staan wil sê: vir iemand instaan, jouself aanspreeklik hou vir 'n ander se verpligtinge (vgl. Spr. 6:1).



Die vriende wil dit nie op hulle neem nie, omdat hulle Job as skuldig beskou. Maar God weet, dit is Job se oortuiging! - dat Job onskuldig is. Hy kan dus so 'n borgskap op hom neem. Dan is Job daardeur geregverdig!

Dat die vriende Job se onskuld nie wil erken nie, is ook God se werk! Dit hoort by sy beproewing. Góð het hulle harte gesluit vir verstand. Maar daarom sal God ook nie toelaat dat hulle triomfeer nie. Op die verstandsverblindings (vgl. 12:16) kan geen blywende en geldige oordeel rus nie. Hulle is ontrou (6:15, e.v.). Maar desondanks hou die regverdige (Job!) vas aan sy weg; hy neem toe in krag, soos Job betoon het in die voortgang van sy geloofsoorwegings waarin hy van God verwag wat hy nodig het: 'n pleitbesorger, 'n borg.

Na hierdie geestesspanning sink Job weer terug in moedeloosheid. Hy staar die dood in die gesig. Sal daar dan van sy verwagting niks teregkom nie (17:15)?

### ***Tweede antwoord van Bildad (hf st. 18)***

- 18:1 Toe het Bildad, die Suhiet, geantwoord en gesê:  
18:2 Hoe lank wil julle jaag agter woorde? Word verstandig, en daarna sal ons spreek.  
18:3 Waarom word ons as vee gereken, is ons dom in julle oë?  
18:4 Jy, iemand wat homself verskeur in sy toorn — sal om jou ontwil die aarde verlate wees of 'n rots uit sy plek versit word?  
18:5 Ja, die lig van die goddelose gaan dood, en die vlam van sy vuur bly nie flikker nie.  
18:6 Die lig in sy tent word duisternis, en sy lamp bo hom gaan dood.  
18:7 Sy geweldige treë word ingekort, en sy eie plan gooi hom omver.  
18:8 Want hy raak in 'n net deur sy eie voete, en hy loop oor die vlegwerk van 'n vangkuil.  
18:9 'n Vangnet gryp sy hakskeen, 'n strik hou hom vas.  
18:10 'n Tou is vir hom verberg in die grond en 'n valstrik vir hom op die pad.  
18:11 Verskrikkinge beangstig hom aan alle kante en jaag hom so ver as hy gaan.  
18:12 Sy onheil het honger, en die ondergang staan gereed vir sy val.  
18:13 Die eersgeborene van die dood verteer die lede van sy liggaam, hy verteer sy lede.  
18:14 Weggeruk word hy uit sy tent, die voorwerp van sy vertroue; en dit laat hom aanstap na die koning van die verskrikkinge.  
18:15 Daar woon in sy tent iets wat hom nie toebehoort nie; swawel word gestrooi oor sy woning.  
18:16 Onder verdroog sy wortels, en bo verwelk sy tak.  
18:17 Sy gedagtenis vergaan van die aarde af, en hy het geen naam op die wye veld nie.  
18:18 Hulle stoot hom uit die lig in die duisternis, en uit die wêreld verjaag hulle hom.  
18:19 Hy het geen kroos of nageslag onder sy volk en niemand wat oorbly in sy wonings nie.  
18:20 Oor sy dag staan die mense van die Weste verskrik, en siddering gryp die mense van die Ooste aan.  
18:21 Sekerlik, so gaan dit met die wonings van die kwaaddoener en so met die plek van hom wat God nie ken nie.

Bildad sê dat die heftige woordesstryd moet bedaar. Veral Job was so opgewonde dat hy homself in sy toorn verskeur en met sy bewerings alle verhoudings in die wêreld omkeer. As die sprekers dan verstandig geword het, sal hy, Bildad, praat. Hy is tog nie so dwaas soos Job dink nie (17:4,10).

As Bildad dan praat (vs. 5, ens.), is dit niks nuuts nie, maar 'n herhaling van die stelling dat

dit met die goddelose sleg gaan: sy lig, die beeld van lewe en voorspoed, gaan dood. Hy raak verstriek in allerlei ongelukke. Daarby noem hy ook psigologiese trekke soos verskrikkinge en angste (vgl. ook 15:20), vs. 11. Bildad word persoonlik as hy praat oor die eersgeborene van die dood, d.i. die pes en ander dodelike siektes; daaraan ly Job mos ook! Job moet maar na homself kyk om te sien wat die lot van die goddelose is! Hy is op pad na die koning van die verskrikkinge, d.i. die dood. Dan word ook sy tent verwoes, sy nageslag verdwyn, die nagedagtenis aan hom vergaan. Bildad beskryf die ondergang van die goddelose werklik met aangrypende woorde, maar 'n nuwe element bring hy nie na vore nie.

### ***Tweede antwoord van Job aan Bildad (hfst. 19)***

- 19:1 Maar Job het geantwoord en gesê:  
19:2 Hoe lank sal julle my siel kwel en my met woorde verbrysel?  
19:3 Nou tien maal al doen julle my smaadheid aan, mishandel julle my sonder om julle te skaam.  
19:4 En het ek ook werklik my misgaan, dan bly my fout by my.  
19:5 As julle jul werklik teen my wil groot maak en teen my my smaadheid wil bewys,  
19:6 weet dan dat Gód my onregverdig behandel het en met sy net my rondom ingesluit het.  
19:7 As ek roep: Geweld! dan word ek nie verhoor nie; ek roep om hulp, maar daar is geen reg nie.  
19:8 Hy het my weg toegemuur, sodat ek nie verby kan nie; en oor my paaie het Hy duisternis gesprei.  
19:9 My eer het Hy van my afgetrek en die kroon van my hoof weggeneem.  
19:10 Hy werp my aan alle kante omver, en — daar gaan ek! En Hy het my verwagting uitgeruk soos 'n boom.  
19:11 Ook het Hy sy toorn teen my laat ontvlam en my beskou as een van sy vyande.  
19:12 As een man kom sy skare aan en baan 'n pad vir hulle teen my, en hulle slaan die laer op rondom my tent.  
19:13 My broers het Hy ver van my verwyder, en my bekendes het vir my heeltemal vreemd geword.  
19:14 My nabestaandes ontbreek, en my vertroues het my vergeet.  
19:15 My bywoners en my slavinne beskou my as 'n vreemde; 'n onbekende het ek geword in hulle oë.  
19:16 Ek roep my slaaf, maar hy antwoord nie; met my mond moet ek hom smeek.  
19:17 My asem is vir my vrou hinderlik, en my slegte reuk vir die kinders van my moeder se skoot.  
19:18 Selfs jong seuns minag my; wil ek opstaan, dan spot hulle met my.  
19:19 Al my vertroude vriende het 'n afsku van my; en die wat ek liefgehad het, het hulle teen my gekeer.  
19:20 My gebeente kleef aan my vel en aan my vlees, en ek het slegs met my tandvlees ontsnap.  
19:21 Ontferm julle oor my, ontferm julle oor my, o my vriende, want die hand van God het my getref!  
19:22 Waarom vervolg julle my, soos God, en word nie versadig van my vlees nie?  
19:23 Ag, mag my woorde tog maar opgeskrywe, mag hulle maar in 'n boek opgeteken word —  
19:24 met 'n ystergriffel en lood — vir altyd in 'n rots ingekap!

Job kla weer oor sy vriende wat sy leed net nie wil verstaan nie. Asof hy tog deur hulle bewerings geskok is in sy oortuiging, vra hy: het ek my ook werklik misgaan? is daar fout by my? (vs. 4!). Dan wei hy weer uit oor sy toestand en sê reguit dat God hom onregverdig behandel. Niemand help hom nie. Hy sit in die donker. Sy eer en sy kroon van vroeër is weg. God beskou hom as 'n vyand (vgl. 16:9). Hy is eensaam en verlate. Jong seuns bespot hom. Sy liggaamslyding is vreeslik. Hartroerend klink sy uitroep: "Ontferm julle oor my, ontferm julle oor my, o my vriende, want die hand van God het my getref." God vervolg hom en sy vriende doen dit ook. Hulle word "nie versadig van my vlees nie". Om iemand se vlees te eet, beteken om hom te belaster, vals te beskuldig. Hy wens dat sy onskuldbetuigings nie verlore gaan nie. Dit is dieselfde wens as in 16:18. Sodat sy woorde nie verlore gaan nie, wens hy dat hulle opgeskryf word, op duursame materiaal. Dan kan hulle wat ná hom kom, dit nog lees en nie dink dat hy 'n goddelose was wat deur sy sonde omgekom het nie.

Hierdie onvervulbare wens is 'n bewys van Job se innerlike stryd om erkenning te kry vir sy onskuldbetuigings. In en deur die stryd kom hy tot 'n ander insig, 'n geloofsinsig, wat beter is as 'n retoriese wens. Hy *weet* iets. Hy roep uit: "Maar ek, ek weet: My Verlosser leef." Sy Verlosser is sy God, met wie hy geveg het om reg en op wie hy bly hoop het (13:15).

19:25 Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan.

19:26 En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou;

19:27 Hom wat ék sal aanskou my ten goede, en my oë — en geen vreemde nie — sal sien, My niere versmag van verlange in my binneste.

19:28 As julle sê: Hoe sal ons hom vervolg, aangesien die wortel van die saak in hom gevind is! —

19:29 vrees dan vir die swaard, want grimmigheid is een van die oortredinge wat die swaard verdien, sodat julle kan weet dat daar 'n oordeel is.

"Verlosser" is die vertaling van die Hebreeuse woord *goo'eel*, wat meesal deur *losser* vertaal word, in die boek Rut en Lev. 25:25 waar ons lees: "As jou broer verarm en van sy besittings verkoop, moet sy *losser* wat sy nabestaande is, kom en hy moet los wat sy broer verkoop het." Die *losser* moet die verarmde bloedverwant weer in sy posisie herstel, ook wanneer hy homself verkoop het om sy skulde te betaal. Hy moet hom verlos. So is ook die *HERE* die Verlosser van Sion (Jes. 59:20; Jer. 50:34). In geval van doodslag is die *losser* die bloedwreker. Ons moet by hierdie uitspraak van Job aan hom dink. Job bou hier voort aan die gedagte van 16:18, "o Aarde, moenie my bloed bedek nie". Sy bloed, die onreg wat hom aangedoen is, sal gewreek word; sy *losser* is God. En Hy leef! Hy sal dus ook iets doen. Hy sal as laaste oor die stof opstaan. Hy het die laaste en beslissende woord, nie die vriende nie!

'n Moeilike kwessie in hierdie verband is die vraag of Job die optrede van sy *losser* tydens sy aardse lewe of na die dood verwag. Die oudste opvatting is wel dat Job dit na die dood verwag. Dit is die post-mortem opvatting. As beswaar hierteen word ingebring dat Job niks na die dood sou verwag nie; uit die doderyk kom niemand weer op nie (10:21; 14:22; 16:22). Tog was dit ten slotte vir hom ook nog 'n vraag (14:14)! Kon hy in sy uitspraak van 19:25, 26 nie tot 'n positiewe antwoord opgeklim het nie?

Die ander opvatting is die ante-mortem opvatting.

By die beantwoording van hierdie vraag moet ook gelet word op vs. 26, veral op die woorde: "uit my vlees". (Die vertaling van die eerste helfte van hierdie vers is baie onseker.)

Die vertaling "uit my vlees" beteken dat Job as liggaamlik lewende mens God sal aanskou. Hierdie betekenis pas by die ante-mortem opvatting. Daar is egter ook 'n ander vertaling

moontlik, nl. "sonder my vlees" of "buite my vlees". Dit pas by die post-mortem opvatting.

Albei opvattinge word met krag verdedig en vir altwee word argumente ingebring. Ons wil dit nie nou hier teenoor mekaar afweeg nie. Dit is moeilik om 'n keuse te maak. Die ouderkerklike opvatting was die post-mortem opvatting en dié opvatting is in die Christelike geloofsleer gehandhaaf en wel met behoud van die vertaling "uit my vlees", in die sin van "die opstandingsvlees". In die Heidelbergse Kategismus word in Sondag 22, vraag en antwoord 57, onder die bewystekste vir "die opstanding van die vlees" ook Job 19:25 en 26 vermeld.

Ten slotte bly in albei opvattinge die hoofsaak dieselfde: Job sal God aanskou, d.w.s. die guns van God ervaar (Ps. 11:7; 17:15). Die uitdrukking word duidelik deur die gebruik daarvan ten opsigte van aardse konings, kyk Est. 1:14. Job het sy God teruggevind! Die teenstelling van God te aanskou, is dat God sy aangesig verberg. (Ps. 13:2). So was dit met Job gewees (13:24). Maar nou is daar die verwagting van iets anders. Hy sal God ten goede aanskou. God sal dan nie 'n vreemde vir hom wees nie (vs. 27). Heftig verlang hy na die vervulling van hierdie verwagting, hetsy in of na die aardse lewe. Sy niere versmag van verlange. (Die niere word beskou as die setel van die gevoelslewe, Ps. 73 :21; Spr. 23 :16.)

Hoe het hierdie verandering in Job se sielstoestand plaasgevind? Dit is 'n geloofsoorwinning! In alle ramp en leed het hy sy God nooit losgelaat nie. Hy het altyd met Hom te doen gehad. Sy geloof waaruit hy altyd geleef het, was ernstig geskok deur die rampe, maar dit het van stap tot stap herstel. Die gawe van die geloof is onverwoesbaar en die genadegawes van God is onberoulik (Rom. 11:29). Die geskiedenis van Job is 'n bewys van wat die Dordtse Leerreëls sê (V, 11): "Intussen getuig die Skrif dat die gelowiges in hierdie lewe teen verskillende twyfelinge van die vlees stry en, as hulle in swaare aanvegtinge kom, nie altyd hierdie volle vertroue van die geloof en hierdie sekerheid van die volharding gevoel nie. Maar God, die Vader van alle vertroosting, laat nie toe dat hulle bo hulle kragte versoek word nie, maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee (1 Kor. 10:13), en Hy wek in hulle die versekerdheid van die volharding deur die Heilige Gees weer op."

Op hierdie hoogtepunt van sy geloofsversekerdheid sien Job in watter gevaar die vriende verkeer deur hom, die onskuldige, tog te veroordeel. Hy waarsku hulle daarom ernstig. Hy het dit al eerder gedoen (13:10) en nou weer. Die vriende, so veronderstel hy, sal hom verder vervolg, omdat hulle meen dat die wortel van die saak in hom gevind is, d.w.s. die kern van die hele kwessie is Job se hardnekkige verklaring dat hy onskuldig is. Maar Job is daarvan vas oortuig en as die vriende dit ontken, dan is hulle skuldig aan die veroordeling van 'n onskuldige en dit sal in die gerig met die swaard gestraf word.

## ***Tweede antwoord van Sofar (hf st. 20)***

- 20:1 Toe het Sofar, die Naämatiet, geantwoord en gesê:
- 20:2 Daarom juis antwoord my gedagtes my, en wel weens my haastigheid in my.
- 20:3 'n Bestraffing wat vir my griewend is, moet ek aanhoor; maar die gees uit my verstand antwoord my.
- 20:4 Weet jy wel dit wat van altyd af was, vandat die mens op die aarde gemaak is:
- 20:5 dat die gejubel van die goddelose kort van duur is en die vreugde van die roekelose net vir 'n oomblik?
- 20:6 Al klim sy hoogheid na die hemel toe op, en al raak sy hoof aan die wolke —
- 20:7 soos sy eie drek vergaan hy vir ewig; die wat hom gesien het, vra: Waar is hy?
- 20:8 Soos 'n droom vlieg hy weg, sodat 'n mens hom nie meer vind nie; en hy word verjaag soos 'n naggesig.

- 20:9 Die oog wat hom gesien het, sien hom nie meer nie; en sy plek aanskou hom nie meer nie.
- 20:10 Sy kinders moet die guns soek van armes, en met eie hande moet hy sy vermoë teruggee.
- 20:11 Sy gebeente was vol van sy jeugdige krag; maar met hom saam lê dit in die stof.
- 20:12 Al smaak die kwaad soet in sy mond, al verberg hy dit onder sy tong,
- 20:13 al spaar hy dit, en al wil hy dit nie laat vaar nie, maar dit terughou in sy verhemelte —
- 20:14 tog word sy voedsel in sy ingewande verander, dit word gal van adders in sy binneste.
- 20:15 Rykdom het hy verslind, maar hy moet dit weer uitspuug; uit sy buik dryf God dit weg.
- 20:16 Die gif van adders suig hy in, die tong van 'n slang maak hom dood.
- 20:17 Hy mag hom nie verlustig in beke, in vloeiende strome van heuning en dikmelk nie.
- 20:18 Wat hy deur arbeid verkry het, gee hy terug sonder om dit in te sluk; na die maat van sy ingeruilde rykdom sal hy nie bly wees nie.
- 20:19 Want hy het die armes verdruk, aan hulle lot oorgelaat; 'n huis het hy geroof, maar hy sal dit nie opbou nie.
- 20:20 Want hy het geen rus geken in sy binneste nie; so sal hy dan nie ontsnap met sy kosbare goed nie.
- 20:21 Niks het ontkom aan sy vraatsug nie; daarom is sy voorspoed nie duursaam nie.
- 20:22 By die volheid van sy oorvloed sal hy benoud wees: al die hande van ellendiges oorval hom.
- 20:23 Om sy buik te vul, sal Hy teen hom uitstuur sy toorn, en Hy sal dit op hom laat reën as sy voedsel.
- 20:24 Hy sal vlug vir die ysterwapens — 'n koperboog sal hom deurboor.
- 20:25 Hy trek — daar kom dit uit sy rug, en die glinsterende swaard gaan uit sy gal; verskrikkinge is op hom!
- 20:26 Pure duisternis is bewaar vir sy skatte; 'n vuur wat nie deur mense aangeblaas is nie, verteer hom; dit wei af wat in sy tent oorbly.
- 20:27 Die hemel openbaar sy ongeregtheid, en die aarde staan teen hom op.
- 20:28 Weggevoer word die opbrings van sy huis — goed wat wegspoel op die dag van sy toorn.
- 20:29 Dit is die deel van die goddelose mens van die kant van God en die erfdeel wat vir hom bestem is deur God.

Sofar voel baie gegrief oor Job se bestawwende woorde, veral natuurlik oor sy dreigement van die gerig. Job het ook opvallende uitsprake gedoen en 'n kragtige geloofsgetuigenis laat hoor, maar daar gaan Sofar nie nader op in nie, al wat hy daarvan sê is die vraag: Weet jy dit van oudsher? d.w.s. uit watter ver verlede kry jy sulke kennis? Alles wat hy verder sê, is herhaling en beklemtoning van die stelling dat dit met die goddelose sleg gaan. As dit goed met hom gaan, dan is dit maar van korte duur. Hy laat deurskemer dat die rykdom van die goddelose deur afpersing en onderdrukking verkry is (vs. 19), maar dat hy dit op die ou end tog weer moet teruggee. Goddelike ingrype verteer sy tent (vs. 26). Sofar gebruik skerp woorde en sterksprekende beeldspraak, maar die probleem van Job word nie opgehelder nie. Wel is sy antwoord vol van bedekte sinspelings op die manier waarop Job sy rykdom verkry het.

## ***Tweede antwoord van Job aan Sofar (hfst. 21)***

- 21:1 Maar Job het geantwoord en gesê:

- 21:2 Luister goed na my rede, en laat dit die vertroosting wees wat julle aanbied.
- 21:3 Verdra my, dat ek ook kan spreek; en nadat ek gespreek het, kan jy spot.
- 21:4 Wat my aangaan, geld my geklaag dan 'n mens? Of waarom sou ek nie ongeduldig word nie?
- 21:5 Kyk my aan, en wees verskrik; en lê die hand op die mond.
- 21:6 Ja, as ek daaraan dink, is ek glad verslae, en verskrikking gryp my vlees aan.
- 21:7 Waarom bly die goddelose lewe, word hulle oud, ja, neem hulle toe in krag?
- 21:8 Hulle nakomelinge bestaan voor hulle in hul gemeenskap, en hul spruite voor hulle oë.
- 21:9 Hul huise het vrede, sonder skrik; en die roede van God is op hulle nie.
- 21:10 Sy stier bespring en mis nie; sy koei kalf en het geen misdrag nie.
- 21:11 Hulle laat hul jong seuns loop soos 'n trop kleinvee, en hul kinders spring rond.
- 21:12 Hulle sing by die tamboeryn en siter en is bly by die klank van die fluit.
- 21:13 In voorspoed slyt hulle hul dae, en in 'n oomblik sink hulle in die doderyk af.
- 21:14 Tog het hulle tot God gesê: Bly ver van ons af; en: In die kennis van u weë het ons geen behae nie.
- 21:15 Wat is die Almagtige dat ons Hom sou dien? En wat baat dit ons dat ons biddend by Hom aandring?
- 21:16 (Kyk, hulle voorspoed is nie in húl hand nie: die gesindheid van die goddelose is ver van my!)
- 21:17 Hoe selde gaan die lamp van die goddelose dood en oorval hul ondergang hulle! Deel Hy smarte uit in sy toorn,
- 21:18 word hulle soos strooi voor die wind, en soos kaf wat die stormwind wegvoer?
- 21:19 Julle sê: God spaar sy onheil vir sy kinders op. Ek sê: Hy moes dit aan homself vergeld, dat hy kan voel!
- 21:20 Sy eie oë moes sy ongeluk sien, en sêlf moes hy drink van die grimmigheid van die Almagtige.
- 21:21 Want wat gee hy om sy huis ná hom as die getal van sy maande afgesny is?

Sofar het met klem beweer dat dit met die goddelose sleg gaan. Job toon nou aan dat daardie stelling nie opgaan nie. Hy het dit vroeër al so terloops gedoen (10:3 en 12:6), maar nou maak hy 'n punt daarvan. Hy sê dat God se houding teenoor die goddelose heeltemal anders is en dat dit hom, Job self, ook verslae maak (vs. 6).

Hy begin met "waarom?". Met hierdie vraag word in die eerste plek 'n feit gekonstateer en daarna sluit die vraag in dat die feit nie reg is nie. "Waarom bly die goddelose lewe. word hulle oud, ja, neem hulle toe in krag?" Dit moet mos nie so wees nie? Job noem egter hulle gelukkige omstandighede op. Hy teken hulle en hulle nageslag se rus en vrede. Hulle kinders huppel rond en met die boerdery gaan alles ook voorspoedig. Die dae gaan verby met sang en musiek, hulle leef lekker, totdat die einde kom en dan is dit ook vredig en normaal (vs. 13 - "in 'n oomblik"; beter: "in vrede").

Bildad het gesê: "die lig van die goddelose gaan dood" (18:5). Maar Job sê: "hoe selde gaan die lamp van die goddelose dood".

En dit betref dan mense wat die Almagtige nie wou dien nie en geen lus het in die kennis van sy weë nie!

Wat Job hier aanroer, is dieselfde probleem as wat Asaf noem in Psalm 73. Asaf het 'n oplossing gekry (vs. 17), maar Job maak daarvan geen melding nie. Die vriende het egter wel 'n oplossing. Hulle sê: God bêre sy onheil vir sy kinders. Die straf kom op die kinders (vgl. 5:4; 20:10). Maar hierdie oplossing kan Job nie bevredig nie. As die vader dood is, weet hy



mos van sy kinders niks af nie! (14:21). God moet dit aan homself vergeld, dat hy kan voel! "Sy eie oë moes sy ongeluk sien, en self moes hy drink van die grimmigheid van die Almagtige."

- 21:22 Wil iemand aan God kennis leer, Hom wat die hemelse wesens oordeel?  
21:23 Die een sterwe in volkome geluk, heeltemal gerus en tevrede.  
21:24 Sy emmers is vol melk, en die murg van sy gebeente word deur en deur bevogtig.  
21:25 Die ander daarenteen sterwe met bitterheid van siel sonder dat hy van die goeie geniet het.  
21:26 Saam lê hulle in die stof, en die wurms oordek hulle.  
21:27 Kyk, ek ken julle gedagtes en die slim planne waarmee julle gewelddadig teen my optree.  
21:28 As julle sê: Waar is die huis van die tiran, en waar die woontent van die goddelose —  
21:29 het julle dan nie navraag gedoen by die reisigers nie (hulle bewyse kan julle tog nie loën nie!):  
21:30 dat die kwaaddoeners gespaar word op die dag van ondergang, dat hulle weggelei word op die dag van grimmigheid?  
21:31 Wie gee hom openlik sy gedrag te kenne; en het hy gehandel — wie sal hom dit vergeld?  
21:32 Dan word hy na die graf gebring, en hulle sorg vir sy grafheuwel.  
21:33 Sag lê op hom die kluite van die dal; en agter hom trek al die mense aan soos daar ontelbares voor hom gewees het.  
21:34 Hoe troos julle my dan op so 'n nietige manier? En julle antwoorde — net troubreuk bly oor!

In vs. 22 kry ons weer 'n tussenwerpsel van die kant van die vriende: „Wil iemand aan God kennis leer, Hom wat die hemelse wesens oordeel?” Dit is wel 'n raak opmerking (vgl. 39:35). Maar Job gaan ongesteurd verder deur te sê: "Die een sterwe in volkome geluk, heeltemal gerus en tevrede ... die ander daarenteen sterwe met bitterheid van siel sonder dat hy van die goeie geniet het." Hierby dink Job sekerlik aan homself! 'n Pynlike verskil in lewenstoestande en dit somer willekeurig. Ook in die dood word dit nie reggestel nie want "Saam lê hulle in die stof, en die wurms oordek hulle" (26).

Daar is nog 'n teenwerping van die kant van die vriende: As dit met die goddelose dan so goed gaan - laat Job dan aanwys waar die huis van die tiran is, waar die woontent van die goddelose. Wel, sê Job, vra die reisigers (toeriste) maar. Hulle sien wat in die wêreld gebeur! Moontlik het hulle graftekens (piramides?) gesien van die geweldiges op die aarde, wat mos ook nie altyd reggedoen het nie?

Die einde van alles is, sê Job, dat die geweldiges ook nog 'n eervolle begrafnis kry. 'n Grafheuwel hou sy gedagtenis in eer. "Sag lê op hom die kluite van die dal". In die graf lê hy nog lekker! Dit is natuurlik 'n digterlike oordrywing, 'n hiperbool; in die mond van Job klink dit soos bitter ironie.

Wat bly daar nou oor van die redenasies van die vriende? En daarmee wil hulle hom nou troos! Dis nietige troos, sê Job. Hulle woorde is bedrog (vgl. 13:12)!

Hiermee eindig die tweede ronde van die gesprekke.

### ***Derde antwoord van Élifas aan Job (hfst. 22)***

- 22:1 Toe het Élifas, die Temaniet, geantwoord en gesê:  
22:2 Kan 'n man aan God 'n diens bewys? Nee, aan homself bewys die verstandige 'n diens.  
22:3 Het die Almagtige daar belang by dat jy regverdig is? Of is dit voordeel vir Hom dat jy onberispelik wandel?  
22:4 Is dit oor jou Godsvrees dat Hy jou bestraf, dat Hy met jou na die gereg gaan?  
22:5 Is jou boosheid nie groot en jou ongeregthede nie sonder einde nie?  
22:6 Want jy het pand geneem van jou broers sonder noodsaak, en die klere van die naaktes het jy uitgetrek.  
22:7 Aan die vermoeide het jy geen water gegee om te drink nie, en aan die hongerige het jy die brood onthou.  
22:8 Maar aan die man van geweld — aan hom behoort die land; en die aansienlike — hy moet daarin woon!  
22:9 Weduwees het jy met leë hande weggestuur, en die arms van die wese is verbrysel.  
22:10 Daarom is daar vangnette rondom jou en maak die vrees jou skielik skrik.  
22:11 Of sien jy die duisternis nie en die oorvloed van waters wat jou bedek?  
22:12 Is God nie hemelhoog nie? En aanskou hoe hoog die hoogste sterre staan.  
22:13 Maar jy sê: Wat weet God? Kan Hy deur donkerheid heen strafgerig hou?  
22:14 Wolke is 'n bedekking vir Hom, sodat Hy nie sien nie; en oor die hemelgewelf wandel Hy.  
22:15 Wil jy die pad van die ou tyd hou, wat die kwaaddoeners bewandel het,  
22:16 wat gegryp is voor die tyd, wie se grondslag uitgegiet is soos 'n stroom,  
22:17 wat tot God gesê het: Bly ver van ons af! en: Wat kan die Almagtige ons aandoen?  
22:18 En tog het Hy hulle huise gevul met wat goed is. (Maar die gesindheid van die goddelose is ver van my!)
- 22:19 Die regverdiges sien dit en is bly, en die onskuldige spot met hulle en sê:  
22:20 Waarlik, ons teëstander is verdelg; en wat hulle laat oorbly het, het die vuur verteer.

Élifas neem weer die woord en open die derde ronde van die gesprekke. Hy word nou skerp en venynig. Die rede hiervoor is dat hy in Job iets opgemerk het wat hyself nie besit nie, nl. 'n innige verbondenheid aan God. In die teenwoordigheid van sy vriende het Job daarvan getuig toe hy gesê het hy weet sy Verlosser leef, dat hy Hom sal aanskou en dat hy heftig na Hom verlang, 19:25-27. Dit is die egte vroomheid van Job. En dit is iets vreemds vir die vormlike, wettiese vroomheid van die vriende. Sofar het hom daaroor ook vererg en gevra: "Weet jy dit van altyd af?" (20:4). Die wysheid kom mos uit die verlede (vgl. 15:8)!

Élifas gaan dieper daarop in en trek die waarde van daardie vroomheid in twyfel deur te vra: "Kan 'n man aan God 'n diens bewys? . . . Het die Almagtige daar belang by dat jy regverdig is?"

Of is dit voordeel vir Hom dat jy onberispelik wandel?" Hierdie vrae moet natuurlik ontkennend beantwoord word. Dit is retoriese vrae! Hy bedoel dat God aan vroomheid niks het nie. Job moet hom dus nie verbeel dat hy daarmee iets by God sal bereik nie.

Is hierdie mening van Élifas reg?

Dit gaan hier om die voordeel, die nuttigheid van die godsdiens. In die eerste plek gaan dit



om die nuttigheid daarvan vir God. Maar Élifas stel die kwessie van nuttigheid van die godsdiens vir die mens self ook aan die orde as hy (2b) sê: "Nee, aan homself bewys die verstandige 'n diens." Dit word deur goddelose mense ook ontken - kyk 21:15.

Job self het die vraag van die ander kant af gestel toe hy gevra het of sónde God skade aandoen, 7:20. Dit staan vas dat die mens homself wel skade aandoen deur die sonde. Deur die mond van Jeremia het God tot die sondige Juda gesê: "Terg hulle My? Doen hulle dit nie aan hulleself tot beskaming van hul aangesig nie?" (Jer.7:19).

Die kwessie wat Élifas aan die orde stel, is nie so eenvoudig om te beantwoord nie. Dit is waar dat God nie deur mensehande gedien word asof Hy aan iets behoefte het nie (Hand. 17:25). Die Skrif sê egter dikwels genoeg dat die HERE 'n welgevalle het aan die opregtes van hart.

Wat Élifas sê, is in 'n sekere sin wel waar, maar nie in absolute sin sodat vroomheid waardeloos is vir God, en Job se gemeenskap met God tot inbeelding vervlugtig nie.

Élifas se bedoeling kom egter pas duidelik uit as hy sê: "Is dit oor jou Godsvrees dat Hy jou bestraf?"

Dat God Job bestraf, is vir Élifas 'n vasstaande feit. En Godsvrees, godsvrug word mos nie bestraf nie? Die straf het ander redes! Sondes! En die sondes van Job gaan hy nou breed opnoem.

So het Élifas Job se geloofsgetuienis tot niet gemaak!

Tegelykertyd opper hy die gedagte dat "n verstandige aan homself diens bewys" deur godsdiens. Élifas kom hier baie naby aan die mening van die Satan (1:9)!

Die sondes waarvan Élifas Job beskuldig, lê op sosiale terrein. Hy het armes en ellendiges nie gehelp nie, maar uitgegaan van die stelreël dat die land behoort aan die man van geweld, die ryke en sterke, soos hyself was. Daarom word hy nou gestraf. Sy rampe belemmer hom soos vangnette, hy verkeer in ellende wat hom soos duisternis en vloedgolwe onthul.

Élifas het nog 'n ander swaar beskuldiging teen Job. Hy sê vir hom: "Maar jy sê: Wat weet God?" Dit beteken: God weet niks nie!

Maar dit het hy nooit gesê nie. Élifas sê dit met betrekking tot Job se klagte (21:6-18), dat die goddelose nie gestraf word nie. Hy neem as uitgangspunt die hoogheid van God en maak daarvan dat Job sou gesê het: God is te hoog om die sondes te sien. Wolke bedek sy uitsig en Hy wandel ver weg op die hemelgewelf. As jy so dink, sê Élifas, bewandel jy die pad wat die kwaaddoeners van oudsher bewandel het (vs. 15). Job self het dié mense geteken as mense wat tot God sê: "Bly ver van ons af!" (21:19). Élifas gebruik dieselfde woorde (17) en sê dat Job self by hulle behoort. Maar dit het sleg met hulle gegaan; hulle is vroegtydig gegryp, tot blydschap van die regverdiges.

**22:21** Sluit tog vriendskap met Hom, sodat jy vrede kan hê; daardeur sal goeie dinge oor jou kom.

**22:22** Neem tog uit sy mond onderrig aan, en lê sy woorde weg in jou hart.

**22:23** As jy tot die Almagtige terugkeer, sal jy gebou word; as jy die onreg verwyder uit jou tent.

**22:24** En gooi die gouderts in die stof en tussen die rotse van die spruite die goud van Ofir.

**22:25** Dan sal die Almagtige jou gouderts wees en stawe silwer vir jou.

**22:26** Want dan sal jy in die Almagtige jou verlustig en jou aangesig tot God ophef.

**22:27** Jy sal tot Hom bid, en Hy sal jou verhoor; en jy sal jou geloftes betaal.

- 22:28 Besluit jy iets, dan kom dit tot stand; en oor jou weë skyn 'n lig.  
 22:29 As dié afdraand loop, dan sê jy: Boontoe! En hom wat neerslagtig is, verlos Hy.  
 22:30 Hy red selfs hom wat nie onskuldig is nie: ja, hy word gered deur die reinheid van jou hande.

In die laaste gedeelte van sy toespraak verander Élifas van toon. Hy word nou vriendeliker, gemoedeliker en gee goeie raad, vermaning en vertroosting. Hy moet vriendskap met God sluit - nie met Hom veg om erkenning van sy onskuld nie. Hy moet die woorde van God weglê in sy hart - maar God antwoord hom mos nie! Hy moet afstand doen van rykdom wat hy deur onreg verkry het (kyk vs. 6-9). Dan sal hy in God self sy skat vind. Aanloklik skilder Élifas die vrugte van 'n goeie verhouding met God. Hy verneder die hoogmoedige (vs. 29a), maar verlos die mismoedige. God red selfs hom wat nie onskuldig is nie (daar is dus vir Job ook nog hoop!) deur vergewing. Maar jou hande moet rein wees!

Skone woorde! Menige sondaar kan daaruit voordeel trek! Maar wat is daarby wat vir Job nuwe gesigspunte bied? Hy weet dit alles, maar dit help hom nie, want om uit eie belang vriendskap met God te soek, stuit hom teen die bors.

### ***Derde antwoord van Job aan Élifas (hfst. 23,24)***

- 23:1 Maar Job het geantwoord en gesê:  
 23:2 Nog altyd geld my geklaag as wederstrewigheid; my hand lê swaar op my gesug.  
 23:3 Ag, as ek maar geweet het waar ek Hom kon vind, maar kon kom tot by sy woning!  
 23:4 Dan sou ek die regsak voor sy aangesig uiteensit en my mond met bewyse vul;  
 23:5 ek sou verneem die woorde wat Hy my sou antwoord, en verstaan wat Hy aan my sou sê.  
 23:6 Sou Hy met oormag teen my stry? Nee, maar Hy sou ag op my gee.  
 23:7 Dan sou daar 'n opregte met Hom staan en pleit, en ek sou vir ewig van my regter vrykom.  
 23:8 Kyk, ek gaan na die ooste, en Hy is nie daar nie; en na die weste, maar ek bemerk Hom nie.  
 23:9 As Hy in die noorde werk, aanskou ek Hom nie; buig Hy af na die suide, dan sien ek Hom nie.  
 23:10 Want Hy weet hoe my wandel is; as Hy my toets, sal ek soos goud te voorskyn kom.  
 23:11 Aan sy voetstap het my voet vasgehou; sy weg het ek bewaar sonder om uit te draai.  
 23:12 Van die gebod van sy lippe het ek nie afgewyk nie; die woorde van sy mond het ek bewaar meer as my eie wet.  
 23:13 Maar Hy bly onveranderlik Een — wie sal Hom dan teëhou? En wat sy siel begeer, dit doen Hy.  
 23:14 Want Hy sal volbring wat oor my besluit is, en baie sulke dinge is daar by Hom.  
 23:15 Daarom is ek verskrik voor sy aangesig; as ek daarop ag gee, vrees ek vir Hom.  
 23:16 En God het my hart week gemaak, en die Almagtige het my verskrik.  
 23:17 Want ek vergaan nie vanweë die duisternis of vanweë my eie aangesig wat deur donkerheid oordek is nie.

"Nog altyd geld my geklaag as wederstrewigheid" - so sê Job. Hy moet aanhou protesteer. Maar het daar dan geen verandering gekom sedert Job sy Verlosser gevind het nie? (19:25). Ja, in Job se geloofsoortuiging. Maar nie in die houding van God nie. Daarom kan Job sy gesug nie bedwing nie of, soos hy dit uitdruk: "my hand lê swaar op my gesug". God hou

hom nog steeds verborge vir Job. Dit is Job se probleem. En dit is ook 'n probleem vir ons, die lesers van die boek Job. Maar dit is nou juis die les van die boek Job. God doen anders as wat ons wou dat Hy sou doen, anders as wat ons sou dink dat Hy moes doen. Want Hy is soewerein! Hy verskyn nie met 'n vriendelike aangesig asof die mense Hom met gebede daartoe kan oproep nie. Hy is vir Job nog geen Hoorder van die gebed nie. Dit is die hardheid van die boek Job. Daaronder sug ons ook as ons die boek lees.

Job is wel daarvan oortuig dat sy verhouding met God goed is. En God wéét hoe sy optrede is. As hy Hom maar kon vind, dan sou hy die regsak voor sy aangesig uiteensit. Hy het genoeg bewyse van sy onskuld. Maar hy vind God nêrens nie. God onttrek homself. Hoe kan jy nou veg met iemand wat hom verberg? En so duur Job se beproewing maar voort!

Vroeër was hy bang vir God se oormag, vir sy roede en verskrikkinge (9:34) en het hy gevra (13:20) dat God hom twee dinge nie moes aandoen nie. Dié vrees het hy nou oorwin. Hy dink nie dat God met oormag teen hom sal stry nie; God sal ag op hom gee, aandag aan hom skenk. As hy voor God staan, sal dit blyk dat daar 'n opregte met God in die gerig gaan; dan sal hy vry kom. Maar dit is die moeilikheid - hy kry God nêrens nie! God weet dat Job suiwer van lewenswandel is, maar Hy onttrek Homself, sodat Hy dit nie hoef te sê nie; dit beteken verlenging van sy lyding.

God - so sê Job - bly Een! Onveranderlik Éen! Hy kan nie beweeg word tot verandering nie! Wat Hy wil, dit doen Hy. Wie weet wat Hy nog verder oor hom besluit het? As Job daaraan dink, word hy weer bang. Sy moet om voor God te verskyn, verdwyn weer. Hy word weer verskrik voor God se aangesig. Die duisternis van sy lewe sou hy wel kon dra, as God net nie so onbereikbaar was nie!

So gaan die gemoedstemminge, vrymoedigheid en skrik soos golwe in Job se siel op en neer.

- 24:1    Waarom het die Almagtige vir Hom geen geregstye voorbehou nie, en sien die wat Hom ken, nie sy geregsdae nie?
- 24:2    Grenslýne verlê hulle; 'n trop vee roof hulle en laat dit wei.
- 24:3    Die esel van die wese dryf hulle weg, die bees van die weduwee neem hulle as pand.
- 24:4    Hulle stoot die behoeftiges van die pad af; die ellendiges van die land kruip almal saam weg.
- 24:5    Kyk, soos wilde-esels in die woestyn trek hulle uit na hul werk, terwyl hulle soek na voedsel; die wildernis lewer brood vir hulle, vir die kinders.
- 24:6    Op die veld gaan hulle voer haal, en in die wingerd van die goddelose hou hulle na-oes.
- 24:7    Naak bring hulle die nag deur, sonder klere, en hulle het geen bedekking teen die koue nie.
- 24:8    Van die stortbui van die berge word hulle nat; en by gebrek aan skuiling druk hulle hul teen die rotse vas.
- 24:9    Hulle ruk die weeskind van die bors af; en wat die arme aan het, verpand hulle.
- 24:10   Naak gaan hulle heen, sonder klere; en terwyl hulle honger het, dra hulle gerwe aan.
- 24:11   Tussen die mure van dié mense pars hulle olie, trap die parskuipe terwyl hulle versmag van dors.
- 24:12   Uit die stad kerm die manne, en die siel van die gewondes roep om hulp; tog gee God geen ag op die ongerymdheid daarvan nie.

In hoofstuk 24:1 begin Job weer kla dat hy geen reg kan kry nie; hy kla dat God geen geregsdae hou nie waarna juis hulle wat Hom ken, so uitsien. En daar is tog so baie onreg. Hy

gee (vs. 2 e.v.) 'n opsomming van allerlei misdade soos landroof en veediefstal. In sy opsomming val die nadruk op die slagoffers van die misdade: die weduwee en die wese. Dit is sosiale onreg (vs. 2-8). In vs. 9 keer hy terug tot die geweldenaars, wat die weeskind van die bors ruk en die klere van die arme tot pand neem. Dan volg weer 'n beskrywing van hulle wat onreg ly.

(Eintlik sluit vs. 10-12 goed aan by 5-8 en staan vs. 9 ietwat verdwaal daartussen; vs. 9 sluit wel aan by vs. 2-4. Ons kan in die res van hierdie hoofstuk nog meer sulke opmerkings maak. Het die volgorde van die teks versteur geraak?)

Job noem die sosiale ongeregtighede *ongerymdhede* en met die verwyt dat God daar geen ag op slaan nie, keer hy terug tot sy uitgangspunt: God doen geen reg nie.

- 24:13 Sulke mense behoort by die vyande van die lig: hulle ken nie die weë daarvan nie en bly nie op die paaie daarvan nie.
- 24:14 Teen dagbreek staan die moordenaar op, hy maak die arme en behoeftige dood, en in die nag is hy soos die dief.
- 24:15 En die oog van die owerspeler neem die skemeraand waar en sê: Geen oog kan my sien nie; en hy sit 'n sluier voor sy gesig.
- 24:16 In die duisternis breek hulle in die huise in; bedags sluit hulle hul op; hulle ken nie die lig nie.
- 24:17 Want vir hulle saam is die stikdonker 'n môrestond, want hulle ken die verskrikkinge van die stikdonker.
- 24:18 Gou dryf hul voort op die oppervlakte van die water; hulle stuk grond word vervloek in die land; hulle begeef hul nie meer op pad na die wingerde nie.
- 24:19 Droogte, ook hitte, roof die sneeuwater weg — so die doderyk die wat gesondig het.
- 24:20 Die moederskoot vergeet hom; die wurms eet smaaklik aan hom; aan hom word nie meer gedink nie: so word dan die onreg gebreek soos 'n stuk hout —
- 24:21 hy wat die onvrugbare plunder wat nie baar nie, en aan die weduwee geen weldaad bewys nie.
- 24:22 Tog laat Hy deur sy krag die magtiges lank lewe; hy wat al van sy lewe nie seker was nie, staan weer op.
- 24:23 God gee hom veiligheid, en hy steun daarop; en sy oë is op hulle weë.
- 24:24 Hulle het hul verhef — 'n kort rukkie, dan is hulle daar nie meer nie; en hulle word verneder; soos almal sterwe hulle; en soos die boonste van 'n halm word hulle afgesny.
- 24:25 En is dit nou nie so nie, wie sal my van 'n leuen beskuldig en my rede tot niet maak?

In vs. 13 beskryf hy weer die optrede van die goddelose geweldenaars, maar in vs. 18 lees ons weer van die ondergang van die goddelose. Dit pas nie in Job se redevoering nie, maar wel in die redenasie van die vriende. Het 'n stuk van Bildad se antwoord, wat baie kort is, miskien hier verdwaal geraak?

### **Derde antwoord van Bildad (hfst. 25)**

- 25:1 Toe het Bildad, die Suhiet, geantwoord en gesê:
- 25:2 Heerskappy en verskrikking is by Hom wat vrede maak in sy hoogtes.
- 25:3 Is daar 'n getal vir sy leërskaar? En oor wie rys sy lig nie op nie?
- 25:4 Hoe sou dan 'n mens regverdig wees by God? En hoe sou hy rein wees wat uit 'n vrou gebore is?

- 25:5 Kyk, selfs die maan — hy skyn nie helder nie; en die sterre is nie rein in sy oë nie.  
25:6 Hoeveel minder die mens, 'n maaier; en die mensekind, 'n wurm.

In hierdie laaste antwoord van Bildad begin hy meteens oor "Hom" te praat. Dit lê voor die hand dat hy God bedoel. Dit blyk dan ook duidelik in vs. 4. Dit skyn asof hier 'n begin aan die teks ontbreek.

Bildad praat oor die verhewe majesteit van God: "Heerskappy en verskrikking", d.w.s. verskriklike heerskappy "is by Hom". Hieroor het Job ook gepraat, in hoofstuk 12. Hieroor is die vriende dit eens; hulle argumentasie daaroor verskil egter.

Intussen bevat hierdie antwoord van Bildad tog 'n merkwaardige uitspraak. Hy sê: "Hom wat vrede maak in sy hoogtes", d.w.s. in die hemele. Was dit dan nodig? Was daar onrus of stryd? Élifas het ook al gesê: "in sy dienaars stel Hy geen vertrouwe nie, en by sy engele ontdek Hy dwaling" (4:18) en "in sy heiliges stel Hy geen vertrouwe nie" (15:15). Voorts noem Job God "Hom wat die hemelse wesens oordeel". In 9:13 het ons gelees van die helpers van Rahab wat onder Hom moet kruip, en later (26:12) dat God Rahab verpletter deur sy verstand. Volgens die verband daar is Rahab eerder 'n seemonster as 'n hemelwese, maar hulle wat vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar word, is engele. (Judas vs. 6). In Openb. 12:7 staan: "daar het oorlog in die hemel gekom". Miskien mag ons hierdie gegewens met mekaar kombineer. In elk geval lê die heerskappy in God se hande! (sien ook Luk. 19:38). Sy leërskaars is sonder getal en die retoriese vraag, "Vir wie rys sy lig nie op nie?", word verduidelik deur Hebr. 4:13, "En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het."

Bildad beweer (vs. 5) dat selfs die hemelliggame nie suiwer in sy oë is nie - so groot is die majesteit van God. (Kyk wat Élifas gesê het (4:18; 15:15) oor die hemel en sy bewoners.)

Ná hierdie beskrywing van die grootheid en mag van God stel Bildad die vraag: "Hoe sou dan 'n mens regverdig wees by God?" Hy bedoel dat dit onmoontlik is. Daarmee sluit hy aan by die openbaring wat Élifas ontvang het (4:17). Nes hy, wei Bildad breed uit oor die nietigheid van die mens: hy is 'n maaier, 'n wurm! Dit is die laaste woord van Bildad wat vir ons opgeteken word, asook van die vriende, want Sofar het nie weer aan die woord gekom nie. Bildad kom weer by die begin uit. Dit beteken dat die mening van die vriende nie verander het nie. Hulle eindig soos hulle begin het.

### ***Derde antwoord van Job aan Bildad (hfst. 26)***

- 26:1 Maar Job het geantwoord en gesê:  
26:2 Hoe goed het jy die onmagtige bygestaan, die kragteloze arm gehelp!  
26:3 Hoe mooi het jy die onwyse raad gegee en beleid in oorvloed bekend gemaak!  
26:4 Aan wie het jy woorde te kenne gegee, en wie se gees het uit jou uitgegaan?  
26:5 Die skimme is beangs onder die waters en onder die bewoners daarvan.  
26:6 Naak lê die doderyk voor Hom, en die plek van vertering het geen bedekking nie —  
26:7 voor Hom wat die noorde uitspan oor die chaos, wat die aarde ophang oor 'n niks;  
26:8 wat die waters saambind in sy wolke sonder dat die wolkgevaarte daaronder skeur;  
26:9 wat die gesig van die troon toehou deurdat Hy sy wolk daaroor uitsprei.  
26:10 Hy het 'n kring afgetrek oor die watervlakte tot waar lig in duisternis eindig.  
26:11 Die pilare van die hemel wankel en staan verstom weens sy dreiging.  
26:12 Deur sy krag bring Hy die see in beroering, en deur sy verstand verpletter Hy Rahab.  
26:13 Deur sy asem word die hemel helder; sy hand het die vinnige slang deurboor.



26:14 Kyk, dit is maar die uitlopers van sy weë, en wat 'n fluisterwoord hoor ons maar van Hom! Wie sou dan die donder van sy magtige daade verstaan?

Sarkasties merk Job op dat Bildad hom, die onmagtige en kragteloze, so pragtig gehelp het! Dat hy hom, die onwyse, mooi raad en beleid in oorvloed voorgehou het! Waar kry jy die wysheid, so vra hy. Miskien bedoel hy wel dat hy Élifas napraat en dat dit hom niks gehelp het nie.

Nou volg 'n *pragtige himne oor die verhewenheid van God*. Dit pas in die mond van Job, wat ook in 9:5 e.v. en in 12:13 e.v. die grootheid van God geprys het. Trouens - die vriende doen dit ook. Daaroor het hulle geen geskil nie.

Die himne oor die grootheid van God begin sonder 'n woord van inleiding. Hy begin met 'n beskrywing van die almag van God in die doderyk. Deur oor skimme te praat, lei hy ons aandag soontoe. Die skimme is mos daar (Jes. 14:9; Spr. 9:18)! Dooie mense en skimme word in een verband genoem (Jes. 26:14; Ps. 88:11). Die doderyk word ook die plek van vertering, die verderf, genoem. God heers ook daar!

Verder beskryf Job die Almag van God in *die* lewende skepping. Want die God aan wie die doderyk onderdanig is, omskryf hy as Hy "wat die noorde uitspan oor die chaos, wat die aarde ophang oor 'n niks". Met die noorde word die noordelike hemel bedoel (Jes. 14:13). Hy span dit uit soos 'n doek (Jes. 40:22) of soos 'n tent, oor die chaos. Hierdie woord chaos is die vertaling van 'n woord wat ook in die skeppingsverhaal gebruik word, en dáár vertaal is deur woes (en leeg). 'n Afrikaanse woord daarvoor is "baaiërd". Die aarde hang Hy op oor 'n niks, sodat dit op 'n niks rus. In 9:6 het Job gepraat van die pilare van die aarde. Dit is 'n meer gewone voorstelling wat ook voorkom in I Sam. 2:8 en Ps. 104:5. Die vertaling "niks" is ook onseker!

Hierdie verse kan verklaar word in verband met die skepping in die begin; die volgende verse sê wat God telkens of gedurig doen: die waters saambind in sy wolke. Sy wolke is die sakke wat God daarvoor gebruik en wat onder die swaar las nie skeur nie (kyk 38:37).

In die volgende vers kan die woord wat deur troon vertaal is, ook as maanskyf vertaal word. Dat die maan agter verby-drywende wolke verdwyn en weer te voorskyn kom, is ook 'n indrukwekkende skouspel wat van die grootheid van God getuig. Dat God 'n kring afgetrek het oor die watervlakte, lees ons ook in Spr. 8:27: "toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed". Dáár is dit 'n skeppingswerk! Die woorde, "waar lig in duisternis eindig", beteken die gesigseinder of horison.

Die berge aan die horison is die pilare van die hemel; hulle wankel weens sy dreiging! Hy is 'n God van toorn. Hy bring ook die see in beroering en verpletter Rahab. Reeds eerder het Job van Rahab melding gemaak (9:13). Hy is 'n vyand wat deur God verbrysel is (Ps. 89:11). Langs hierdie magsbetoon in die see staan 'n ander een in die lug: Hy "het die vinnige slang deurboor". In Jesaja 27:1 word hy Leviátan genoem. Job het hom reeds genoem in 3:8, as 'n mag wat duisternis verwek. In 26:13 word die hemel helder as die vinnige slang deurboor, d.w.s. gedood is. Ook in Jesaja 51:9 behoort dit tot die kragtige daade van God dat Hy Rahab neergekap en die seemonster deurboor het. Op opvallende wyse word deur hierdie heldedade die groot mag van God geteken. Dit klink "mitologies". Tog moet ons opmerk dat dit geen "godeverhale" is nie, maar verhale oor oorwinnings wat God in sy skepping oor sy skepsele behaal. Hoekom hulle so vyandig was, weet ons nie. Maar oor die opstand van die engele weet ons ook nie meer nie as dat hulle hul eie beginsel nie bewaar het nie en hul eie woning verlaat het. (Judas vs. 6). Moontlik het hulle aarde en see in hul opstandigheid betrek. Maar daar het God dit gefnuik, in die kiem gesmoor, op só 'n wyse dat die heugenis daarvan tot

digters en profete deurgedring het. Job (Job self ? of die digter van die boek Job?) haal die ou oorlewering aan om die mag van God te teken en voeg dan daarby: maar dit is nog maar kleinigheidjies! 'n Fluisterwoord vergeleke met die donder van sy magtige daade. Wie kan sy werklike grootheid verstaan en verdra! ?

### **Verdere spreuk van Job (1) (hfst 27)**

- 27:1 En Job het verder sy spreuk aangehef en gesê:  
27:2 So waar as God leef wat my my reg ontnem het, en die Almagtige wat my siel bitterheid aangedoen het —  
27:3 want my asem is nog heeltemal in my, en die lewensasem van God is in my neus —  
27:4 my lippe spreek geen onreg nie, en my tong verkondig geen bedrog nie!  
27:5 Dit is ver van my dat ek julle gelyk sou gee; totdat ek die asem uitblaas, sal ek my onskuld nie prysgee nie.  
27:6 Aan my geregtigheid hou ek vas en laat dit nie los nie; my hart veroordeel geeneen van my dae nie.  
27:7 My vyand moet dus verskyn as goddelose en my teëstander as kwaaddoener.  
27:8 Want wat is die verwagting van die goddelose as Hy afsny — as God sy siel wegneem?  
27:9 Sal God sy geroep hoor as benoudheid oor hom kom?  
27:10 Of sal hy hom kan verlustig in die Almagtige, God altyd kan aanroep?  
27:11 Ek sal julle onderrig aangaande die hand van God; wat by die Almagtige is, sal ek nie verberg nie.  
27:12 Kyk, julle het dit almal self aanskou, en waarom koester julle dan 'n ydele hoop?

Job het verder sy spreuk aangehef. Wat hy sê, word nou *spreuk* genoem, maar dit is 'n voortsetting van wat hy vroeër gesê het. Dit is dus ook "spreuk". En wat hy nou gaan sê, is weer 'n antwoord aan sy vriende (vs. 5).

Hy begin met 'n eed by die Almagtige, by dieselfde God wat hom sy reg ontnem het en sy siel bitterheid aangedoen het. Hy vermeld dit in sy eedsformule en daarmee sê hy omtrent God iets wat feitlik 'n beskuldiging is. Hy bly dus die vegter met God. Tog sweer hy by Hom! Hy bly dus trou aan Hom. Dat hy nog leef en in staat is om te sweer, dank hy ten slotte aan Hom want "die lewensasem van God is in my neus". In vs. 4 volg die inhoud van die eed. Dit is dat hy die waarheid spreek. Hy sweer dat hy nie lieg nie! Die uitsprake wat nou volg, is dus onder eed gedoen! Die uitsprake is onskuldbetuigings. Sy vriende beskuldig hom, maar hy sal hulle geen gelyk gee nie. Totdat hy die asem uitblaas, sal hy sy onskuld nie prysgee nie. Aan sy geregtigheid - saaksgeregtigheid - hou hy vas en sal dit nie loslaat nie. Sy hart veroordeel geeneen van sy dae nie. (Wat van sy jeug? Vgl. 13:26!) Reeds dikwels het Job betuig dat hy onskuldig is (6:29; 9:21; 13:18; 16:19; 19:6, 25; 23:7,10), maar nooit so nadruklik as wat hy dit nou doen nie.

In vs. 7 gaan Job voort met "my vyand", "my teëstander". Daarmee bedoel hy sy teenparty wat hom beskuldig. As hy regverdig is, dan is sy beskuldiger 'n valse beskuldiger. As die vriende dus voortgaan om hom te beskuldig, dan moet hulle as goddeloses en kwaaddoeners beskou word! Dit is 'n krasse konsekwensie! Maar dit is Job se oortuiging.

En watter verwagting - so vra Job verder - sal sulke goddelose mense kan koester as God hulle siel wegneem? Job spreek dit hier duidelik uit, dat hy meen dat daar ná die dood nog iets kom! Maar as jy 'n goddelose is, kan jy daarvan nie veel goeds verwag nie. Ons moet hierdie woorde van Job beskou as 'n verdere bestryding van sy vriende en verdediging van



homself. Want agter sy woorde skuil die oortuiging dat hyself wel verwagting het. (Kyk hierby ook na Joh. 13:16.)

In dieselfde sin moet die volgende retoriese vrae ook verstaan word (vse. 9 en 10): God sal die geroep van die goddelose in benoudheid nie hoor nie en die goddelose sal hom nie in die Almagtige kan verlustig en Hom nie altyd kan aanroep nie. En dit kan Job wel doen!

Is dit so? Kan Job dit wel doen? Op die oomblik lyk dit nie so nie. Hy is mos deur God verlate (19:7; 23:3)! Maar dit is 'n abnormale toestand! Job het die oog op sy gewone lewe soos dit vroeër was en wat, soos hy hoop, ook weer sal terugkeer. Ook in 12:4b het hy sy lewe geskets as 'n gedurige aanroeping van God en 'n verkryging van verhoring. Vanuit daardie toestand redeneer hy nou. Hieruit blyk dat Job innerlik vashou aan God, ondanks sy siekte en verlatenheid.

Die volgende verse (11 en 12) kan verklaar word as 'n heenwysing van Job na sy eie lewe, wat 'n sigbare bewys van sy woorde is: 'n man in sware beproewing wat tog durf om gewag te maak van gebedsverhoring en gemeenskap met die Almagtige! Die vriende sien dit met hul eie oë! Hoe kan hulle dan vashou aan “'n ydele hoop”, d.w.s. aan 'n wanvoorstelling aangaande die lewenshouding van Job (vs. 12).

Ons sien Job hier op 'n hoogtepunt in sy geestelike lewe. Hy bewys sy onskuld teenoor die vriende met sy innerlike vroomheid, met sy hoop op God, met gemeenskap met God op 'n tydstip dat hy dit mis! Maar terwyl hy dit mis, bly hy dit tog beskou as 'n onvervreembare geestelike besit. Die herinnering daaraan sterk hom en die terugkeer daarvan, wat hy verwag, hou hom staande in sy leed. Hierdie innerlike vroomheid is die terrein waarop die aanval van die Satan gerig was (1:9-11).

Indien die neerlaag van die Satan êrens blyk, dan is dit hier!

Indien dit êrens duidelik word dat God straks (42:7) kan sê dat Job reg van Hom gespreek het, dan is dit hier!

**27:13** Dít is die deel van die goddelose mens by God en die erfdeel van die tiranne wat hulle van die Almagtige ontvang:

**27:14** as sy kinders baie word, is dit vir die swaard; en sy spruite word nie versadig met brood nie.

**27:15** Die wat van hom oorbly, word deur die pes begrawe, en sy weduwees ween nie.

**27:16** As hy silwer ophoop soos stof en klere aanskaf soos modder —

**27:17** hy skaf aan, maar die regverdige trek dit aan; en die onskuldige verdeel die silwer.

**27:18** Hy het sy huis gebou soos 'n mot en soos 'n skerm wat die oppasser maak.

**27:19** Ryk gaan hy lê, maar hy doen dit nie weer nie; hy maak sy oë oop en — is nie meer nie.

**27:20** Verskrikkinge oorval hom soos waterstrome; in die nag voer 'n stormwind hom weg.

**27:21** Die oostewind tel hom op, en daar gaan hy; en dit storm hom weg uit sy plek.

**27:22** En God werp op hom af sonder verskoning, vir sy hand moet hy haastig vlug.

**27:23** Hulle klap oor hom in hul hande en spot hom weg uit sy plek.

Job het in vs. 7-12 die lot, die geestelike lot, van die goddelose geteken, in die besonder van die goddelose valse beskuldiger. In die res van hierdie hoofstuk, vs. 13-23, vind ons ook 'n beskrywing van die lot van die goddelose. Maar die toon is gans anders! Dit is meer die toon van Job se vriende. In hierdie stuk staan dat die gerig oor die goddelose voltrek word

op verskillende terreine: sy gesinslewe, sy rykdom, sy huis en sy persoonlike lewe.

Hulle word tiranne genoem, d.w.s. geweldenaars en onderdrukkers. As hulle kinders het, is dit nie tot 'n seën (soos dit bv. in Ps. 127 beskryf word) nie, maar "vir die swaard". Hulle kom om in oorlogsgeweld. By oorlog hoort pes. Die pes sal hulle begrawe. Maar die pes doen dit nie! In tye van oorlog en pes is daar te veel dooies en te min lewendes om begrafnisse te hou. Ook is daar geen rouseremonies nie: die weduwees van die tiranne ween nie; hulle was trouens geen beminlike persone nie. Wat sy rykdom betref - dit gaan verlore en die regverdige verkry dit (vgl. Spr. 13:22). Hulle bou huise maar dit bly nie staan in die gerig nie. Soos "n mot", soos 'n skerm van die oppasser in die wingerd, 'n slaapplekkie in 'n komkommertuin (Jes. 1:8), verval dit. In een nag kom die rampe oor hom: ryk gaan hy lê en as 'n arm man ontwaak hy. (Dit pas by die verhaal van Job se rampe!) Sulke verliese skok hom; verskrikkinge oorval hom. Bildad het soortgelyke uitsprake gedoen (18:11): Sofar ook (20:28). Self gaan hy ook onder. God werp op hom sy onheile, sodat hy moet vlug. Sy bure jou hom uit en verjaag hom uit sy plek.

In verband met ons vroeëre opmerkings oor volgorde en oorlewering in die boek Job, veronderstel ek dat ook hierdie gedeelte ôf van Bildad ôf van Sofar is, en dat dit hier verdwaal geraak het.

### **God het die wysheid (hf st. 28)**

- 28:1 Want vir die silwer is daar 'n plek waar dit uitkom, en 'n plek vir die goud wat hulle uitwas.
- 28:2 Yster word uit die grond gehaal, en koper word uit klip gegiet.
- 28:3 'n Einde maak die mens aan die duisternis, en tot die uiterste grens deursoek hy die klip van donkerheid en doodskaduwee.
- 28:4 Hy breek 'n mynskag, wég van hom wat bo woon; hulle wat vergeet is deur die voet daarbo, hulle hang ver van mense af, hulle swaai heen en weer.
- 28:5 Die aarde — daar kom brood uit voort, maar daaronder word dit omgewoel soos deur vuur.
- 28:6 Die klippe daarvan is die plek van saffiere, en dit bevat stoffies van goud.
- 28:7 'n Pad wat die roofvoël nie ken nie, en die oog van die valk het dit nie gespeur nie;
- 28:8 waar die trotse roofdiere nie op trap nie, waar die leeu nie oor stap nie.
- 28:9 Hy slaan sy hand aan die klipharde rots, hy woel die berge van die wortel af om.
- 28:10 In die rotse breek hy gange uit, en sy oog sien allerhande kosbare dinge.
- 28:11 Hy stop waterare toe, dat hulle nie drup nie; en wat verborge was, bring hy aan die lig.
- 28:12 Maar die wysheid — waar word dit gevind? En waar is die plek van verstand?
- 28:13 Die mens ken nie die waarde daarvan nie, en dit word in die land van die lewende nie gevind nie.
- 28:14 Die wêreldvloed sê: In my is dit nie; en die see sê: By my is dit nie.
- 28:15 Fyn goud kan daarvoor nie gegee word nie, en geen silwer as koopprys daarvan afgeweeg word nie.
- 28:16 Die goud van Ofir weeg daar nie teen op nie, ook nie die kosbare onikssteen en saffier nie.
- 28:17 Goud en glas kan daarmee nie vergelyk word nie, en vir goue voorwerpe ruil 'n mens dit nie.
- 28:18 Korale en kristal kan nie genoem word nie, en die besit van wysheid is meer werd as korale.
- 28:19 Die topaas van Kus kan daarmee nie vergelyk word nie, suiwer goud word daarteen nie opgeweeg nie.

- 28:20 Die wysheid dan — waar kom dit vandaan? En waar is die plek van die verstand?
- 28:21 Ja, dit is verborge vir die oë van alles wat leef, en weggesteek vir die voëls van die hemel.
- 28:22 Die plek van vertering en die dood sê: Met ons ore het ons die gerug daarvan gehoor.
- 28:23 God weet die weg daarheen, en Hy ken die woonplek daarvan.
- 28:24 Want Hy sien tot by die eindes van die aarde; alles wat onder die hemel is, aanskou Hy.
- 28:25 Toe Hy vir die wind die gewig bepaal en die waters met die maat afgemeet het,
- 28:26 toe Hy vir die reën 'n wet gestel het en 'n weg vir die onweerstraal,
- 28:27 toe het Hy die wysheid gesien en dit verkondig; Hy het dit opgestel en dit ook deurvors.
- 28:28 Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die HERE is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand.

Die spreuk van Job van hfst. 27 word in hfst. 29 voortgesit. Tussenin staan hfst. 28 met 'n eie onderwerp, nl. dat God die wysheid het. Deur hierdie volgorde word sterk die indruk gewek dat hfst. 28 'n invoegsel is. Andersyds wek die beginwoordjie "want" weer die gedagte dat hierdie hoofstuk in die redevoering moet inpas. Maar die vriende word nêrens in hierdie hoofstuk toegesprek nie. 'n Mens kan jou selfs afvra of Job, wat nou nog steeds in "geveg met God" is, geestelik op so 'n vlak beweeg dat hy die gedagtes van hfst. 28 sou kon neerskryf. Daartoe moes hy nog eers die les van die antwoord van die HERE uit hfst. 38 e.v. leer!

Die eerste woord van hierdie hoofstuk hoef trouens nie deur "want" vertaal te word nie. Dit kan ook vertaal word deur "inderdaad", "gewis" of "sekerlik". Dan kom hierdie hoofstuk meer selfstandig te staan.

As hierdie hoofstuk 'n invoegsel is, dan is dit in elk geval 'n baie paslike invoeging, gepas weens sy inhoud en op die regte plek.

Ons kan egter nie saamstem met die bewering van sommige geleerdes dat hierdie hoofstuk voortvloei uit buite-Israelitiese (Chaldeeuse of Griekse) beskouings nie. Die laaste vers van hierdie hoofstuk ("die vrees van die Here is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand") sê dieselfde as wat ons lees in Pred. 12:13 en Spr. 1:7 en 9:10. Dit is 'n suiwer Bybelse gedagte!

Om straks te kan sê dat die wysheid buite ons bereik lê, begin die onbekende digter met 'n vermelding van waardevolle dinge, wat wel binne ons bereik lê.

Hy noem silwer, goud, yster, koper, saffiere. Die mense weet hoe om dit te kry, hoe moeilik dit ook gaan. Aan koorde neergelaat en "vergete deur die voet daarbo", werk die mynwerkers in die donker diepte van die aarde. Moeder aarde, wat aan ons brood verskaf, word omgewoel deur die hebsug van die goudsoekers. Waterare, ondergrondse mynwater, word toegestop. Uit die diepte waar valke met hulle skerp oë nie kan kyk nie en waar roofdiere nie kom nie, bring die mense verborge skatte aan die lig.

Dit is die enigste gedig in die Bybel oor mynbou (vgl. Deut. 8:9).

Wat die mense egter ook al kan vind - nie die wysheid nie!

In die land van die lewendes word dit nie gevind nie, maar daarbuite ook nie. Die wêreldvloed (vgl. Gen. 1:2) en die see het dit ook nie. Volgens oud-Oosterse opvattinge is juis die waterdiepte die plek van die wysheid. Maar die digter van hierdie Bybelboek stem nie daarmee saam nie.

'n Mens kan die wysheid ook nie koop nie, nóg met goud of silwer, nóg met edelgesteentes soos oniks, saffier, korale, kristal, topaas. Wat 'n mens ook al vir hoë pryse kan koop, nie die wysheid nie.

"Die wysheid dan", so sê die refrein in vs. 12 en 20, "waar kom dit vandaan? En waar is die plek van die verstand (= insig, begrip)?"

Ook die doderyk, die plek van vertering, 26:6, die verderf en die dood het maar net die gerug daarvan gehoor.

Dan volg die groot teenstelling met die voorafgaande in vs. 23: God het die wysheid! "God weet die weg daarheen en Hy ken die woonplek daarvan. Want Hy sien tot by die eindes van die aarde; alles wat onder die hemel is, aanskou Hy." Hy het die wysheid gesien! En wanneer? "Toe Hy vir die wind die gewig bepaal en die waters met die maat afgemeet het, toe Hy vir die reën 'n wet gestel het en 'n weg vir die onweerstraal."

Hierdie vier bepalings het na alle skyn (veral die tweede) betrekking op die skeppingswerke van God. In hierdie mening word ons versterk deur die ooreenkomstige plek in Spreuke 8. Daar spreek die Wysheid self, as personifikasie, en sê: "toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed, toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het, toe Hy vir die see sy grens gestel het . . . toe was ek . . . naas Hom!"

Hierdie uitdrukkings sien sekerlik op God se skeppingswerke. Daarom kan dit ook in ons wysheidshoofstuk die geval wees. Die Spreukedigter is voorts baie uitvoeriger as die Jobdigter. Hy spreek ook oor die oorsprong van die wysheid. Die wysheid sê dat die HERE haar berei het as eersteling van sy weg. Sy - die wysheid - is van ewigheid af, voor alle ander dinge. En sy was naas Hom, naas God! En hoe? Ons vertaling - en baie ander vertalings - sê: "ek was 'n kunstenaar naas Hom". Baie ander vertalings sê: "troetelkind, liefeling". Vir albei vertalings word bewyse aangevoer. Ons laat dit nou daar, maar merk tog op dat daar nogal 'n verskil tussen die twee vertalings is. Volgens ons vertaling kan 'n mens dink dat die wysheid God se argitek was (só ook, Good News Bible, 1976). Dit is geen onaanneemlike gedagte nie. Die Spreukedigter sê: die wysheid was toe daar. Die Jobdigter sê: God het die wysheid gesien. Dit is twee digterlike voorstellings wat nie met mekaar in stryd is nie.

Voorts gee die Jobdigter weer sy eie besonderhede wat in Spreuke nie vermeld word nie: God het die wysheid gesien en dit verkondig; Hy het dit opgestel en ook deurvors. Hy het haar waarde geskat en benut.

Die digter het nou uitgekom by sy doel, nl. om te sê dat die wysheid alleen by God is. God het die wysheid. Hy is die alleenwyse God, Rom. 16:27. Daarby sink alle menslike redenasies in die niet -soos Job later ook sal erken.

Maar wat dan van die mense? Is hulle van alle wysheid ontbloot? Nee, God self praat daaroor met die mens en sê aan hom: "Kyk, die vrees van die Here is wysheid en om van die kwaad af te wyk, is verstand." So eindig hierdie hoofstuk met 'n suiwer Skriftuurlike stelreël. So staan dit ook in die Spreukeboek 1:7: "Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis." En in 9:10: "Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand." In hierdie woorde word die vrees van die HERE en wysheid gelykgestel. As hy die HERE vrees, sal die mens wys ook wees! Dit is die wysheid wat God vir hom bestem het in sy kreatuurlike bestaan. Dit is nie 'n surrogaat waarmee die mens by gebrek aan beter tevrede moet wees nie. Dit is 'n ideaal om na te streef. En dit kan hy nie doen buite God om nie, maar deur God te respekteer. Hy doen dit in gemeenskap met God en in die gemeenskap met God verkry hy as beelddraer van God en volgens sy profetiese amp die ware wysheid.

Die Jobdigter voeg daarby: "om van die kwaad af te wyk, is verstand." Naas godsvrug is dit ook nodig om goed te doen. Hierdie toevoeging is nie vreemd nie. Soos godsvrug heenwys na die eerste groot gebod, so die suiwer lewenswandel na die tweede. Die wysheid waarna die mens moet strew, is om God lief te hê bo alles en die naaste soos jouself. Die wysheid is dus deur en deur religieus en eties. Die wysheid is om God se gebooie te onderhou en nie om jou eie wette te stel, om outonoom te wees nie, maar om jou oor te gee aan die wysheid van God. Alleen God is outonoom.

Met dieselfde konklusie eindig ook die boek van die Prediker: "Vrees God en hou sy gebooie."

Ten slotte merk ons op: om God te vrees en af te wyk van die kwaad-dit is wat Job gedoen het (1: 1).

### ***Verdere spreuk van Job (2), hfst. 29***

Job sit sy "spreuk" voort met 'n beskrywing van sy vroeëre lewensomstandighede. Dis 'n hoofstuk vol mooi herinnerings. Weemoedig verlang hy terug na daardie dae. As hy melding maak van sy vroomheid, is dit wat hy sê, ook weer sydelings 'n voortsetting van sy geveg met God, wat hom, die onskuldige, van sy geluk beroof het.

- 29:1 En Job het verder sy spreuk aangehef en gesê:  
29:2 Ag, was ek maar soos in die vorige maande, soos in die dae toe God my bewaar het;  
29:3 toe sy lamp bo my hoof geskyn het, ek by sy lig die duisternis deurwandel het;  
29:4 soos ek was in my herfsdae toe die verborgenheid van God oor my tent was;  
29:5 toe die Almagtige nog by my was, my kinders rondom my;

Wat in 1:1 kortliks oor hom gesê is, nl. vroom, opreg en godvresend, word nou deur homself breër omskryf.

Die eerste waaraan hy met heimwee terugdink, is sy gemeenskap met God. God het hom bewaar. Daaraan het hy sy geluk te danke gehad. Hy was onder God se hoede. Die lamp van God het bo sy hoof geskyn. 'n Lamp is die beeld van voorspoed en geluk. Die lamp bo die goddelose gaan dood, 18:6; vgl. ook 21:17. Maar bo Job het God se lamp geskyn, God self het sy lewe en voorspoed in stand gehou. In moeilike omstandighede, in duisternis, kon Job in daardie lig voortwandel. Die HERE het die duisternis opgeklaar (Ps. 18:29). Met "herfsdae" bedoel Job sy lewensrypheid, die gevestigde posisie in sy woonplek. Toe was die verborgenheid van God oor sy tent. Hy het die innerlike omgang met God geken. "Gods geheim'nis is die lewe vir wie wandel in sy vrees" (Ps. 25). Hierdie lewensfeer was oor sy tent, oor sy huislike en persoonlike lewe. Die Almagtige was by hom! Hierdie woorde het 'n mistieke klank. So het hy gelewe met sy kinders rondom hom (vs. 5b). Die kinders het 'n vrome vader gehad en die vrome vader wou sy kinders ook in sy vroomheid betrek. Dit blyk ook uit die offers wat hy vir hulle gebring het (1:5). Die herinnering aan sy kinders was baie smartlik vir Job: hulle is nie meer daar nie!

- 29:6 toe my voetstappe gewas is in dikmelk en die rots by my strome van olie uitgegiet het.

Job gaan hier voort met herinnering aan sy stoflike voorspoed. Hy het oorfloed gehad van room (dikmelk) en olie. Olyfbome groei op rotsige bodem. Dit het vir Job gelyk asof die rotse olie in strome uitgegiet het.

29:7 Toe ek uitgegaan het na die poort, op na die stad toe, op die markplein my sitplek reggemaak het,  
 29:8 het die seuns weggekruip as hulle my sien, en grysaards het hulle opgerig en bly staan.  
 29:9 Vorste het hulle woorde ingehou en die hand op hul mond gelê.  
 29:10 Die stem van edeles is teruggehou, en hulle tong het gekleef aan hul verhemelte.  
 .....  
 29:21 Na my het hulle geluister vol verwagting, en hulle het stil my raad aangehoor.  
 29:22 Ná my woorde het hulle nie weer gespreek nie, en my rede het op hulle gedrup.  
 29:23 En hulle het op my gewag soos op reën, en hulle mond wyd oopgemaak soos vir lentereëns.  
 29:24 Ek het hulle toegelag as hulle moedeloos was, en hulle kon die lig van my gesig nie verdonker nie.  
 29:25 Het ek die weg na hulle toe gekies, dan sit ek as voorman en woon soos 'n koning onder die skare, soos een wat treuriges vertroos.

In vs. 7-10 en daarna in vs. 21-25 dink Job terug aan sy aansien in die samelewing. Hy was 'n gesiene man in die poort, dit is die plek waar die hoëlui vergadering gehou het. Daar het sy bediendes sy sitplek geplaas en iedereen was vol ontsag. Sy woorde was deurslaggewend, vorste het die hand op die mond gelê, d.w.s. eerbiedig geswyg. Maar sy woorde het 'n weldadige uitwerking gehad.

Hy het soos 'n koning daar gesit. Die moedeloses het hy bemoedig en hulle benoudheid was nooit so groot dat Job self bekommerd moes wees en geen uitkoms gesien het nie.

Hy het treuriges vertroos. In Jes. 61:2 word dit van die Messias gesê. Die ware Christen weerkaats die lig van Christus. Die gelowiges is mos lig in die Here en wandel soos kinders van die lig (Ef. 5:8).

29:11 Want het 'n oor net gehoor, dan prys dit my gelukkig; en het 'n oog net gesien, dan gee dit vir my getuienis.  
 29:12 Want ek het die ellendige gered wat om hulp geroep het, en die wees en hom wat geen helper het nie.  
 29:13 Die seën van hom wat klaar was om onder te gaan, het op my gekom; en die hart van die weduwee het ek laat jubel.  
 29:14 Die geregtigheid was my kleed, en ek sy kleed; my reg was soos 'n mantel en 'n tulband.  
 29:15 Oë was ek vir die blinde, en voete vir die lamme was ek.  
 29:16 'n Vader was ek vir die behoeftiges; en die regspraak van hom wat ek nie geken het nie, het ek ondersoek.  
 29:17 En ek het die tande van die kwaaddoener stukkend gebreek en die buit uit sy gebit geslinger.  
 29:18 So het ek dan gedink: By my nes sal ek die asem uitblaas, en soos die feniks my dae vermenigvuldig.  
 29:19 My wortel staan oop na die water toe, en dou vernag op my tak.  
 29:20 My eer is altyd nuut by my, en my boog bly jonk in my hand.

Die mense wat van Job hoor en hom ontmoet, prys hom, want hulle verneem van sy hulp aan ellendiges. Hy het sy sosiale verpligtings verstaan en noem dit geen barmhartigheid nie, maar *geregtigheid*! Hy sê: "die geregtigheid was my kleed". Sy geregtigheid is sy houding jeens sy



medemens. Die uitoefening van die geregtigheid word hier voorgestel deur die beeld van die aantrek van 'n klee. Met hierdie beeld word aangedui hoe ernstig en intensief 'n mens iets kan doen. Sy klere is mos een met hom en tipeer hom, is eie aan hom. Die beeld word ook gebruik in Ps. 132:9; soms met vermelding van die naam van die kledingstuk, bv. gordel (Jes. 11:5), soos ook in ons teks: mantel en tulband. Breedvoerig word hierdie beeld ten opsigte van God self uitgewerk in Jes. 59:17. Dieselfde beeld word ook in die Nuwe Testament gebruik vir die eenheid tussen Christus en sy gelowiges (Rom. 13:14; Gal. 3:27: "met Christus bekleed") en vir hulle lewensverandering deur die geloof (Ef. 4:22; Kol. 3:10: bekleed met die nuwe mens; met onverganklikheid en onsterflikheid, I Kor. 15:53).

Job voeg nog by: "en ek sy klee". Hy gebruik die beeldspraak dus ook in wederkerige sin: hy is met geregtigheid bekleed en die geregtigheid met hom. Die geregtigheid kry *gestalte* in hom! (Vgl. Gal. 4:19!)

Job het ook kragtig hulp verleen, soos hy in vs. 15-17 sê.

Omdat Job so geleef het, het hy gedink dat sy einde in vrede sou wees, dat hy by sy nes sou sterwe, d.w.s. sonder steurnis die lewe beëindig. Verder sê hy nog: "soos die feniks my dae vermenigvuldig." "Feniks" is egter 'n vreemde element in 'n Hebreeuse teks, 'n Griekse element. In die Hebreeuse teks staan "sand". Dit maak ook goed sin, want sand is die beeld van veelheid, van veelheid van mense (Gen. 22:17) maar ook van iets anders, bv. koring (Gen. 41:49), voëls (Ps. 78:27); in ons teks dan van dae. Die vertaling deur feniks is 'n navolging van latere rabbyne wat aan die Griekse feniks-sage (die voël wat uit sy as herry) gedink het. Die "nes" uit die eerste helfte van die vers kon hulle op die gedagte bring. Hulle bewysvoering vir die vertaling van die Hebreeuse woord wat gewoonlik sand beteken deur feniks, is egter swak. Voorts is dit twyfelagtig of (nie die latere rabbyne nie) die digter van die boek Job met die Griekse sage bekend was. Dit is dus beter om te vertaal "soos sand (korrels)". Die volgende verse (19, 20) bied weer suiwer Hebreeuse beelde: water, dou, en boog, die simbool van krag.

So het Job dan gedink. En so sou dit inderdaad uiteindelik ook wees (hfst. 42)! Maar op die oomblik lyk dit nie so nie!

### ***Verdere spreuk van Job (3) hfst. 30***

- 30:1 En nou lag hulle wat jonger is as ek, my uit — mense wie se vaders ek te min geag het om by my herdershonde te sit.
- 30:2 Wat sou die krag van hulle hande my ook baat? Die frisse lewenskrag het by hulle verlore gegaan.
- 30:3 Hulle is uitgeput deur gebrek en honger, hulle wat die dor land afknaag in die donkerheid van woestheid en verwoesting;
- 30:4 hulle wat die soutkruid afpluk by die bossies, en die besemboswortel is hulle brood.
- 30:5 Uit die samelewing word hulle weggejaag; die mense skreeu oor hulle soos oor 'n dief.
- 30:6 In die afgryslieke kloue moet hulle woon, in gate in die grond en in rotse.
- 30:7 Tussen die bossies skreeu hulle, onder brandnekels kruip hulle bymekaar —
- 30:8 dwase, ja, eerlose mense wat met 'n sweep uit die land geslaan word.
- 30:9 En nou het ek hulle spotlied geword en die onderwerp van hulle gepraat.
- 30:10 Hulle het 'n afsku van my, staan op 'n afstand van my af en ontsien nie om my in die gesig te spug nie.



Met "en nou" word die teenstelling tussen vroeër en die huidige ingelei. Pleks van eer te ontvang, word hy nou uitgelag en dit nog deur jongeres. Reeds in 19:18 het hy daaroor gekla. Die wet beveel dat ou mense geëer moes word (Lev. 19:32), maar ten opsigte van Job word hierdie wet nie in ag geneem nie. Om aan so 'n toonbeeld van ellende, soos Job was, eer te bewys, lyk onmoontlik.

En watter jongeres was hulle! Geen kinders van aansienlikes nie. Hulle vaders "het ek te min geag om by my herdershonde te sit". (Dit is die enigste plek in die Bybel waar van herdershonde sprake is.) Dit is 'n Oosterse eienskap om iemand te beoordeel volgens die posisie van sy vader. Die bespotters van Job is dus minderwaardige mense, mense van 'n baie swak tipe. Hulle beteken ook te min om vir Job te werk. Hulle is die parias in die maatskappy: verstoteling, verskoppeling. Job gee 'n uitvoerige beskrywing van hulle: hulle is hongerig, verswak, verjaag, dieftig, eerloos. (In 24:4-8 staan 'n dergelike beskrywing van sulke sukkelaars, dáár as gevolg van onderdrukking deur geweldenaars.) Hierdie tipe mense waag dit nou om Job te bespot, só groot is sy vernedering.

- 30:11 Want Hy het my boogenaar losgemaak en my verneder; so het hulle dan teenoor my die teuel laat skiet.
- 30:12 Aan die regterhand staan die gespuis op; hulle stoot my voete weg en gooi hul onheilspaaie teen my op.
- 30:13 My pad verniel hulle, hulle help om my te laat val sonder dat hulle self 'n helper het.
- 30:14 Soos deur 'n wye bres kom hulle; te midde van die puin hope kom hulle aanrol.
- 30:15 Verskrikkinge is teen my gerig; hulle vervolg my hoogheid soos die wind, en soos 'n wolk het my geluk verbygegaan.

In vs. 11 kom daar 'n wending in Job se klag; hy betrek God daarin: "Want Hy het my boogenaar losgemaak." Job het gedink dat sy boog, simbool van krag, jonk sou bly (29:20), maar die boogenaar word losgemaak; dan is die boog waardeloos. En dit is God wat dit gedoen het. Dan kan die spotters ook maar onbeteueld hulle gang gaan. Gespuis noem hy hulle. Blykbaar het hulle ook die ellende van Job toegeskryf aan sy sonde, want hulle staan aan sy regterhand en dit is die plek van die aanklaer (kyk Sag. 3:1 en Ps. 109:6)! En hulle stamp hom opsy, asof hy sonder reg is. 'n Skuldige is mos regloos! Job het geen grond meer onder sy voete nie! Sy beskuldigers bring hom tot 'n val sonder regshulp. Dit is by Job nie nodig nie. Met hierdie woorde sê Job dat sy veroordeling onregverdig is.

Hy vergelyk sy ondergang met die val van 'n beleërde stad. Dit het hy vroeër ook al gedoen (16:14, "Bres op bres breek Hy in my; Hy loop my storm soos 'n held"). Toe het God dit gedoen, nou maak sy beskuldigers so. Net verskrikkinge omring vir Job. Dan val die stad! Sy waardigheid verdwyn, soos 'n wolk gaan sy geluk verby.

Die toestand van Job word nou bitter swaar en uitsigloos. Hy sug daaroor in vs. 16e.v.

- 30:16 Daarom stort my siel hom nou uit in my; dae van ellende hou my vas.
- 30:17 Die nag deurboor my gebeente, en dit val van my af; en my knaende pyne rus nooit nie.
- 30:18 Deur goddelike oormag is my kleed ontredder; soos die kraag van my lyfrok omspan dit my.
- 30:19 Hy het my in die modder gewerp, en ek het soos stof en as geword.
- 30:20 Ek roep U aan om hulp, maar U antwoord my nie; ek staan daar, en U staar my aan.

- 30:21 U is jeens my verander in 'n onbarmhartige; deur die sterkte van u hand behandel U my as vyand.
- 30:22 U hef my op die wind, laat my daarop ry; en U laat my vergaan in stormgedruis.
- 30:23 Want ek weet: U wil my na die dood toe bring en na die huis waar al wat lewe, saamkom.
- 30:24 Maar sal iemand by die ineenstorting nie nog die hand uitsteek of by sy ondergang om dié rede om hulp roep nie?
- 30:25 Of het ek nie geween oor hom wat harde dae het nie? Was my siel nie bekommerd oor die behoefte nie?
- 30:26 Want ek het op die goeie gehoop, en onheil het gekom; en ek het gewag op lig, en donkerheid het gekom.
- 30:27 My ingewande kook sonder ophou; dae van ellende het my teëgekom.
- 30:28 Ek gaan daarheen in die rou, sonder son; ek staan op in die vergadering, ek roep om hulp.
- 30:29 Ek het 'n broer geword vir die jakkalse en 'n vriend vir die volstruise.
- 30:30 My vel het swart geword en val van my af, en my gebeente gloei van hitte.
- 30:31 So het dan my siter 'n rouklag geword en my fluit 'n stem van die wat ween.

Die toestand van Job, sowel liggaamlik as geestelik, het nou uitsigloos geword. Hy kla bitterlik daaroor. Sy siel smelt weg in tranen. Elke dag is 'n dag van ellende, hoe lank alreeds! En elke nag is 'n nag van pyn. Deur die harde greep van God hang sy klere verslons aan sy lyf. Stof kleef aan sy seer ledemate. Dis Gód wat dit doen! En as Job tot Hom roep, dan antwoord Hy nie, maar gaan met sy onbarmhartige kwellings deur. Hy behandel Job asof hy 'n vyand is. En Job is magteloos asof hy deur 'n windvlaag opgehef word om hom te pletter te val onder stormgedruis. Ek weet, sê Job tot God, wat u bedoeling is. Hy het dit reeds vroeër gesê (9:28, 10:13). God wil hom doodmaak en na die huis bring waar al wat lewe saamkom, na die doderyk toe! Dis 'n bitter verwydte vol verset teen God. Dis 'n beskuldiging. Job sê wel "ek weet" - maar hy is verkeerd! Hy weet nie! Maar hy bedoel eintlik maar om te sê dat God dit nie kan, nie mag doen nie. Hy hoop mos op God - hy hoop dat God sal sê, "nee Job", maar God swyg. As verontskuldiging vir sy harde woorde sê Job dat iemand wat op die punt staan om onder te gaan, tog sy hand uitsteek om gehelp te word, om 'n strooihaal te gryp! En kan hy nie verwag om gehelp te word nie? Hy het self tog ook geween oor mense wat in ellende verkeer? Hy was tog bekommerd oor die verdruktes? Waarom is daar dan vir hom geen genade nie? Maar donkerheid daal oor sy lewe neer. Daar is geen straaljie sonskyn nie. Sy ingewande kook, d.w.s. sy gemoed is onstuimig. Sy geselskap is jakkalse en volstruise en hy skreeu soos hulle (vgl. Miga 1:8). Die Oosterling leef en werk met musiek, maar Job se musiekinstrumente is rouklag en geween. Op droewige toon eindig Job se weeklag, vol herhaling van vroeëre klage; byna eentonig - vir die gevoellose leser, nie vir die lyer self nie! En altyd rig hy hom tot God met sy klage. Altyd het hy met God te doen! Sy woorde klink opstandig, wederstrewig (23:2). Tog is opstandigheid hier nie die regte tipering nie; hy veg met God om verklaring. In smartlike verbasing vra hy hoe God hom dit kon aandoen!

### ***Job se reinigingsede (hfst. 31)***

- 31:1 Ek het 'n verbond gesluit met my oë: hoe sou ek dan ag gegee het op 'n jonkvrou?
- 31:2 Wat tog is die lot wat God daarbo beskik, en die erfdeel van die Almagtige uit die hoogtes —
- 31:3 is dit nie ondergang vir die kwaaddoener en ongeluk vir die werkers van ongeregtheid nie?

### 31:4 Sien Hy nie my weë nie, en tel Hy nie al my voetstappe nie?

In hierdie hoofstuk kom die uitspraak van Job op 'n end. Sy laaste uitspraak is nie 'n klag nie, dit is meer 'n reeks van plegtige verklarings dat hy onskuldig is. Die eerste daarvan is vs. 1-4.

Job sê dat hy 'n verbond gesluit het met sy oë. 'n Verbond is 'n afspraak tussen twee partye, maar alle verbonde is nie van dieselfde aard nie. Daar is verbonde tussen twee gelykwaardige partye, vriendskapsverbonde, soos tussen Abraham en Abiméleg (Gen. 21:28) of tussen Dawid en Jonatan (I Sam. 23:18). 'n Ander geval is dat die een party sterker is as die ander een en dat die sterker party die swakkere dwing tot 'n verbond waarin hy bepaalde verpligtings op hom lê. 'n Voorbeeld hiervan is die afspraak van Nahas, die Ammoniet, met die manne van Jabes (I Sam. 11:1). Die verbond van Jójada met die Judeese offisiere was 'n opdrag, 'n gebod (II Kon. 11 :4). So moet ons die verbond van Job met sy oë ook opneem. Dit was 'n opdrag, 'n gebod aan sy oë. Dit is 'n figuurlike voorstelling, waarin die oë optree asof hulle persone is. Uit die volgende sin blyk wat die verbond, wat die opdrag behels het. Job sê: "Hoe sou ek dan ag gegee het op 'n jonkvrou?" Met hierdie vraag bedoel hy dat hy dit kragtens die verbond nie gedoen het nie. Job het homself bedwing - daarop kom dit neer - om begerig te kyk na wat nie syne was nie. Die verbond met die oë omvat alles wat in die Nuwe Testament "wêreldse begeerlikhede" genoem word (Tit. 2:12). Job noem egter net een geval: 'n jonkvrou. As gevestigde burger en gesinshoof het hy nie na meisies gekyk nie. Hierdie een voorbeeld wat Job noem, is 'n treffende bewys van sy fyn etiese begrip.

Mog Job nie na 'n jonkvrou kyk nie? Haar nie begeer en neem nie? Volgens Oosterse begrippe wel! Die reël daar was dat 'n vrou slegs aan een man kon behoort, maar 'n man kon neem wie hy wou hê en kon kry, mits dit nie 'n ander man se vrou was nie.

'n Jonkvrou is 'n ongetroude vrou. Tog het Job nie op haar ag geslaan nie.

Bogenoemde poligamiese beskouing moet, net soos egskeiding, gereken word tot die dinge wat toegelaat word weens die hardheid van die hart. "Van die begin af was dit nie so nie" (Matt. 19:8). Job se uitspraak staan op monogame standpunt.

Job is dus, so sê hy, onskuldig aan en vry van sonde op die gebied van die huwelikslewe. Hy is 'n rein man. Dat hy dit nie in oppervlakkigheid sê nie maar in die volle besef van die betekenis daarvan, blyk uit die figuurlike uitdrukking wat hy gebruik: 'n verbond met sy oë. Hy besef die betekenis en werking van die oog. Van werklikhede wat Jesus later onder woorde gebring het, het hy besef gehad. So byvoorbeeld dat die oog jou laat struikel (Matt. 18:9) en dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, in sy hart reeds egbreuk met haar gepleeg het (Matt. 5:28). Jesus wis wat in die mens is (Joh. 2:25). Job verklaar hier dus dat hy nie alleen van daadwerklike oortreding vry is nie, maar ook dat hy die innerlike sondige begeerte uit sy hart weer, wat Johannes noem "die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë" (I Joh. 2:16).

Job gaan voort met twee retoriese vrae (vs. 2 en 3) wat, positief gestel, beteken dat die ondergang van die kwaaddoener en ongeluk vir die werkers van ongeregtigheid deur God beskik is. Dit is 'n algemene uitspraak (vs. 4), maar Job pas dit op homself toe met die vraag: "Sien Hy nie my weë nie?" In hierdie vraag is 'n verwyt aan God! Hy bedoel dat Hy so suiwer leef en wat doen God aan hom? Is hy dan 'n kwaaddoener of 'n werker van ongeregtigheid? God sien tog sy weë?

Job veg nog steeds met God!

31:5 As ek met leuens omgegaan het en my voet gehardloop het na bedrog:

31:6 laat Hy my dan weeg op 'n regte weegskaal, sodat God my onskuld kan weet!

- 31:7 As my gang afgewyk het van die weg en my hart agter my oë aangegaan het en aan my hande 'n vlek gekleef het —  
 31:8 laat my dan saai en iemand anders eet, en laat my uitspruitsels ontwortel word.

In hierdie hoofstuk tref ons baie sinne aan wat begin met *as*. Hiermee veronderstel Job 'n moontlike sonde wat hy sou kon gedoen het. In die hoofsin volg dan 'n uitspraak waarmee hy verklaar dat hy die veronderstelde sonde tog nie gedoen het nie. So volg die wens dat God hom op 'n regte weegskaal weeg, op die veronderstelling dat hy hom sou skuldig gemaak het aan leuen en bedrog. (Die HERE weeg mos die gange van die mense, Spr. 5:21). Dit sal dan tot gevolg hê dat God kan vasstel dat hy onskuldig is. Job kan dit veilig waag dat God hom weeg!

Die hoofsin bevat meesal 'n verwensing. Dit is die geval in die volgende sin (vs. 7 en 8). Job veronderstel daar verskillende oortredings, o.m. dat hy deur sy oë verlei is. Hy is sterk bewus van die "begeerlikheid van die oë"! Op die veronderstelling volg dan 'n verwensing: dat iemand anders sy oes eet en dat sy veldgewas uitgeroei word. Hy noem rampe wat in die wet van Moses vermeld word as strawwe op die oortredinge van die volk Israel, bv. tevergeefs saai, omdat vyande dit, naamlik die oes, opeet (Lev. 26:16; Deut. 28:30,33; vgl. ook Miga 6:15).

Hierdie sinne met "as" en daarna 'n verwensing, is plegtige ontkenning wat feitlik die karakter dra van eedformules. "As . . ." is dan gelyk aan, ek sweer dat iets nie so is nie.

- 31:9 As my hart verlok was oor 'n vrou, en ek geloer het by die deur van my naaste —  
 31:10 laat dan my vrou vir iemand anders maal en ander hulle oor haar buig.  
 31:11 Want dit is 'n skandelijke daad, en dit is 'n strafbare misdaad.  
 31:12 Ja, dit is 'n vuur wat tot by die plek van vertering toe vreet en al my opbrings sou ontwortel.

In hierdie derde onskuldbetuiging verklaar Job dat hy vry is van elke poging tot owerspel. Hy probeer nie om die vrou van sy naaste in haar huis te bespied nie, soos wat die Benjaminiëte in die wingerde geloer het (Rigt. 21:20). Die verwensing is dan dat sy vrou vir iemand anders maal. Om koring te moet maal, is veragtelike arbeid. In die opsomming van Ex. 11:5 staan "die slavin agter die handmeul" op die laagste plek. In die antieke literatuur is "maal" dikwels 'n woord vir seksueel verkeer. Job kan hierdie obsene betekenis van die woord ook bedoel. Die volgende woorde "en ander hulle oor haar buig" pleit vir hierdie opvatting. Wanneer die vrou dit moet verduur, is dit 'n smaad vir haar man. Die straf geskied dan volgens die vergeldingsreg: as jy 'n ander se vrou onteer, sal jou eie vrou onteer word.

Ná die verwensing volg nog 'n uitweiding oor die verskriklikheid van hierdie sonde: dit is 'n skandelijke daad en 'n strafbare misdaad. Laasgenoemde word nie gesê van "ag gee op 'n jonkvrou" (vs. 1) nie. Maar van owerspel wel! Dit verteer jou soos 'n vuur (kyk Spr. 6:20-35; 7:25-27), en ontwortel jou opbrings; dit tas ook jou maatskaplike welstand aan.

- 31:13 As ek gering geag het die reg van my slaaf of van my slavin toe hulle 'n geskil met my gehad het —  
 31:14 wat sou ek dan doen as God opstaan? En wat Hom antwoord as Hy ondersoek doen?  
 31:15 Het Hy wat my in die moederskoot gemaak het, hom nie gemaak nie? En het Een ons nie in die geboorte toeberei nie?

By hierdie vierde onskuldbetuiging voeg Job nie 'n verwensing nie, maar 'n betekenisvolle uitweiding oor die aard van die sonde wat hy noem. Dié sonde is geringskatting van die reg van sy slaaf of slavin in die geval van 'n geskil met hom.

In hierdie teks tref ons 'n paar positiewe gegewens aan. Ten eerste dat die verhouding heer-slaaf sonder kritiek aanvaar word. Verder dat die slaaf en die slavin regte het en dan dat hulle 'n geskil met hulle heer kan kry. In hierdie geval kan die heer as die vernamere en sterkere party onwillig wees om na hulle te luister. Maar daar is geen rede vir aansienlikes om hulle klagtes te ignoreer nie! As hulle dit tog doen, kom daardeur 'n verkeerde lewenshouding aan die lig! Job besef as hy so sou maak, hy in groot verleentheid sou kom wanneer God opstaan. Dat God "opstaan", beteken dat God hom met die saak gaan bemoei (vgl. 19:15) en vir die regte van die slaaf en die slavin intree. Job sal dan niks tot sy verdediging kan aanvoer nie. Waarom nie? Omdat slaaf en slavin net soos Job maaksels van God se hande is. Heer en slaaf het dieselfde Skepper! Ons sou daaraan nog kon toevoeg: albei is geskape na die beeld, na die gelykenis van God. Maar daarvan word in ons teks geen melding gemaak nie. Op die feit dat hy God se maaksel is, het Job self ook gepleit om verhooring by God te vind (10: 8-12). Maar wat hy vir homself verwag, kan hy vir sy slaaf ook verwag: God luister na hom! Maar as Job nie na sy slaaf luister nie, sal God dan na Job luister? Hier geld dieselfde reël as wat by die vergewing geld: "as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie" (Matt. 6:15).

Ongetwyfeld getuig Job hier van die gelykheid van alle mense. Dit blyk egter duidelik in watter opsig hulle gelyk is, nl. daarin dat God hulle gemaak het. Maar God het hulle verskillend gemaak. Daar is onder hulle groot verskeidenheid. Rykes en armes ontmoet mekaar, die HERE het hulle almal gemaak. (Spr. 22:2). Maar hoedanig is die ontmoeting?! Hoe dit moet wees, sê Job in die uitspraak van ons teks. Die Here sit ook die een in die posisie van 'n heer, die ander in die posisie van 'n kneg, maar teenoor mekaar moet hulle "dieselfde" doen - Ef. 6:9 - want by God is geen aanneming van die persoon nie. Volkome gelykstelling is daar net in die doderyk (3:19).

As Job sy slaaf met toewyding aanhoor, bly die slaaf tog sy slaaf.

Dit is ook so op die terrein van die wedergeboorte. Die gelowiges is almal "in Christus" (Gal. 3:28). Daar is geen Jood of Griek nie, geen slaaf of vryman nie, daar is geen man en vrou nie, want hulle is almal een in Christus. Maar die man bly man en word nie 'n vrou nie; en die vryman bly vryman, die slaaf slaaf; Onésimus word deur Paulus teruggestuur en dan is "meneer" Filémon en sy slaaf Onésimus broeders in die Here! (Filémon vs. 16).

31:16 As ek die armes 'n versoek geweier het en die oë van die weduwee laat versmag het

31:17 en my stukkie brood alleen geëet het sonder om die wees daarvan te laat saameet;

31:18 (veelmeer het hy van my jeug af by my grootgeword soos by 'n vader, en van my moeder se skoot af het ek haar gelei!)

31:19 as ek iemand sien omkom het sonder klere en dat daar geen bedekking vir die behoeftige was nie;

31:20 as sy lendene my nie geseën en hy hom nie warm gemaak het van die skeersel van my lammers nie;

31:21 as ek my hand teen 'n wees beweeg het, omdat ek in die poort vir my hulp gesien het

—  
31:22 laat dan my skouer uit sy gewrig val en my arm van sy pyp afgebreek word.

31:23 Want die ondergang wat God bewerk, was 'n skrik vir my; en weens sy hoogheid was ek onmagtig.



In verse 16 en 17, die vyfde onskuldbetuiging, spreek Job oor die sonde van onbarmhartige behandeling jeens armes, weduwees en wese. As ek die onbarmhartigheid begaan het, dan . . . Maar hier volg geen verwensing nie. Die hoorder of leser kan dit maar in sy gedagte byvoeg. Ook sonder 'n uitgesproke verwensing is die sin met "as" 'n duidelike verklaring. Job sê wel dat hy die omgekeerde gedoen het: hy het altyd vir hulle sorg gedra (vs. 18).

In die sesde onskuldbetuiging stel Job die geval dat hy iemand sien wat geen klere het om hom teen die koue te beskerm nie (vs. 19). Hy reageer hier op die woorde van Elifas in 22:6, 7. Dan volg 'n sin met "as nie". Soos die sinne met "as" dien om iets te ontken, so dien die sinne met "as nie" om iets te bevestig. So verklaar Job dan in vs. 20 dat die lendene van die behoeftige hom geseën het! Die lendene word hier dan persoonlik voorgestel. Hulle was verkleum, maar het warm geword met wolklere, van Job se lammers gemaak; daarom sê hulle Job!

In die sewende onskuldbetuiging verklaar Job dat hy geen onreg in die poort gedoen het nie, d.w.s. by 'n regsitting. Sy mederegters sou hom dit miskien nie belet het nie. Dit is nie maklik om teen 'n vername man soos Job te praat nie. Maar Job het van so 'n geleentheid nooit misbruik gemaak nie, maar die weerlose weeskind beskerm.

Nou volg weer 'n verwensing wat miskien ook op die twee voorafgaande verklarings betrekking het: laat my skouer uit die gewrig val en my arm gebreek word. Job voeg daarby nog dat hy so gehandel het uit vrees, eerbied vir God (vs. 23).

31:24 As ek op goud my hoop gestel het en vir die fyn goud gesê het: My vertrou!

31:25 As ek bly gewees het, omdat my vermoë groot was en my hand baie verwerf het;

In die agste (vs. 24) en negende (vs. 25) onskuldbetuiging ontken Job dat hy skuldig sou staan aan 'n materialistiese lewensbeskouing. Hy noem hier 'n suiwer geestelike sonde. Hy veroordeel nie rykdom as sodanig nie, maar wel om jou vertrou daarop te stel. Dit kan die arme ook doen, of op die weinige wat hy het, of op die baie wat hy begeer. Die HERE sal jou vertrou wees (Spr. 3:26). Vertroue op aardse goedere neem die vertrou op die HERE weg (Spr. 30:8, 9). Job reageer hier op die woorde van Elifas in 22:24, 25. Die negende betuiging lê nog meer nadruk op die geestelike karakter van hierdie sonde. Job ontken nie dat rykdom vreugde kan verskaf nie, maar wel dat rykdom die bron van sy vreugde was. Die opregtes van hart is bly in die Here (Ps. 32:11).

31:26 as ek die sonlig aangesien het wanneer dit helder skyn en die maan wat so pragtig daarheen gaan,

31:27 en my hart heimlik verlei is, en ek met my hand hulle 'n kus toegewerp het —

31:28 ook dit sou 'n strafbare misdaad wees, want ek sou God daarbo verloën het.

In die tiende onskuldbetuiging verklaar Job plegtig dat hy die hemelliggame nie aanbid het nie. Dit is 'n sonde wat in die wet verbied word (Deut. 4:19). Koning Manasse het hierdie vorm van afgodery ingevoer (II Kon. 21:3). In die ou Ooste was hierdie aanbidding algemeen. In sy bewoording laat Job uitkom dat 'n bekoring uitgaan van die skitterende hemelliggame: "wanneer dit helder skyn" en "so pragtig daarheen gaan", maar hy het hom nie heimlik daardeur laat verlei nie. Hy het hulle geen kus met sy hand toegewerp nie! Dit was 'n vorm van verering, ook van Baal (I Kon. 19:18) en die "kalwers" (Hos. 13:2).

By hierdie betuiging voeg Job geen verwensing nie, maar wel 'n uitweiding oor die strafbaarheid van hierdie sonde (Deut. 17:2-7) en dat dit 'n verloëning van God is, die

Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid (Rom. 1:25).

31:29 As ek bly was oor die ongeluk van my hater en uitgejubel het toe onheil hom getref het;

31:30 (ja, ek het my verhemelte nie toegelaat om te sondig nie, om deur 'n vloek sy lewe te vorder nie!)

Die elfde onskuldbetuiging is weer sonder verwensing en bevat 'n uitweiding oor sy suiwerheid met betrekking tot die genoemde sonde. Dié sonde is leedvermaak. Job was nie bly oor die ongeluk van sy hater nie en het hom nie vervloek nie. Andere het wel vervloekings uitgespreek - kyk byvoorbeeld Ps. 109. Daar gaan dit oor die goddelose; maar Job het die oog op persoonlike verhoudings en daarin sal die HERE self die wreker wees.

31:31 as die mense in my tent nie gesê het: Wie kan iemand vind wat van sy vleesspys nie versadig is nie?

31:32 (die vreemdeling het nie buitekant vernag nie; my deure het ek oopgemaak na die pad toe!)

Hierdie twaalfde onskuldbetuiging is in die vorm van 'n as-nie-sin 'n positiewe verklaring dat Job se gaste getuig het van sy mildheid.

Daar volg geen verwensing nie maar 'n uitweiding oor sy gasvryheid, in vs. 32.

31:33 as ek, soos Adam, my oortredinge bedek het deur my ongeregtigheid in my boesem weg te steek,

31:34 omdat ek bang was vir die groot menigte en die veragting van die geslagte my laat skrik het, sodat ek my stil gehou, die deure nie uitgegaan het nie!

Die sondes waarvan Job in die dertiende onskuldbetuiging homself vry pleit is huigelry en skynheiligheid. Hy het dit nie "soos Adam" gedoen nie, wat dit dan wel gedoen het. Dit is egter 'n vraag of hierdie vertaling reg is. Die Hebreeuse woord "adam" beteken, as soortnaam, *mens* (kyk by Gen. 1:26; 4:1), maar word later 'n eienaam. Daarom kan in ons teks ook vertaal word: soos 'n mens, wat dan beteken: op 'n menslike wyse. Laat ons sien hoe Job die sonde wat hy bedoel, omskryf: oortredinge bedek. Dit lyk inderdaad na wat Adam in die tuin van Eden gedoen het. Job praat hier egter ook van vrees vir mense, "bang vir die groot menigte". Ook sou hy deur "geslagte", families, geminag word. Daarvoor sou hy hom dan verberg het. Uit die vermelding van menigte en families blyk dat Job in 'n taamlike groot gemeenskap verkeer het. Dit was met "Adam" nie die geval nie. Daarom vertaal ons liever: "op menslike wyse".

31:38 As my saailand my aanklaag en sy vore almal saam ween;

31:39 as ek sy opbrings geëet het sonder betaling en die lewe van sy eenaars uitgeblaas het

31:40 laat dan distels in plaas van koring uitspruit en onkruid in plaas van gars. Hier eindig die woorde van Job.

In hierdie verse pleit Job hom vry van onreg wat hy jeens sy saailande sou begaan het. Sy landerye word voorgestel as persone wat ween oor slegte behandeling. Onder die onreg aan



landerye kan genoem word: onreëlmatige handeling by verkoop of verpanding waardeur oorspronklike eienaars hulle bestaansmoontlikheid verloor het; uitbuiting van arbeidskragte, rooibou. Die inhoud van die verwensing pas goed by die genoemde sonde (vs. 40).

Ons laat hierdie verse aansluit by vs. 34. Die verse tussenin dra 'n ander karakter. In die oorleweringsproses kan 'n verskuiwing in volgorde plaasgevind het. Dan is hierdie verse die veertiende onskuldbetuiging. Hierdie simboliese getal, twee maal sewe, pas goed by hierdie plegtige reinigingsede.

**31:35** Ag, as iemand my maar wou aanhoor! Kyk hier my handtekening (laat die Almagtige my antwoord!) en die skrif wat my teëparty geskrywe het!

**31:36** Waarlik, op my skouer sou ek dit dra; ek sou dit my ombind as 'n krans.

**31:37** Die getal van my voetstappe sou ek Hom te kenne gee; as 'n vors sou ek na Hom toe aankom.

Hierdie verse is dan die slot van hf st. 31.

Hierdie woorde begin met 'n wens: "Ag, as iemand my maar wou aanhoor! " In die wens lê die klag opgesluit dat niemand hom aanhoor nie. Die vriende het hom wel aangehoor, maar nie met welwillendheid nie. Job bedoel egter dat God hom moet aanhoor; hy gaan voort met: "laat die Almagtige my antwoord! " Herhaaldelik het Job gevra dat God na hom moet luister: "Ag, as ek maar geweet het waar ek Hom kon vind, maar kon kom tot by sy woning" (23:3; vgl. verder 13:3; 16:18; 19:7). Daarvoor veg Job: om met sy God in kontak te kom, die God wat hom verlaat het en soos 'n vyand behandel!

Waarom wil hy God ontmoet? Dit sê hy ook: "Kyk hier my handtekening." Daarop moet hy antwoord hê van die Almagtige. Omdat die vermelding van sy handtekening onmiddellik volg op sy onskuld-betuigings, sal die "handtekening" daarop betrekking hê. Die handtekening is die waarborg dat 'n stuk eg is! Job betuig daarmee dat sy onskuld-betuigings betroubaar is. Die uitdrukking sal wel figuurlik opgeneem moet word. Daar word in hierdie verse nog van 'n skrifstuk melding gemaak: die skrif wat my teëparty geskrywe het. Ook dit is beeldspraak, ontleen aan 'n amptelike regsproses. Job noem sy geding met God 'n regsak in 23:4. Met die skrif van sy teëparty bedoel hy die beskuldigings wat sy vriende teen hom aangevoer het. Ons dink hier aan die Nieu-Testamentiese uitdrukking: "die skuldbrief teen ons" (Kol. 2:14).

Die voor en teen moet God dan teen mekaar afweeg! En wat sal dan gebeur? Plegtig verklaar hy dat hy dit op sy skouer sou dra en as 'n krans om sy hoof sou bind. Met "dit" bedoel hy die "skuldbrief teen hom". Blykbaar het hy die skuldbrief dus in sy eie hande! Dan kan hy daarmee maak soos hy wil! Hy kan dit vernietig. Maar hy sal dit as 'n oorwinningsteken, as 'n trofee aanwend.

As die skuld betaal is, kan die skuldbekentenis vernietig word. So lank as wat dit in die hande van die skuldeiser is, is dit 'n bewys van ons skuld. Maar ná betaling kry die ontlener dit om seker te maak dat dit vernietig word; hy kan dit self doen. Maar Job is so trots daarop dat hy dit voor elkeen se oë omhoog hou. Hy het gekla dat God sy eer van hom afgetrek en die kroon van sy hoof weggeneem het (17:9). Maar nou het hy tog die eer en die kroon weer terug!

So dink hy, sal dit gaan, as God hom maar aanhoor!

God kan sy voetstappe maar tel. Vroeër was hy bang vir God se oormag; en vra hy "laat sy verskrikking my nie beangstig nie" 9:34; 13:21. Maar nou sal hy as 'n vors na Hom toe

aankom.

Dit is Job se laaste woorde in die gesprekkereeks: EK IS ONSKULDIG!

## ***Die optrede van Elíhu (hfst. 32 en 33)***

Onverwags tree 'n nuwe spreker op: Elíhu.

Die drie vriende het opgehou om met Job te praat, omdat hy in sy eie oë regverdig was. Hulle dink seker: dis 'n hopelose geval. Maar Elíhu dink nie so nie. Hy was blykbaar by die gesprekke aanwesig en terwyl hy luister, het hy toornig geword. Sy toorn het ontvlam teen Job omdat hy homself regverdig beskou het voor God, en ook teen sy drie vriende, omdat hulle geen antwoord gevind het nie en Job (tog) veroordeel het. Ons kan dus verwag dat Elíhu 'n antwoord het.

Job het op die woorde van Elíhu nie geantwoord nie. Die HERE self skenk ook geen aandag aan Elíhu nie, wel aan die drie vriende, 42:7. Daarom is wat Elíhu sê vir ons doel - "geveg met God" - nie van direkte belang nie. Die mening is wel uitgespreek dat "Elíhu" 'n latere invoegsel is. Maar dit staan in ieder geval in die boek Job soos dit aan ons oorgelewer is en Elíhu sê wel belangrike dinge, daarom kan mens tog nie oor die boek Job skryf sonder om aandag aan hom te skenk nie.

Elíhu is baie breedvoerig en maak baie verskonings vir sy optrede; hy is jonk in vergelyking met die ander sprekers. Maar omdat die gesprekke geen resultaat opgelewer het nie, dring die gees hom in sy binneste (32:18). Voorts sê hy dat hy en Job vrymoedig kan praat; Job hoef nie bang te wees vir hom nie: "Kyk, teenoor God staan ek in dieselfde verhouding as u: van klei is ek ook afgeknyp" (33 :6). (Die term "afgeknyp" word in die verhaal van Genesis nie gebruik nie. Dit lê meer in die lyn van oud-Oosterse skeppingsverhale.)

As Elíhu dan eindelijk tot die saak kom, herhaal hy wat hy Job hoor sê het. Hy begin dus deur Job onder hande te neem.

- 33:8 Sekerlik, u het voor my ore gesê, ek het die geluid van die woorde gehoor:
- 33:9 Rein is ek, sonder oortreding; suiwer is ek, en daar is geen skuld by my nie.
- 33:10 Kyk, Hy soek aanleidinge vir vyandskap teen my; Hy hou my vir 'n vyand van Hom.
- 33:11 Hy sit my voete in die blok; Hy bewaak al my paaie.
- 33:12 Kyk, daarin het u nie reg nie (antwoord ek u), want groter is God as 'n mens.
- 33:13 Waarom het u teen Hom getwis, dat Hy op al die woorde van 'n mens nie antwoord nie?
- 33:14 Want God spreek op een, ja, op twee maniere; maar die mens let daar nie op nie.
- 33:15 In die droom, in 'n naggestig, as diepe slaap op die mense val, tydens sluimeringe op die bed,
- 33:16 dan open Hy die oor van die mense, en Hy druk die seël op die waarskuwing aan hulle;
- 33:17 om die mens terug te hou van sy onderneming en trotsheid vir die man te verberg;
- 33:18 sodat Hy sy siel kan red uit die kuil; en sy lewe, dat dit nie omkom deur die spies nie.
- 33:19 Ook word hy getugtig met smart op sy bed en aanhoudende stryd in sy gebeente,
- 33:20 sodat sy lewe hom laat walg van brood en sy siel van lieflingspys.
- 33:21 Sy vlees verdwyn, weg uit die gesig; en sy gebeente, wat onsigbaar was, steek uit.
- 33:22 Ja, sy siel kom nader by die kuil en sy lewe by die dodende magte.

- 33:23 Is daar dan vir hom 'n gesant, 'n tolk, een uit duisend, om die mens sy plig te kenne te gee;
- 33:24 en is Hy hom genadig en sê: Verlos hom, dat hy in die kuil nie afdaal nie: Ek het 'n losprys gevind —
- 33:25 dan word sy vlees fris van jeugdige krag, hy keer terug na die dae van sy jonkheid.
- 33:26 Hy bid tot God, en Hy het 'n welbehae in hom, sodat hy sy aangesig sien met gejuig: so vergeld Hy dan aan die mens sy geregtigheid.
- 33:27 Hy sing voor die mense en sê: Ek het gesondig en verdraai wat reg is, maar dit is my nie na verdienste vergeld nie.
- 33:28 Hy het my siel verlos, dat dit nie in die kuil ingegaan het nie, en my lewe mag hom verlustig in die lig.
- 33:29 Kyk, dit alles doen God, twee keer, ja, drie keer met 'n mens
- 33:30 om sy siel terug te bring van die kuil, sodat hy bestraal word met die lig van die lewe.
- 33:31 Let op, o Job! Luister na my; swyg, en ek sal spreek.
- 33:32 As u woorde het, antwoord my; spreek, want ek wil u graag gelyk gee.
- 33:33 So nie, luister ú dan na my; swyg, en ek sal u wysheid leer.

Elíhu begin deur enkele dinge te herhaal wat Job gesê het: dat hy onskuldig is, dat God vyandig teen hom optree, sy voete in die blok sit, al sy paaie bewaak, en sê dan dat Job hierin nie reg is nie, "want groter is God as 'n mens". Die bedoeling van hierdie argument is dat 'n mens hom nie teen die hoë en verhewe God mag verset nie. Dit is wel waar! "Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord" (Rom. 9:20). Met hierdie argument het Elíhu die hele "geveg met God" van die baan geskuif! Op die ou end moet Job ook alles herroep wat hy gesê het (42:6). En tog sê die HERE ten slotte dat sy kneg Job "reg van My gesprek het!" (42:7), en die vriende nie. Vir hierdie vreemde teenstelling is daar net een verklaring, nl. dat daar in die soms rofklinkende woorde van Job meer opregte vroomheid geskuil het as in die plat-tradisionele redenasies van die vriende. Al wil sy God hom ook ombring - Job hoop op Hom (13:15).

Op een punt gaan Elíhu nader in: die klag van Job dat God hom nie geantwoord het nie. So het Job inderdaad gesê (19:7; 30:20). Elíhu kan natuurlik nie beweer dat God Job wel geantwoord het nie. Hy doen dan ook die algemene uitspraak dat God op verskillende maniere antwoord, maar die mens let nie daarop nie. Elíhu noem twee moontlikhede en Job kan hom dan maar daaraan toets: deur drome of deur siekte. Job het inderdaad drome gehad. Hy vertel daarvan (7:13 e.v.). Blykbaar hoort die drome by sy siekteverskynsels en Job het daarvan niks anders gehad as verskrikking en ontsteltenis nie; geen antwoord op sy probleem nie. Die ander moontlikheid is nog meer toepaslik op Job: siekte! Breedvoerig skilder Elíhu wat 'n sieke op die gebied van sielkundige ervaring kán ondervind. Het Job so iets ondervind? Dit sou dan 'n antwoord van God wees! Maar in alles wat Job oor sy siektetoestande vertel - en dit is baie - kom *so* iets nie voor nie. Sy ondervindinge was gans anders. Sover het hy dus niks aan dit wat Elíhu aan hom voorstel nie.

Tog is wat Elíhu sê, só merkwaardig, dat ons daaraan aandag moet skenk. Hy maak melding van 'n verlossing uit die dood en van 'n danklied van die verlose, wat vergelyk kan word met die lied van Hiskia ná sy genesing (Jes. 38:9 e.v.).

Elíhu stel die moontlikheid dat daar vir die sieke 'n gesant, 'n tolk verskyn. Dit kan 'n profeet wees, soos Jesaja by Hiskia op sy siekbed gekom het; maar ons kan ook aan 'n engel dink. Die uitdrukking "een uit duisend" beteken dat hy 'n besondere figuur is - vgl. vir dieselfde uitdrukking Pred. 7:28. Die tolk praat met die sieke: hy gee vir hom sy plig te kenne! Hy tree dus vermanend op, soos 'n profeet. Die drome waaroor Elíhu eerder gepraat het, het ook die

karakter van vermanings gehad (kyk vs. 17) om die mens van sy trotse planne te weerhou. Dit kan ook hier die bedoeling wees. Elíhu veronderstel verder dat dit ook kan gebeur dat die bode hom -nl. vir die sieke - genadig is en sê: "Verlos hom, dat hy in die kuil (dit is die dood) nie afdaal nie." Maar 'n tolk, bode of engel wat dit kan sê, is wel 'n besondere engel, "een uit duisend!" - te meer waar hy ook nog sê: "Ek het 'n losprys gevind." Hy sien 'n uitweg vir die dodelik sieke.

Die Hebreuse woord wat deur losprys vertaal is, beteken eintlik "bedekking". Die bedoeling is dan bedekking van die sonde. Die sonde het natuurlik ter sprake gekom toe die "gesant" hom sy plig te kenne gegee het. Die sonde is in vs. 17 "trotsheid" genoem. Dit is inderdaad die kernsonde! (I Tim. 3:6). Die verlossing, vergewing, van die sonde word in die Skrif beskryf deur die beeld van afwassing (in die bloed van die Lam, Openb. 7:14), maar ook deur die beeld van bedekking (Ps. 32:1; Rom. 4:7). In die Heidelb. Kat. word die gedagte van "bedekking" bespreek in vr. 36 en 81. Bedekking van die sonde is wat die sondaar nodig het. In die tuin van Eden soek die mense dit in die vyeblare; in die nood van die gerig roep hulle vir die berge, "Val op ons" en vir die heuwels, "Bedek ons!" Maar die enigste bedekking vind ons in die bloed van die versoening.

Die vermelding van die losprys in die woorde van Elíhu is 'n nuwe element. Daar is in hierdie Bybelboek wel sprake van die behoefte aan 'n skeidsregter en 'n "Losser", maar die gedagte aan 'n losprys kom - in hierdie Bybelboek - slegs hier voor. Dit is dus wel 'n belangrike openbaringselement.

Die betekenis van Elíhu se voorstelling van die siekbedservaring word nog duideliker uit die gebed van die geneesde. Hy bid. Hy dank en sing: "Ek het gesondig en verdraai wat reg is, maar dit is my nie na verdienste vergeld nie." Toe sy plig aan hom te kenne gegee is, het hy dus sy sonde ingesien en berou gehad en vergewing gevind. Dit het geskied op grond van die losprys wat die "gesant" gevind het.

Wie anders kan hierdie besondere engel wees as "die engel van die HERE?" Hy is die profeet wat ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle geopenbaar het (Heidelb. Kat., vraag 31). Inderdaad is die verlossingsplan in die woorde van Elíhu "verborge" en omsluer. Tog is die heilsopenbaring in die boek Job nêrens duideliker as hier in die woorde van Elíhu nie.

Met hierdie voorstelling van geloofservaring op die siekbed bedoel Elíhu: Het jy so iets nie ervaar nie, Job? Sê nie te gou nie: "God antwoord nie!" As jy maar luister!

Elíhu bedoel dit goed. Ons kan sy woorde ter harte neem!

Tog het Job langs 'n ander weg uit sy lyding uitgekom! Dit is die besondere karakter van die boek Job.

### ***Die optrede van Elíhu (vervolg) (hfst. 34)***

Elíhu wend hom nou tot die "wyse manne", dit is die vriende van Job. Hulle moet hoor, sê hy, "want die oor toets woorde soos die verhemelte die spys proe" (vs. 3). Hierdie beeld het Job self ook gebruik(12:11).

Eers herhaal hy 'n paar gesegdes van Job om aan te toon hoe goddeloos hy is. Hy drink godslastering soos water (vs. 7). Elíhu sê dat Job gesê het: "Dit baat 'n man niks dat hy 'n welgevalle aan God het nie." Maar dit het Job nie gesê nie! Hy het oor ander mense gepraat wat dit wel gesê het (21: 15). Job het gesê: "As ek gesondig het, wat doen ek U aan, o

Mensebewaker! " (7:20.) Miskien het Elíhu aan dié uitspraak van Job gedink. Elíhu haal ook aan dat Job gesê het: "God het my my reg ontnem" (vs. 5). Dit het Job inderdaad gesê (kyk 27:2.) Hy beskuldig God dus van onreg en Elíhu gaan daarop nou breedvoerig in. Hy betoog nou dat God nie onregverdig is nie. Bildad het dit ook alreeds gesê (8:3), maar Elíhu wil dit nog verder beklemtoon.

- 34:10 Daarom, manne van verstand, luister na my: Ver is God van goddeloosheid en die Almagtige van onreg!
- 34:11 Veelmeer vergeld Hy die mens na sy werk, en volgens 'n man se wandel laat Hy hom ondervind.
- 34:12 Ja waarlik, God handel nie onregverdig nie, en die Almagtige verdraai nie die reg nie.
- 34:13 Wie het aan Hom die aarde toevertrou, en wie het die hele wêreld gegrond?
- 34:14 As Hy op Homself ag sou gee, sy Gees en sy asem na Hom sou terugtrek,
- 34:15 dan sou alle vlees tesame die asem uitblaas en die mens sou tot stof terugkeer.
- 34:16 As daar dan verstand by u is, hoor dit; luister na die stem van my woorde.
- 34:17 Kan ook een wat die reg haat, heers? Of durf u die Regverdige, die Geweldige, veroordeel?

Elíhu stel hier dat God regverdig is, maar sê ook waarom dit so is. Dit is so omdat God die Magtige, die Geweldige is. Omdat hy magtig is, doen Hy ook reg. Dit is 'n stelreël wat in menslike verhoudinge nie geld nie! Mag kan misbruik word. Tog spreek Elíhu hierdie stelling baie sterk uit in die vraag: "Kan ook een wat die reg haat, heers?" Hy bedoel: nee, dit kan nie! Maar die geskiedenis leer dat dit wél kan! Baie heersers was onregverdig.

Elíhu praat hier egter oor God en nie oor menslike verhoudings nie. God se mag is mos skeppersmag! Bo Hom staan niemand anders wat die aarde aan Hom toevertrou het nie. In Hom is die oorsprong van alle dinge, ook van die reg. As die almagtige Skepper is Hy die Geweldige, sy skeppingsmag is heersersmag. Dat Hy onreg sou doen is dus totaal uitgesluit.

Tog het mag in menslike verhoudinge ook iets met reg te doen: wie insien wat reg is en die reg wil handhaaf, moet ook die mag hê om dit te kán doen. En ook in menslike verhoudinge sien ons dat 'n heerser wat die reg haat, sy onderdane nie gelukkig maak nie. Sedekia is daarvan 'n duidelike voorbeeld - kyk Eseg. 19:5-9.

Ook in dié sin is God regverdig dat Hy die mag het om die reg te handhaaf.

Elíhu beskryf nou verder hoe God dit inderdaad ook doen. Hy is die God wat die vorste nie voortrek nie en op die verneme nie meer ag gee as op die arme nie, want hulle is almal die werk van sy hande. Sy oordele kom plotseling (vs. 20). Niemand kan hom vir Hom verskuil nie. Hy hoef ook nie langdurige ondersoeke in te stel nie (vs. 23), want Hy ken hulle werke en straf voor die oë van almal. Want hulle het afgewyk "om die geroep van die arme na Hom te laat kom . . ." Dit wil nie sê dat dit die doel van die oortreders was nie. Dit was die gevolg van hulle optrede. Dit is 'n stylfiguur om die resultaat voor te stel asof dit die beoogde doel was.

- 34:29 En gee Hy rus, wie durf Hom dan veroordeel? En verberg Hy die aangesig, wie kan Hom dan aanskou? — of dit al 'n nasie betref of 'n mens, almal saam;
- 34:30 sodat die goddelose mense nie sal regeer, sodat hulle geen strikke vir die volk sal wees nie.
- 34:31 Want sê iemand wel tot Gód: Ek boet sonder dat ek sleg handel;

- 34:32 wat ek nie insien nie, leer U my dit; ás ek onreg gedoen het, ek sal dit nie meer doen nie —
- 34:33 moet Hy volgens u mening tog vergelding doen? U is mos ontevrede, sodat ú moet sê wat beter is, en nie ek nie! Wat u dan weet — spreek dit uit!
- 34:34 Manne van verstand sal vir my sê, en 'n wyse man wat my aanhoor:
- 34:35 Job spreek sonder kennis, en sy woorde is sonder verstand.
- 34:36 Ag, mag Job getoets word tot die einde toe weens die antwoorde in die trant van kwaaddoeners.
- 34:37 Want hy voeg 'n oortreding by sy sonde; onder ons spreek hy smadelik en vermenigvuldig sy woorde teen God.

God doen dus reg, maar, so sê Elíhu verder, Hy tree nie altyd op soos ons dit sou wens nie, nie op ons manier en op ons tyd nie. Hy druk dit uit met die woorde, "En gee Hy rus", d.w.s. laat Hy dinge gaan sonder om in te gryp, dan - sê Elíhu - mag ons Hom nie daarvoor veroordeel nie. As Hy sy optrede vertraag, volg daaruit dat goddelose mense aan die regering bly en strikke, oorsake van ellende, vir die volk word. Maar dan mag ons nie eis dat Hy optree, sodat die goddelose mense nie sal regeer nie, maar moet ons in sy beskikking berus.

Mense - en dus jy ook, Job, sê Elíhu, sê mos nooit tot God: Ek boet sonder dat ek (na my wete) sleg handel; maar wat ek nie insien nie, leer my dit en dan sal ek dit nie weer doen nie. So ootmoedig is mense nie! Maar moet God tog maar optree volgens ons insigte? Waag jy om dit sê?

Elíhu dink nou dat hy Job só in 'n hoek gedryf het dat elkeen sal insien dat Job woorde spreek sonder verstand. Job is nog lank nie swaar getoets nie! Hy het nog verdere "toetsing", lyding, nodig! Hy hét oortree, dit blyk uit sy rampe! So dink ook Elíhu. Maar nou is Job ook nog krities teenoor God!

Niemand het Job so diep neergedruk as wat Elíhu hier doen nie!

### ***Die optrede van Elíhu (vervolg) (hfst. 35)***

In 34:9 het Elíhu - ten onregte - beweer dat Job gesê het: "Dit baat 'n man niks dat hy 'n welgevalle aan God het nie." Hy kom nou daarop terug en beweer dat Job so iets gesê het, nl. wat baat my geregtigheid my? Wat help dit my meer as wanneer ek sondig?

Job het dit nooit so uitdruklik gesê nie - tensy sy woorde in 9:22 so uitgelê word.

Elíhu redeneer nou van die ander kant af en sê dat God so hoog en verhewe is, dat ons oortredinge Hom geen skade kan berokken nie.

Dit het Job self ook al gesê (7:20). Élifas ook (22:2), met die konklusie dat die verstandige aan homself diens bewys. Tot hierdie konklusie kom Elíhu ook:

- 35:7 As u regverdig is, wat gee u aan Hom? Of wat kan Hy uit u hand aanneem?

In die tweede helfte van hoofstuk 35 praat Elíhu plotseling oor iets anders, nl. oor die klag dat God nie na die mense - en ook nie na Job - luister nie. Die verdruktes bly maar aanhou skreeu; hulle roep om hulp oor die geweld van die grotes. Maar waarom luister God nie? Omdat hulle roep sonder kennis van God. Hulle roep miskien "o God! o, God! ", maar erken hom nie as hulle Maker nie.



Met 'n fyngevoelige trek teken Elíhu hoe goed dit is om jou Maker te ken, "wat lofsange gee in die nag", vs. 10b. Die nag is die tyd van benoudheid en angste, maar dan, "in die nag sal sy lied by my wees", Ps. 42:9. Voorts kan God ook van die mense verwag dat hulle met vertroue tot Hom roep, "wat ons meer leer as aan die diere van die aarde en ons wyser maak as die voëls van die hemel." Na hol geskreeu en nietige klagte luister God egter nie. Maar met Job is dit nog erger, sê Elíhu. By Job nie 'n leë geroep nie maar verwyte! Die regspraak is voor Hom, maar Hy laat Job wag. Hy slaan geen ag op Job se oormoedige woorde nie en nou "maak Job sy mond wyd oop in nietige gepraat, vermenigvuldig hy woorde sonder kennis." Elíhu bestraf Job hard!

### ***Die optrede van Elíhu (vervolg) (hfst. 36)***

Elíhu het verder gesê:

- 36:2 Wag 'n bietjie op my, en ek sal u inlig; want daar is nog genoeg te sê tot eer van God.  
36:3 Ek sal my kennis van ver af ophaal en aan my Skepper reg verskaf.  
36:4 Want waarlik, my woorde is geen leuens nie; een wat volkome is in kennis, is by u.  
36:5 Kyk, God is geweldig, nogtans ag Hy niks gering nie — geweldig deur krag van verstand.  
36:6 Hy laat die goddelose nie lewe nie, maar aan die ellendiges verskaf Hy reg.  
36:7 Hy trek sy oë nie af van die regverdige nie, maar by konings op die troon laat Hy hulle sit vir altyd, sodat hulle verhoog is.  
36:8 Maar as hulle in kettings geklink is, gevang word in bande van ellende,  
36:9 dan gee Hy aan hulle hul dade te kenne en hul oortredinge, dat hul gedrag hoogmoedig was;  
36:10 dan open Hy hulle oor vir die tugtiging en sê dat hulle moet terugkeer van ongeregtigheid.  
36:11 As hulle luister en Hom dien, dan bring hulle hul dae deur in voorspoed en hul jare in aangenaamheid.  
36:12 Maar as hulle nie luister nie, dan kom hulle om deur die spies, en hulle blaas die asem uit sonder kennis.  
36:13 Maar die goddelose van hart koester nyd; hulle roep nie om hulp as Hy hulle bind nie.  
36:14 So sterwe dan hulle siel in die jeug en hulle lewe soos dié van skandseuns.  
36:15 Hy red die ellendige deur sy ellende en open hulle oor deur verdrukking.

Elíhu is sterk oortuig van sy eie regte insig en het nog baie om te sê tot eer van God en om aan sy Skepper reg te verskaf. As Job dit hoor, sal hy wel dieselfde dink as wat hy gedink het, toe die drie vriende "vir God gepleit" het (13:7-11).

Elíhu spreek nou verder oor God en sê dat Hy wel geweldig is, maar dat dit nie beteken dat Hy nie ag gee op geringe dinge nie. Hy bemoei hom met die mense en sien die onderskeid tussen regverdiges en goddeloses. Hy sien egter nog meer. Hy sien ook dat regverdiges soms hoogmoedig word. Dan laat Hy hulle in kettings geklink word en sê dat hulle hul moet bekeer. As hulle luister, gaan dit weer voorspoedig met hulle. So het dit met Hiskia gegaan (II Kron. 32:25, 26). Anders kom hulle deur die spies om, d.w.s. hulle sterf 'n gewelddadige dood, wat as 'n gerig oor hulle beskou moet word. En wat die goddeloses betref - hulle koester nyd, hulle word kwaad en bitter van gemoed. Hulle roep nie tot God nie; erken nie God se waarskuwings nie en sterf in hulle jeug, soos skandseuns. Dit is die mense wat hulle oorgee aan die sakrale prostitusie by die "heiligdomme" van Baäl en Astarte. Hulle sterf



meesal jonk.

Die bedoeling van beproewings, so wil Elíhu sê, is dus om deur ellende die ellendiges te red. En met hierdie voorbereidende les wend hy hom nou tot Job.

- 36:16 So lok Hy u dan ook uit die mond van die nood na 'n onbeperkte ruimte en na die behaaglikheid van u tafel wat vol is van vetspys.
- 36:17 Maar u is vol van die oordeel oor die goddelose: oordeel en strafgerig sal u aangryp.
- 36:18 Want pas op dat woede u nie verlok by die bestraffing en die grootheid van die losprys u nie verlei nie.
- 36:19 Sal Hy u geroep om hulp voorbring waar daar geen nood is nie, en alle moontlike kraginspanning van u?
- 36:20 Smag nie na die oordeelsnag wat volke wegneem uit hulle plek nie.
- 36:21 Neem u in ag, wend u nie tot ongeregtigheid nie; want dit verkies u liever as ellende.

Dit is moeilik om hierdie verse te verklaar. Die verskillende lesings en vertalings en menings loop ver uiteen. Hulle moet egter 'n toepassing wees op wat voorafgaan en 'n waarskuwing aan Job bevat om nie verkeerd te reageer op sy beproewing nie.

Die begin van vs. 16 kan ook só gelees word: ruimte het u weggevoer van die muil van die nood. Nood, gebrek gee pyn. Honger is 'n skerp swaard! Maar Job het altyd "in die ruimte", d.w.s. in weelde en oorvloed gelewe en nooit gebrek geken nie. Noudat hy tog in nood verkeer, kan hy hom nie in die toestand skik nie en praat nog asof hy die vername man van vroeër is. Elíhu bedoel: daar is by Job geen verootmoediging nie, maar die verharding en verstoktheid van die sondaar. 'n Illustrasie van so 'n houding kry ons by die ryk man uit die gelykenis (Luk. 16). Op aarde was hy gewoon daaraan om te hiet en gebied, en in die smarte van die doderyk kommandeer hy nog: "Stuur Lasarus! "

Die verkeerde houding van Job sou dan hierin blyk, dat hy die mond vol het van oordeel oor die goddelose. Dit is soos 'n woede in hom waardeur hy die juiste verhoudings nie meer sien nie. In dieselfde lyn lê die volgende waarskuwing: "pas op . . . dat die grootheid van die losprys u nie verlei nie." Die woord wat deur losprys vertaal is, kan hier beter deur geskenk vertaal word, en dan veral in die sin van omkoopgeld, wat die woord ook beteken in I Sam. 12:3, Am. 5:12. Toe hy ryk was, kon Job alles met geld regkry. Maar van die regverdige straf van God, so wil Elíhu sê, kan jy jou nie vrykoop nie. Teen hierdie verklaring kan as beswaar ingebring word dat Job tog nie nou meer ryk was nie. Maar dit kan Elíhu juis bedoel: dit hoef jy nou nie meer te probeer nie!

In vs. 19 is sprake van "hulp voorbring". Maar hier is ook 'n ander vertaling moontlik en dit is nie die enigste probleem met hierdie vers nie. Dit is moontlik dat Elíhu bedoel dat Job se verset teen God vrugteloos is. In elk geval, die volgende vers sê Job moet nie verlang na die oordeelsnag nie. Die nag "wat volke wegneem uit hulle plek", is die nag van die gerig (34:25). Job het dikwels gepraat oor sy verlange na gerig (13:17 e.v.; 23:3-6; 24:1). Hy moet dit nie doen nie, sê Elíhu. Daarvoor is die gerig veels te vreeslik (vgl. Jes. 8:20-22). Volke word opgejaag in ballingskap - hierdie strafmetode van oorwinnaars word in ons teks 'n trek van die godsgerig.

Elíhu sluit sy vermaning af (vs. 21) met die waarskuwing dat Job nie tot ongeregtigheid moet verval nie. Hy is mos alreeds in die geselskap van die werkers van ongeregtigheid (34:8)! Hy moet liever sy ellende verdra, sodat sy beproewing nie tevergeefs sal wees nie.

- 36:22 Kyk, God handel verhewe in sy krag; wie is 'n leermeester soos Hy?  
 36:23 Wie het Hom sy weg voorgeskrywe? En wie het gesê: U het onreg gedoen?  
 36:24 Dink daaraan dat u sy werk moet verheerlik waar die mense van sing.  
 36:25 Al die mense sien dit met welgevalle aan, die sterfling aanskou dit van ver.  
 36:26 Kyk, God is groot en onbegryplik vir ons; die getal van sy jare is onnaspeurlik.  
 36:27 Want Hy trek waterdruppels af; hulle sif neer by sy mistige weer as reën  
 36:28 wat die wolke laat neerstroom, laat afdrup op baie mense.  
 36:29 Ja, kan iemand die uitspreiding van die wolke verstaan, die gekraak van sy hut?  
 36:30 Kyk, Hy sprei sy lig oor Hom uit, en die dieptes van die see oordek Hy.  
 36:31 Want daarmee oordeel Hy die volke, gee Hy voedsel in oorvloed.  
 36:32 Altwee sy hande oordek Hy met weerlig en gee daaraan bevel teen die aanvaller.  
 36:33 Sy donderstem kondig Hom aan, die vee selfs dat Hy optrek.

In vs. 22 gryp Elíhu terug na vs. 5 om te spreek oor die grootheid van God. In die betoning van sy grootheid is Hy 'n Leermeester en Hy duld geen teësprak nie. Hy is die "opvoeder" van sy kinders en spreek op verskillende maniere (33:14; 36:9). Die mense - verstandige mense - sing daarvan. Elíhu het blykbaar sulke lofliedere op God se wysheid geken!

As voorbeeld van die grootheid van God noem Elíhu dat Hy die reën maak. Van die reën gaan hy oor na die onweer. Die opeenhoping van die wolke is indrukwekkend. Dit is die omhulling van sy heerlikheid. Elíhu noem dit sy "hut" - dit is 'n eenvoudige naam vir 'n verhewe saak. Uit die hut kom dan die donderslae voort. Die wonder van die onweer is nog groter as die wonder van die reën. In die onweer stuur Hy sy bliksemstrale uit.

Die betekenis van onweer is tweërlei: "daarmee oordeel Hy die volke; gee Hy voedsel in oorvloed." Die onweersbui laat die plante groei. Maar Elíhu wy meer aandag aan die gerigsgedagte! God bewapen Homself met weerlig, in albei hande! Hy gee bevel aan die weerlig om die aanvaller te tref. Mens hoor dat Hy kom! Treffend is die slotwoorde: ook die vee is onrustig by die onweer. Maar hierdie vertaling is onseker. 'n Ander vertaling sê dat God ywerig is in sy toom oor onreg. Dit pas goed in by Elíhu se betoog! Hy praat oor 'n toornige God! So kom God ook tot Job!

### ***Die optrede van Elíhu (slot) (hfst. 37)***

- 37:1 Ja, hiervoor beef my hart en spring op uit sy plek.  
 37:2 Luister, luister na die gedruis van sy stem en die dreuning wat uit sy mond uitgaan.  
 37:3 Onder die ganse hemel laat Hy dit los en sy lig oor die eindes van die aarde.  
 37:4 Daarna brul sy stem, Hy donder met sy stem vol majesteit en hou die bliksems nie terug as sy stem gehoor word nie.  
 37:5 God donder wonderbaar met sy stem; Hy doen groot dinge wat vir ons onbegryplik is.  
 37:6 Want Hy gebied die sneeu: Val op die aarde! Ook die stortreën, ja, sy geweldige stortreëns.  
 37:7 Hy verseël die hand van elke mens in die winter, sodat tot kennis kan kom al die mense wat Hy gemaak het.  
 37:8 Dan gaan die wilde diere in skuilhoeke en bly in hulle lêplekke.  
 37:9 Uit sy kamer kom die stormwind, en deur die wolkverstrooiers koue.  
 37:10 Deur die asem van God word ys gegee, en die wye waters lê vas in die engte.  
 37:11 Ja, met volheid van water belas Hy die wolke, en Hy strooi ver en wyd sy liggende wolk;

- 37:12 en dit skiet oral rond volgens sy bestel, sodat hulle alles doen wat Hy hulle beveel oor die wye wêreld rond:
- 37:13 óf tot 'n tugroede, óf tot nut van sy aarde, óf tot weldadigheid laat Hy dit sy doel vind.

Elíhu hoor die onweer nader kom en is diep onder die indruk daarvan. Sy hart beef en klop onrustig. Job, so sê hy, moet ook daarop ag gee en luister! Dit is alreeds die storm waaruit die HERE Job sal antwoord. Dit is die gedruis, die dreuning van die stem van God. Sy rollende donder weerklink (Ps. 77). En hoe ver reik dit nie! Onder die ganse hemel! Hoe ver straal die weerlig nie! Oor die ganse aarde. *Sy bliksems verlig die wêreld (Ps. 77; 97). Op die bliksemstraal volg die donderslag.* Sy stem brul; majestueus klink die donder. Onophoudelik volg die een slag op die ander.

Uit eerbied en in digterlike vervoering noem Elíhu die donderslae die stem van God, die stem wat, hooggedug, rol en klater deur die lug (Ps. 29).

Ook ander groot dinge doen God met sy stem. Elíhu noem stortreëns, sneeu en ys. Die winterreëns (in Palestina) gaan gepaard met onweer en koue. In 6:16 het ons reeds daarvan geles. In dié tyd lê die veldarbeid stil, "sodat die mense tot kennis kan kom", nl. tot besef van hulle afhanklikheid. Hulle kan nie altyddeur maak soos hulle wil nie! Die diere bly ook in hulle skuilplekke. Stormwinde -uit die Suide, vgl. 9:9; Sag. 9:14 - die asem van God, bring koue aan, en die wye waters word 'n massiewe ysklomp. Al hierdie natuurkragte staan onder bevel van God; Hy is die Bewerker en Beheerder daarvan. Soos Elíhu in 36:31 reeds gesê het, sê hy nou weer: God beoog 'n tweeledige doel: dit is óf straf óf weldadigheid! Die reëns laat die plante groei, maar storm en onweer rig ook skade aan!

- 37:14 Luister hierna, o Job! Staans stil en gee ag op die wonders van God.
- 37:15 Begryp u hoe God hulle bevel gee en die lig van sy wolk laat flikker?
- 37:16 Begryp u iets van die gesweef van die wolke, van die wonders van die Volmaakte in kennis?
- 37:17 U, wie se klere warm word as die aarde stil is vanweë die suidewind —
- 37:18 kan u saam met Hom die hemel uitbrei wat vas is soos 'n gegote spieël?
- 37:19 Onderrig ons wat ons aan Hom moet sê: ons kan niks voorbring vanweë die duisternis nie.
- 37:20 Moet dit Hom vertel word dat ek wil spreek? Of het iemand ooit gesê dat hy vernietig wil word?
- 37:21 En nou, 'n mens kan die lig nie aansien wat helder is in die hemel as die wind verbygegaan en dit skoongemaak het nie.
- 37:22 Uit die Noorde kom goud te voorskyn, maar oor God is daar ontsagwekkende majesteit.
- 37:23 Die Almagtige — ons vind Hom nie; Hy is groot van krag, maar die reg en die volheid van geregtigheid krenk Hy nie.
- 37:24 Daarom vrees die mense Hom; almal wat eiewys is, sien Hy nie aan nie.

Hierdie verse is die slotgedeelte van die woorde van Elíhu. Job moet goed na hom luister! Die strekking van sy slotwoord is om Job te ontmoedig in sy begeerte om 'n antwoord van God op sy aanklagte teen Hom te kry. Eers brei Elíhu nog verder uit oor die mag van God, die Volmaakte, sowel in die onweer as in die styfgespanne blou lug (vs. 18). Teenoor die verhewenheid van God in die natuurverskynsels stel Elíhu die klein mens "wie se klere warm word as die aarde stil is vanweë die suidewind" - die mens wat deur sy klere gepla word as die weer baie warm word.

Job wil met Hom praat, maar wat sal ons aan Hom sê? Hy is ongenaakbaar, omhul in duisternis, wolke en donkerheid (Deut. 4:11; 5:23; II Sam. 22:12). Wie durf hom aanmeld om met Hom te praat? Dit is om jou eie ondergang te soek (vs. 20)! Die sonlig is soms deur wolke verduister, maar kom dan weer te voorskyn; en goud kan, hoe moeisaam ook, gevind word (hfst. 28!) "maar oor God is daar ontsagwekkende majesteit."

"Die Almagtige - ons vind Hom nie!" Korter en duideliker kan dit nie gesê word nie.

Hy is groot van krag, maar dit lei by Hom nie tot regsverkragting nie. Dit moet Job nie dink nie. Hy gebruik sy krag om die reg te handhaaf.

Daarom vrees die mense Hom. Dit is die gepaste houding teenoor Hom; en dit moet Job ook maar doen! "Almal wat eiewys is" - soos Job, bedoel Elíhu - "sien Hy nie aan nie."

Hoe sal Job probeer om met só 'n God 'n regspraak te begin?

### ***Die HERE antwoord Job (I) (hfst 38 en 39)***

Daarna het die HERE Job uit 'n storm geantwoord en gesê:

- 38:2 Wie maak die raadsbesluit daar tot duisternis met woorde sonder kennis?  
38:3 Gord dan soos 'n man jou heupe — dan sal Ek jou ondervra, en onderrig jy My.  
38:4 Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? Gee te kenne as jy insig het.  
38:5 Wie het sy afmetinge bepaal? — jy weet dit mos! Of wie het daarvoor die meetsnoer gespan?  
38:6 Waar is sy fondamentklippe op ingesink? Of wie het sy hoeksteen gelê?  
38:7 Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het?  
38:8 En wie het die see met deure afgesluit toe dit uitgebreek, uit die moederskoot voortgekom het?  
38:9 Toe Ek die wolk tot sy kleding gemaak het en die donkerheid tot sy windsel.  
38:10 Toe Ek my grens daarvoor uitgebreek en grendel en deure gemaak het;  
38:11 en gesê het: Tot hiertoe mag jy kom en nie verder nie; en hier word 'n grens gestel vir jou trotse golwe.

Daarna, ná alles wat deur Job en sy vriende gesê is, antwoord die HERE. Nou is dit sy tyd! Hoe het Job daarna uitgesien, daarvoor gevra. En nou kom dit. Dit is die groot ommekeer in die boek van Job en in Job se lyding. Maar die ommekeer is gans anders as wat ons met ons menslike gedagtes gedink het. Ons het gedink dat God nou alles vir Job sou verduidelik. Hy sou vir Job sê: Kyk, Job, dit was nou wel baie swaar vir jou, maar dit moes so gebeur omdat die Satan jou beskuldig het van onopregtheid en gesê het dat jy my sou vloek as Ek jou van jou voorspoed sou beroof. Ek het toe gesê dat hy dit dan maar moes probeer, want Ek was van jou opregtheid oortuig. Job, jy het jou goed gedra en My nie gevloek nie! En dit terwyl jy niks geweet het van wat aangaan nie. Jy kon die dinge wat oor jou gekom het, nie begryp nie en daardeur het jy wel harde dinge gesê. Maar Ek kon dit nie vir jou sê nie. Maar jy het die toets deurstaan! As God só met Job sou gepraat het, sou hy alles begryp het en sou hy bly gewees het dat hy, onwetend, hom so goed gedra het.

Sou dit nie billik wees as God so met Job sou praat nie?

Maar niks van dit alles nie! God maak geen verskonings en gee geen verklarings nie. Hy vertoon aan Job nie "sy vriend'lik aangesig" nie, maar antwoord uit die storm. In sy stryd het

Job wel gevra dat God sy hand weg van hom moes aftrek (13:20) en sy roede wegneem, sodat verskrikking vir Hom nie sou beangstig nie. Maar God neem niks weg nie en kom tot hom in die storm, met 'n stortvloed van verwytende vrae. Job kry geen kans om iets te sê nie; die HERE oorstelp hom met verstommende feite. Hy wys hom op sy nietigheid deur te vra: wie is jy wat my raadsbesluit tot duisternis maak met woorde sonder kennis? Dit is dus wat Job gedoen het! Die raadsbesluit is God se beplanning van alle dinge. Dit is nie duister nie, maar helder en wys. Dit word egter duister as daar dom oor gepraat word.

As Job dan dink dat hy as kritikus van God se wêreldbestuur kan optree - goed, laat hy dan soos 'n man sy heupe gord! Die heupe gord - dit doen 'n man wat 'n werk gaan aanpak. Hier is dit beeldspraak vir jou uiterste bes doen, nl. in die gesprek met God. Petrus gebruik dieselfde beeldspraak as hy sê: "omgord die lendene van julie verstand" (I, 1:13). God sal nou vrae stel, waarop Job moet antwoord. Hy, wat van alles soveel beter weet, sal God dan onderrig. Dit is 'n uittartende houding van God jeens Job. God kom in sy hoogheid en Job sal daarvoor moet swig.

God begin met vrae oor sy skeppingswerke en sy eerste vraag is: "Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het?" Wysheid gaan mos saam met ouderdom! Élifas het ook reeds so 'n sarkastiese vraag gestel: "Is jy die eerste as mens gebore?" As Job wou antwoord op God se "skeppingsvrae", dan moes hy by die skepping aanwesig gewees het. Maar Job was toe nog nêrens! Daarmee is die saak feitlik al beslis. Maar God gaan onversteurbaar voort met sy vrae.

Hier word gesê dat God die aarde *gegrond* het. In Genesis 1:1 staan net dat God die hemel en die aarde geskape het; met geen enkele woord *hoe* nie. Ons moenie dink dat ons nou daarvoor nadere inligting verkry nie. Al wat ons te hore kry, is 'n uitvloeisel van antieke voorstellings. In ons teks is die voorstelling dat die aarde gebou is soos 'n huis wat "gegrond" word. Ook die ander uitdrukkings soos "afmetings bepaal" en "die meetsnoer span" is aan huisbou ontleen. So ook die vraag: "Wie het sy hoeksteen gelê?" Op die vrae wie hierdie dinge gedoen het, moet nie geantwoord word "God" nie. Dit sou die gedagte wek dat God besig was met opmetings op grootse manier. Ook op die vrae van Jes. 40:12 (wie het die waters met die holte van sy hand afgemete e.a.) moet nie geantwoord word "God" nie, maar *niemand*! Dit blyk duidelik uit die volgende vrae in vs. 13 en 14. Die aarde is nie 'n werk wat met meet en pas vervaardig is nie. Daarom kan Job die vrae ook nie beantwoord nie. Dit het anders gebeur!

In vs. 6 word nie gevra wie dit gedoen het nie, maar na die wyse van die werk: waarop is sy fondamentklippe ingesink? Die oorspronklike woord wat hier deur fondamentklippe vertaal is, is die gewone woord vir die voetstukke van die style van die tabernakel (Ex. 26:19 e.v.) Daarop moes die style rus. In die vraag van ons teks moet die voetstukke egter ook weer 'n ruspunt hê waarop "ingesink" of "neergelaat" word. So word die probleem nog meer ingewikkeld. Origenes word daar op ander plekke in die Heilige Skrif in verband met die aarde nie van voetstukke gepraat nie, wel van pilare (9:6). (Vgl. ook Ps. 75:4). In 26:7 het ons weer 'n ander voorstelling van sake gekry!

In digterlike uitbreiding van die beeld word nog bygevoeg: "Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het?" Hier neem die digterlike verbeelding 'n hoë vlug! As 'n gebou "gegrond" is, is daar fees! Byvoorbeeld by die tempel na die ballingskap is daar op trompette geblaas en het simbale geklink (Esra 3 :10). Toe die aarde gegrond is, het die môresterre gejubel en al die seuns van God gejuig! Dis engele van God wat met hierdie name aangedui word. Hulle was dus by die skepping van die aarde teenwoordig.

Die vrae gaan nou verder oor die see.

Die ontstaan van die see word voorgestel asof dit 'n geboorte is. Die geweldige "baba" moet ook versorg word! Hierby hoort om "in doeke toegedraai te word" (Eseg. 16:4; Luk. 2:7). Die see se kleding, se windseel is wolk en donkerheid. Dit is verskriklike klere waardeur die see 'n onheilspellende uiterlike verkry (Eseg. 34:12; Joël 2:2; Sef. 1:15). Maar God beheers die see met sy trotse golwe en stel aan hom paal en perk. Job weet wel van die vyandigheid van die see (7:12). Nou word hy daarop gewys dat die HERE die Skepper daarvan is en dat "die water Hom gehoorsaam is" (Luk. 8:25).

- 38:12 Het jy, solank as jy lewe, die môre ontbied, die dageraad sy plek aangewys,  
38:13 om die some van die aarde aan te gryp, sodat die goddelose daarvan afgeskud word?  
38:14 Dit neem nuwe vorme aan soos die klei onder 'n seël; en die dinge kry gestalte soos 'n kleed.  
38:15 En aan die goddelose word hulle lig ontnem, en die hoë arm word verbreek.  
38:16 Het jy gekom tot by die bronne van die see? En het jy rondgewandel in die binneste diepte van die wêreldvloed?  
38:17 Is die poorte van die dood vir jou ontbloot? En het jy die poorte van die doodskaduwee gesien?  
38:18 Omvat jou begrip die breedtes van die aarde? Gee te kenne as jy dit alles weet.  
38:19 Waar is tog die weg na die woning van die lig? En die duisternis — waar is tog sy plek,  
38:20 sodat jy dit kan bring, elkeen na sy gebied en kan verstaan die paaie na hulle huis?  
38:21 Jy weet dit seker wel, want jy is toe gebore! En die getal van jou dae is groot!  
38:22 Het jy gekom by die skatkamers van die sneeu? En het jy die skatkamers van die hael gesien,  
38:23 wat Ek opgespaar het vir die tyd van benoudheid, vir die dag van stryd en oorlog?  
38:24 Waar is tog die weg na die plek waar die lig gedeel word, die oostewind hom uitsprei oor die aarde?  
38:25 Wie het 'n kanaal gesplyt vir die stortvloed en 'n pad vir die onweerstraal;  
38:26 om te laat reën op 'n land waar geen mens is nie, op 'n woestyn waar niemand woon nie;  
38:27 om woestheid en verwoesting te versadig en op die groeiplek jong gras te laat uitspruit?  
38:28 Het die reën 'n vader? Of wie verwek die doudruppels?  
38:29 Uit wie se moederskoot kom die ys te voorskyn? En die ryp van die hemel — wie baar dit?  
38:30 Die waters word hard soos 'n klip, en die oppervlakte van die watervloed sluit aanmekaar.

Die HERE vra nou verder of Job ook kan doen wat Hy doen: die daeraad laat aanbreek. Het Job dit al ooit een keer gedoen, so vra Hy. Die digter gee nou 'n grootse beskrywing van hierdie daaglikse wonder. Hy vergelyk die aarde met 'n tafeldoek Wat uitgeskud word; die krummels val dan af. So verdwyn die boosdoeners as dit lig word! Die aarde wat in donkerheid gehul was, neem in die lig weer nuwe vorme aan.

Met sy vrae lei die HERE Job na die verste uithoeke van sy skepping: die bodem van die see, die diepte van die wêreldvloed, die doderyk en sy swart duisternis, huiweringwekkende plekke - was Job al daar? Ken hy dit? Ook die breedtes van die aarde?

'n Besonder magtige verskynsel in die skepping is die afwisseling van lig en duisternis. Elkeen van hulle is afsonderlike grootshede en elk - die digter laat God self dit sê - met 'n eie



plek! Weet Job hoe om daar te kom? Ken hy die paaie na hulle huise, na hulle woning en plek? Dan kan hy die afwisseling ook beheer?! Sarkasties voeg God daarby: "Jy weet dit seker wel, want jy is toe gebore! " So oud - en wys - is jy mos! Hoe klein moes Job gevoel het by hierdie woorde van God! Hoe klein teenoor die wonderlike grootheid van God.

Maar daar is nog meer! Sneeu en hael! Dat hulle in skatkamers bewaar en opgespaar word, is 'n digterlike voorstelling: God het groot voorrade daarvan! In die stryd van Israel teen die Amoriete het die HERE hael as wapen gebruik, want Hy het vir Israel gestry (Jos. 10:11).

"Die plek waar die lig gedeel word" is die plek van sonop, van waar ook die sirokko (die oostewind) kom.

Stortvloede en onweerstrale is geen ongewone verskynsels nie maar waarvandaan kom hulle? Deur te praat van "kanaal" en "pad" wil die HERE sê dat dié dinge nie sommer vanself gebeur nie. Daar is 'n bewerker wat dit laat voortkom. Kan Job dit ook doen?

Treffend is die skildering van die reën wat op woestyne neerdaal en jong gras laat uitspruit.

Reën, dou, ryp en ys het almal hul oorsprong - weet Job waar dit is? Dat die waters hard word soos 'n klip en 'n aaneensluitende vloer vorm, is weer 'n kwashaal van die skilderende digter.

In die volgende verse (31,32) kom die sterre ter sprake:

38:31 Kan jy die bande van die Sewe-ster knoop? Of die toue van die Oríon losmaak?

38:32 Kan jy die Diereriem uitbring op sy tyd? En die Beer met sy kleintjies lei?

Die Sewester, Orion en die Beer is sterrebeelde wat Job ken en (9:9) genoem het as maaksel van God. In ons teks word ook nog die Diereriem genoem. By elk van hierdie sterrebeelde word 'n besonderheid vermeld: by die Sewester bande wat geknoop moet word; by Orion toue wat losgemaak moet word; by die Beer dat sy kleintjies het. Wat hierdie besonderhede beteken, is onbekend. Miskien het ons te doen met fantasieë of mitologiese verhale wat in die oudheid omtrent die sterre in omloop was. Dat die HERE self daarvan melding maak, is geen bewys van verifikasie van die verhale nie; Hy druk hom so uit in aansluiting by menslike voorstellings!

Die vertaling "diereriem" is onseker. In 9:9 word hy nie genoem nie. Sommige verklaardes dink aan die skyngestalten van die maan; die uitdrukking "op sy tyd uitbring" is hierby wel gepas.

In elk geval word hier op hemelverskynsels gewys wat ver bo Job se vermoë uitgaan.

38:33 Ken jy die wette van die hemel? Of kan jy sy heerskappy oor die aarde bestel?

38:34 Kan jy jou stem na die wolke verhef, sodat 'n oorvloed van water jou oordek?

38:35 Kan jy die bliksems uitstuur, sodat hulle heengaan en vir jou sê: Hier is ons!

38:36 Wie het wysheid neergelê in die wolke? Of wie het verstand gegee aan die wolkgevaarte?

38:37 Wie kan die wolke met wysheid tel? En die watersakke van die hemel — wie giet hulle leeg

38:38 wanneer die stof saamvloei tot 'n stuk gietwerk en die kluite aanmekaar klewe?

In hierdie verse kom die HERE weer terug op die reën (kyk 25-27) en hierdie keer onder die gesigspunt van "die wette van die hemel". Deur hierdie wette het die hemel heerskappy oor die aarde. Die hemel is in hierdie verband die lug, die dampkring. Kan Job daardie

heerskappy deur bevel in aansyn roep, daarstel? Dis God wat die heerskappy ingestel het! Kan Job dit ook doen?

Die wolke verskyn en gee reën "met wysheid en verstand" op die droë aarde, maar dit is God wat die insig aan hulle gee.

Aanskoulik is die digterlike voorstelling van bliksems wat hulle op bevel van Job aanmeld en sê, "tot u diens! "

Die beskrywing van die verskillende weerverskynsels is bedoel om die grootheid van God daarin aan die lig te stel. Daarby is niks wat Job ook sou kon doen nie! Dit moet hom tot ootmoed stem.

Die HERE spreek verder en sê:

- 39:1 Kan jy prooi jag vir die leeuin? Of die honger van die jong leeus stil maak  
39:2 as hulle neerbuig in die lêplekke, klaar sit in die skuilplek om te loer?  
39:3 Wie berei vir die kraai sy spys as sy kleintjies roep tot God, rondswaai by gebrek aan voedsel?  
39:4 Weet jy die tyd as die steenbokke lam? Neem jy dit waar as die takbokkies voortbring?  
39:5 Tel jy die maande wat hulle dragtig is? En weet jy die tyd dat hulle lam?  
39:6 Hulle buig hul krom, bring hulle kleintjies voort — weg is hulle weë!  
39:7 Hulle kleintjies word sterk, word groot in die veld, loop weg en kom na hulle nie terug nie.

Job word deur God rondgelei in die diere-wêreld, veral na die diere wat nie deur mense versorg word nie. Die digter noem verskillende diere met hulle kenmerkende eienskappe en gewoontes op. Hulle leef en soek voedsel en bring kleintjies voort. Geen mensehand hoef hulle daarby te help nie, en kan hulle ook nie help nie. Hulle weet hoe om in hulle bestaan te volhard. Die vaardigheid om dit te kan doen, het die Skepper in hulle gelê. Dat 'n leeuin haar prooi jag, dat jong rawe kos kry, dat jong bokkies rondspring is glad nie die werk van mensehande nie. Dit is die werk van God. Die dierelewe verkondig ook God se grootheid! As Job dit nooit eerder opgemerk het nie, dan word hy nou daarmee gekonfronteer!

- 39:8 Wie het die wilde-esel so vry laat loop? En wie het die bande van die woestyn-esel losgemaak?  
39:9 Vir hom het Ek die wildernis sy huis gemaak en die brak land sy woonplek.  
39:10 Hy lag oor die gewoel van die stad; die geskreeu van die drywer hoor hy nie.  
39:11 Die omgewing van die berge is sy weiveld; en al wat groen is, soek hy uit.  
39:12 Sal die buffel gewillig wees om jou te dien? Of sal hy vernag by jou krip?  
39:13 Kan jy die buffel aan die ploegvoor bind met sy trektou? Of sal hy die laagtes agter jou eg?  
39:14 Sal jy op hom vertrou, omdat sy krag groot is? En aan hom jou arbeid oorlaat?  
39:15 Kan jy op hom reken, dat hy jou gesaaide sal inbring en bymekaarmaak op jou dorsvloer?

Die buffel is groot en sterk maar vir die mens onbruikbaar. In 'n stal voel hy hom nie tuis nie. Dis nie sy geaardheid nie. Vir veldarbeid is hy ongeskik. Tog wil God hom in sy skepping hê as 'n toonbeeld van krag.

- 39:16 Die vlerk van die volstruis klap vrolik. Is dit 'n sagaardige vleuel en veer?  
 39:17 Want sy laat haar eiers op die grond lê en hou hulle warm op die grond;  
 39:18 en vergeet dat 'n voet dit kan stukkend druk en die wilde diere van die veld dit kan vertrap.  
 39:19 Hard behandel sy haar kleintjies asof dit nie hare is nie; is haar moeite tevergeefs — sy is nie bekommerd nie.  
 39:20 Want God het haar die wysheid ontsê en haar geen deel gegee aan die verstand nie.  
 39:21 Wanneer sy haarself in die hoogte klap, lag sy oor die perd en sy ruiter.

By die verse oor die volstruis is daar twee merkwaardighede: Daar word geen vraag aan Job gestel nie en dis nie God wat in hierdie verse spreek nie; daar word oor God gepraat (vs. 20).

Die volstruis word beskryf as vrolik klappend met die vleuels, maar ook as agtelosig en dom, ja hardvogtig; wreed sê Klaagl. 4:3. Sy sorg nie vir haar eiers en haar kuikens nie; tog sterf hierdie voëls nie uit nie! Haar krag lê in haar snelheid: met klappende vleuels draf sy die woestyn in en geen perderuiter kan haar inhaal nie.

Sy is wel 'n dier met vreemde eienskappe, maar tog 'n skepsel van God. Sy werke is anders as wat ons nuttig ag, maar Hy maak soos Hy wil. Ook dit moet Job bedink!

- 39:22 Gee jy aan die perd sterkte? Beklee jy sy nek met maanhare?  
 39:23 Laat jy hom spring soos die sprinkaan? Sy trotse gesnuif is 'n verskrikking.  
 39:24 Hy grawe in die laagte en is vrolik in sy krag; hy trek uit, die stryd tegemoet.  
 39:25 Hy lag oor die vrees en word nie verskrik nie en draai nie om vir die swaard nie.  
 39:26 Op hom rammel die pylkoker, die flikkerende spies en lans.  
 39:27 Onstuimig en wild verslind hy die grond en staan nie stil as die basuin klink nie.  
 39:28 By elke basuinstoot sê hy: Heag! En van ver ruik hy die oorlog, die donderoep van die leërowerstes en die oorlogsgeskreeu.

In die verse oor die perd stel God weer vrae aan Job. Die ander diere is beskryf in hulle wilde staat, die perd egter in diens van die mens, nl. as oorlogsperd. Daarvoor is die perd besonder geskik. Hy is sterk en vinnig, vurig en moedig. Terwyl die wapens van sy ruiter op hom kletter, storm hy die vyand met gerunnik tegemoet. Hy ken die krygsrumoer.

Die maanhare is sy sieraad - het Job dit aan sy nek gesit? Of laat hy hom spring soos die sprinkaan? In Joël 2:4 word omgekeerd die sprinkaan met 'n perd vergelyk! Hoewel ongelyk in grootte het hulle tog sekere ooreenkomstighede, veral in die vorm van die kop. In Openb. 9:7 kry ons dieselfde vergelyking; die voorkoms van die sprinkane was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is. Dit is 'n angswekkende verskynsel. Job moet daarin die grootheid van God sien.

(Hierdie verse bevat die oudste gedig oor die perd.)

- 39:29 Sweef die valk opwaarts deur jou verstand en sprei sy vlerke uit na die suide toe?  
 39:30 Of vlieg die adelaar hoog op jou bevel en bou hy hoog sy nes?  
 39:31 Op die rots woon hy en vernag hy, op die rotspunt en bergvesting.  
 39:32 Daarvandaan loer hy op voedsel, sy oë kyk in die verte.  
 39:33 Ook slurp sy kleintjies bloed, en waar gesneuweldes lê, daar is hy.

Ten slotte kom nog twee roofvoëls ter sprake, wat hoog vlieg en op die rotse hul nes bou. Daar is ook 'n aasvoël by. Hulle is skerp van gesig en bespeur hulle buit in die verte. Van kleins af is hulle bloeddorstig.

Ook hier vra die HERE of Job kan bewerk dat hulle al die dinge doen op sy bevel.

### ***Die eerste antwoord van Job (39:34-38)***

En die HERE het Job geantwoord en gesê:

39:34 En die HERE het Job geantwoord en gesê:

39:35 Wil die berisper met die Almagtige twis? Laat hy wat God teregwys, hierop antwoord!

39:36 Toe het Job die HERE geantwoord en gesê:

39:37 Kyk, ek is te gering. Wat kan ek U antwoord? Ek lê my hand op my mond.

39:38 Een maal het ek gespreek, maar sal nie meer antwoord nie; ja, twee maal, maar ek sal nie voortgaan nie.

Die HERE wend hom nou regstreeks tot Job en noem hom 'n berisper. Na al die vrae oor die heelal in sy hoogte en diepte en oor die diere met hul eenaardighede, is Job diep onder die indruk van die grootheid en wysheid van God. Hy sê presies hoe hy voel: hy is te gering. Dit is nou die God met wie hy wou veg! Maar dis onmoontlik! In sy opstandigheid het hy gesê: wie sal begin? God? Dan sal hy antwoord. Of Job? Dan sal God antwoord (13:22).

Nou ja - God begin! En so dat Job niks het om te antwoord nie. Dit erken hy. Hy het veels te veel gesê maar sal dit nie weer doen nie. Hy lê die hand op die mond: hy sal swyg.

Job was al bang dat dit so sou gaan. In 9:3 het hy dit gesê. In sy woorde het toe iets van verwyt geklink. Nou laat God hom voel dat dit so gaan. Dan maak dit Job klein. Hy kry nie eens kans om met God te veg nie. God oorstelp hom met sy grootheid.

Job swyg. Maar God wil meer hê en gaan voort om Job te oordonder.

### ***Die HERE antwoord Job (II) (hf st. 40,41)***

40:1 En die HERE het Job uit 'n storm geantwoord en gesê:

40:2 Gord tog jou heupe soos 'n man; Ek sal jou ondervra en onderrig jy My.

40:3 Wil jy werklik my reg verbreek, My veroordeel, dat jy gelyk kan hê?

40:4 Het jy dan 'n arm soos God? En kan jy donder met die stem soos Hy?

40:5 Versier jou tog met heerlikheid en hoogheid, en bekleed jou met majesteit en glorie!

40:6 Giet jou toorn in strome uit; en kyk na alles wat hoog is, en verneder dit.

40:7 Kyk na alles wat hoog is, onderwerp dit; en werp die goddelose neer daar waar hulle staan.

40:8 Begrawe hulle almal saam in die stof; sluit hulle aangesigte in 'n verborge plek weg.

40:9 Dan sal ook Ek jou loof, omdat jou regterhand jou die oorwinning gee.

Die HERE het nog nie klaar gepraat nie en sit sy vrae aan Job voort met dieselfde uitdagende woorde waarmee Hy (38:3) begin het: *"Goed tog jou heupe soos 'n man; Ek sal jou ondervra en onderrig jy My."* Die vraag wat Hy nou stel is egter heeltemal van 'n ander aard. Dit gaan

hierdie keer nie oor die grootheid van God in sy skepping nie, maar oor Job se verwyte dat God hom onregverdig behandel het. Wat die grootheid van God in die skepping betref, het Job die raadsbesluit van God tot duisternis gemaak met woorde sonder kennis (38:2). Maar nou is dit nog erger. God vra: "Wil jy werklik my reg verbreek, . . . dat jy gelyk kan hê?" Nou gaan dit om verbreking van die reg van God. In absolute sin is dit nie moontlik nie, maar 'n mens kan daarop so baie aanmerkings maak, dat jy gaan dink dat God geen reg doen nie. Nog skerper stel God sy vraag: "Wil jy . . . My veroordeel, dat jy gelyk kan hê?" Dit beteken: Wie is reg, jy of Ek?

Het Job God dan veroordeel? Sekerlik, in baie uitsprake! Job het gesê: "Weet dan dat Góð my onregverdig behandel" (19:6). Job self, so sê hy, is onskuldig, maar desondanks sal hy tog skuldig wees (9:29): al was hy regverdig - God sou hom jaag soos 'n leeu (10:16). Hy sê van homself: "Vroom is ek" (9:21), maar God vernietig almal, die vrome en die goddelose (9:22), ja, God spot met die vertwyfeling van die onskuldiges (vs. 23). God doen onreg, want die goddelose bly lewe (21:7), "Sy emmers is vol melk", ens., "die ander daarenteen sterf met bitterheid van siel" (21:24, 25). God hou geen gerigsdade (24:1) nie!

Dit is swaar beskuldigings!

Aan die man wat sulke swaar beskuldigings teen God inbring, vra God: "Het jy dan 'n arm soos God?" Die arm is simbool van krag. Die HERE vra dus eintlik: Is jy so sterk soos God? Verder vra Hy:

"Kan jy donder met jou stem soos Hy?" Kan jy ook met sulke oorweldigende magsvertoon optree? Hierdie vrae is ironies. God weet dat Job die krag nie het nie. Maar dit lyk asof hy hom dit tog verbeel!

Ons sou sê: Maar daaroor gaan dit nie hier nie. Dit gaan nie oor mag nie maar oor reg. God se mag word nie betwyfel nie. Job het die mag van God meer as een keer erken. Die vraag is of God met sy mag ook reg doen! Dit is egter 'n eg menslike bedenking; by mense is besit van mag geen waarborg van reg nie. Dat dit by God anders is, het Elíhu ons reeds geleer. Hy noem God "die Regverdige, die Geweldige", wat die vorste nie voortrek nie en op die vername nie meer ag gee as op die arme nie; want hulle almal is die werk van sy hande (34:10-19). Maar Hy gebruik sy mag om die reg te handhaaf!

Nou doen God die ironiese voorstel aan Job dat hy maar as regter moet optree. Dan moet hy ook die voorkoms hê van 'n regter, d.w.s. van 'n koning, want die koning is die regter. Dos jou uit, sê God, met glans en glorie, beklee jou met prag en praal. Ons kies hierdie bewoording om die alliterasie wat in die oorspronklike teks aangetref word, na te boots. So moet Job as regter "in formele drag" plaas neem, en God sê, "Giet jou toorn in strome uit". Job is mos toornig! Nou kan hy as regter op die troon in sy ampsgewaad sy gramskap en vervolgenheid laat botvier!

Job moet dan "kyk na alles wat hoog is; verneder dit!" God sê dit nog 'n keer: "Kyk na alles wat hoog is, onderwerp dit!"

So tipeer God die sonde: alles wat hoog is! Dit is die wese van die sonde: hoogmoed. Hy vra van die mense "om ootmoedig te wandel met jou God" (Miga 6:8) en "die hoogmoedige ken Hy uit die verte" (Ps. 138:6).

As regter moet Job die hoogmoediges verneder en onderwerp. Daarvoor is krag nodig. Hy moet hulle totaal verneder en grondig onderwerp, want sy volgende taak is om hulle almal saam in die stof te begrawe en hulle aangesigte in 'n verborge plek weg te sluit. Dit is dan hulle totale vernietiging en die trotse aangesigte het dan vir goed verdwyn.

As Job dit alles kan doen, sal God hom loof! Dan het sy regterhand aan hom die oorwinning

gegee, d.w.s. dan het hy dit gedoen in eie krag.

Dan sal God hom loof! Maar is dit nie die omgekeerde wêreld nie? Natuurlik is dit so. Maar dat Job in God se plek as regter sou optree, is ook die omgekeerde wêreld! Met sy kritiek het hy dit tog probeer doen. Hoe onredelik dit was, het Bildad hom al verwyt met sy vraag: "sal om jou ontwil . . . 'n rots uit sy plek versit word?" (18:4). Maar nou sê God: doen dit dan maar! Maak asof jy God is! Dat die mens soos God wou wees is ook die omgekeerde wêreld! (Gen. 3:5). Maar die mens sien dit nie in nie. Nou sê God vir Job: doen dit dan maar - Ek sal jou loof. Maar dit is die ongerymdheid self!

Job sal dit trouens ook nie kan doen nie. Om aanmerkings te maak op God se werk is een ding, maar om dit self beter te doen is iets anders.

Wat is die antwoord van Job op God se uittarting?

Dié antwoord kry ons nie terstond nie! Eers volg nog 'n voortsetting van die dierebeskrywing (40:10-41:25).

Op die tweede antwoord van die HERE (40:1-9) volg sonder enige oorgang of nadere aanduiding: "Kyk, daar is die seekoei. . ." (40:10). dan volg daar 'n breedvoerige beskrywing van die seekoei (vs. 10-19). En daarna volg 'n nog breedvoeriger beskrywing van die krokodil (40:20-41:25). Sulke dierebeskrywings het ons ook gekry in hoofstuk 39, waarin veral dié van die volstruis en die perd opmerklik was. Die dierebeskrywings dien om Job ontsag in te boesem vir die grootheid van die Skepper. Hierdie doel is daarmee ook bereik, soos blyk uit Job se antwoord in 39:34-38. Verder het die HERE in sy tweede antwoord (40:1-9) 'n geheel ander onderwerp ter sprake gebring, nl. sy regspraak! Ons verwag dus geen dierebeskrywings meer nie. Is hulle uit hulle oorspronklike plek verskuif? Of is hulle latere invoegings?

Sommige geleerdes het aanmerkings gemaak op die letterkundige kwaliteit van hierdie stukke. Dit is egter 'n subjektiewe oordeel. Ander het opgemerk dat dit Egiptiese diere is wat beskryf word, Nyl-diere! Tog is hulle belangrike stukke, in alle opsigte lesenswaardig.

Ons sal dit egter nie bespreek nie. Dit doen geen skade aan die begrip en insig in die boek van Job nie. 'n Mens kan die stukke in die Bybel lees en dan aan die einde daarvan die antwoord van Job kry (42:1), wat direk aansluit by die uittartende vrae van die HERE in 40:1-9.

## ***Die tweede antwoord van Job (42:1-6)***

Toe het Job die HERE geantwoord en gesê: 2 Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie.

42:3 Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie.

42:4 Hoor tog, en ék sal spreek; ek sal U ondervra en onderrig U my!

42:5 Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien.

42:6 Daarom herroep ek en het berou in stof en as.

In sy eerste antwoord het Job belydenis gedoen van sy eie geringheid: "ek is te gering" (39:37). In die tweede erken hy God se grootheid en mag: "Ek weet dat U alles kan doen." Die woord "weet" in sy oorspronklike vorm bevat die gedagte van "ek het agtergekom en weet dus nou".

In die antwoord van Job kom uitdrukkings voor wat die HERE ook gebruik het, nl. die woorde oor die raadsbesluit (38 vs. 2), nie letterlik dieselfde nie, maar wel wat die betekenis betref;



en die woorde: "Ek (sal) jou ondervra, onderrig jy My." In sy verslaenheid hoor Job die woorde van God nog in sy ore dreun.

Job erken dat hy gespreek het sonder om te verstaan, dinge wat te wonderlik vir hom was, wat hy nie kon begryp nie. Hy het gepraat sonder insig. Deur die vrae van die HERE het hy tot insig gekom veral met betrekking tot sy kennis van God. Vroeër was dit "van hoorsê". "Maar nou het my oog U gesien." Daartussen is 'n verskil soos tussen hoor en sien. Dit is 'n verskil in voortgang, opklimming. Dit is *mos ook* die gedagte by die sakramente: sigbare waartekens en seëls om ons die Woord beter te laat verstaan.

Wat bedoel Job met "God sien"? Nie 'n liggaamlike sien nie, al sê hy ook daarby "my oog"; dit is slegs by wyse van uitdrukking. Niemand het God ooit gesien nie! Dit sou ook dodelik wees; "geen mens kan My sien en bly lewe nie" (Ex. 33:20). Hy bedoel slegs die verdieping van sy insig. Hy het God gesien in die heerlikheid van sy werke en in sy grootheid teenoor sy eie geringheid. Aanvanklik het dit Job beweeg om maar te swyg (die hand op die mond, 39:37). Maar die HERE wou meer hê. Dit kry Hy nou: Job sê, "Daarom herroep ek." Hy sê nie wát hy herroep nie. Hy soek nie iets wat hy sou hoef te herroep nie. Dit sou selfhandhawing wees. En daarvan is by hom geen sprake meer nie. Hy herroep alles. Meer nog - "ek het berou in stof en as", in die ootmoedigste houding wat hy maar kán aanneem. Hy het berou nie net oor wat hy gesê het nie, maar oor die feit dat hy gepraat het; dit was onvanpas teenoor God!

Van Job se "geveg met God" het dus niks tereggekom nie. Hy onderwerp hom weer aan die soewereiniteit van God; "weer", want hy het dit in die begin ook gedoen, toe hy gesê het: "Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!" Maar later het hy "teen God geantwoord" - om die uitdrukking van Paulus oor te neem (Rom. 9:20). Dit was nie alles verkeerd nie. Maar die HERE gaan net nie daarop in nie. Hy het Job se vrae nie beantwoord nie. Hy het Job se verwyte nie ontsenu nie. Hy het vir Job geen enkele verklaring van sy omstandighede gegee nie. Hy het net sy grootheid getoon. Dit het by Job 'n goeie uitwerking gehad. Daaruit blyk die waaragtigheid van die vroomheid van Job. Hy het geswyg. Hy het herroep. Hy het berou gehad. Dit is 'n erkenning van die soewereiniteit van God.

Dit is die boodskap van die boek Job: God is soewerein. Hy maak met sy skepsle soos Hy wil en is geen verantwoording skuldig nie.

Job het dit wel geweet en in sy lydenstryd daarvan gepraat. So het hy gesê: "Hy bly onveranderlik Een - wie sal Hom dan teëhou? En wat sy siel begeer, dit doen Hy" (23 :13). En: "By Hom is wysheid en mag; Hy het raad en verstand" (12:13). Maar toe het Job sy kop daarteen gestamp. Nou egter onderwerp hy hom!

### **Slot (42:7-17)**

- 42:7 En nadat die HERE Job toegesprek het met hierdie woorde, sê die HERE aan Élifas, die Temaniet: My toorn het ontvlam teen jou en jou twee vriende; want julle het nie reg van My gespreek soos my kneg Job nie.
- 42:8 Neem dan nou vir julle sewe bulle en sewe ramme, en gaan na my kneg Job en bring 'n brandoffer vir julle, en laat my kneg Job vir julle bid; want hom alleen sal Ek in guns aanneem, sodat Ek aan julle nie die dwaasheid laat vergelde nie; want julle het nie reg van My gespreek soos my kneg Job nie.

Na die antwoorde van die HERE uit die storm het Hy nie meer met Job gepraat nie. Nie aan Job self nie maar aan sy vriend Élifas sê Hy dat Job reg van Hom gespreek het en dat dit nie

die geval was met die vriende nie. Wat hulle gesê het noem die HERE dwaasheid. Élifas moet na Job gaan en hom vra om vir hulle te bid, "sodat Ek aan julle nie die dwaasheid laat vergelde nie", d.w.s. sodat God nie met hulle maak volgens hulle dwaasheid nie. Saam met die gebed van Job moet 'n brandoffer (ter versoening) deur die vriende gebring word. Die HERE sal alleen Job in guns aanneem.

Hierin lê vir Job sy regverdiging.

Hy het heftig daarna verlang maar persoonlik het hy dit nie uit die mond van die HERE gehoor nie. Nou kry hy dit tog sydelings.

Die opdrag aan Élifas en die motivering van die HERE daarby is belangrik vir die verstaan van die boek Job: vs. 7 en 8 is 'n sleutel om die boek te verstaan.

Maar is die motivering nie vreemd nie? Wanneer het Job reg van God gepraat? Bedoel die HERE sy allereerste reaksie na die rampe, toe hy gesê het: "die Naam van die HERE sy geloofd?" Of bedoel Hy Job se woorde van berou aan die einde van die beproewing? Maar die dwaasheid van die vriende lê ongetwyfeld in hulle gesprekke met Job. Dan moet dit ook in dié gesprekke wees wat Job reg van God spreek het! In die gesprekke het hy met die vriende gestry en hulle bewerings weerlê. In die lig van die beoordeling van hulle bewerings deur die HERE kan ons sê Job het hulle dwaasheid weerlê! Maar wat het Job nie alles kwytgeraak in daardie botsing van menings nie! God self sê dat Job die raadsbesluit tot duisternis maak met woorde sonder kennis! Dat hy 'n "berisper" is en die reg van God wil verbreek! En wat die vriende betref -het hulle geen waarhede verkondig nie? Het die HERE nie self verkondig dat dit met die regverdige goed sal gaan nie maar met die goddelose sleg (Jes. 3:10,11)?

Sekerlik het die vriende waarhede uitgespreek. En van die waarhede algemene reëls gemaak, "kernspreuke" (13:12). Hulle het oor die waarhede gepraat met menslike logika. Hulle was "wyse" manne wat meen dat hulle alles geweet het soos "die vorige geslag" en "hulle vaders" (8:3) en hulle self ook "gesien het" (4:8). En soos hulle nou vir hulself 'n voorstelling van God gemaak het, só wil hulle Hom ook verdedig (13:7), al moet hulle ook vir Job daardeur vertrap. Job het aangevoel dat dit nie reg was nie en dat hulle daarvoor strafwaardig was (13:10). En nou, op die end (42:7), is dit so! Juis omdat hulle alles so goed geweet het, was hulle opvattinge dwaasheid!

Job het nie alles geweet nie! Sy gemoed was vol vrae! Hy het gestaar in die onbegryplikheid van God en daarmee geworstel, met woorde sonder kennis! Natuurlik! Hoe kon hy anders! Maar hy het tog iets beetgehad, iets waarvan die vriende geen besef gehad het nie: die ONBEGRYPLIKHEID van God. En daarvoor het hy ten slotte gebuig. Die woorde sonder kennis het hy herroep. En met berou in stof en as het hy die grootheid van God onaangetas gelaat!

Hy het God nie afgemeet en ingepas volgens tradisionele beskouings nie. Dit was die dwaasheid van die vriende. Maar hy het God gesien in sy vrymagtige en soms skynbaar willekeurige optrede en daarmee geworstel met vraende, verwytende, weerbarstige woorde. Hy het sy God verloor en wou Hom terugvind. En die Almagtige het Hom laat vind!

Die HERE het nie meer met Job gepraat nie maar in dade sy guns aan hom betoon. Hy het sy lot verander en sy besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen. Die getal van sy kinders word egter nie verdubbel nie. Die kinders wat omgekom het, sal nie na Job terugkeer nie, maar hy sal na hulle gaan! (Kyk II Sam. 12:23.)

Job het nog honderd en veertig jaar lank gelewe en daarna gesterwe, oud en afgeleef. 'n Mens op aarde kan ook onder die gunstigste omstandighede en in die beste sielsgesteldheid nie altyd bly lewe nie.